# JAARVERSLAG
## 2018/2019



AGRI SA

We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

Agri SA | Privaatsak X180 | Centurion | 0046
Inkwazi Kantoorpark | Blok A | Embankmentweg 1249 | Zwartkop X7

**Telefoon** +27 (0)12 643 3400
**Faks** +27 (0)12 663 3178
**Webwerf** www.agrisa.co.za
**E-pos** agrisa@agrisa.co.za

Agri SA 2018/2019-JAARVERSLAG
Kopiereg 2019 © Agri SA

We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

# INHOUDSOPGAWE


VISIE EN MISSIE....4

VOORWOORD DEUR DIE PRESIDENT....6

OORSIG DEUR DIE UITVOERENDE DIREKTEUR....10

OORSIG VAN AGRI SA SE TRANSFORMASIE-INISIATIEWE....18

FOTO's....26

KONGRESVERSLAG 2018....28

SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID....42

- Arbeid en Ontwikkeling....42
- Ekonomie en Handel....46
- Grond....70
- Landelike Veiligheid....76
- Natuurlike Hulpbronne....86

AGRI SECURITAS TRUSTFONDS....92

PERSONEEL....100

ORGANOGRAM....101

IN MEMORIAM....102

ERETOEKENNINGS....103

SAMESTELLING VAN DIE KONGRES....104

STRUKTURE WAARIN AGRI SA VERTEENWOORDIGING GENIET....105

FINANSIËLE STATE....107

# VISIE

## Eenheid oor landbou

# MISSIE

Agri SA bevorder die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van landbou in Suid-Afrika deur sy betrokkenheid en insette op nasionale en internasionale beleid en die implementering daarvan.







# VOORWOORD
# DEUR DIE PRESIDENT





*Dan Kriek*

## Die tweede helfte van 2018 en die eerste ses maande van 2019 was beslis bedrywig en onstuimig.

Terugskouend was die afgelope 12 maande só dol dat dit nou effens vaag voel. Daar was ’n nasionale verkiesing, politieke onrus, ’n voortdurende krisis en onthulling van ingewikkelde korrupsieskemas en hofsake waarby ’n president en openbare figure betrokke was. Ons het ’n nuwe president, nuwe ministers en ook nuwe parlementslede. Vir die eerste keer in ’n lang ruk het ons ’n senior politikus as minister van landbou en grondhervorming.

Die debat rondom moontlike wysiging van die eiendomsklousule in ons Handves van Regte was vir baie maande in die kollig en woed steeds voort. 'n Nuwe Onteieningwetsonwerp wat voorsiening maak vir sekere grondkategorieë om onteien te word teen geen vergoeding is gepubliseer vir kommentaar. Die president het 'n paneel van kundiges aangestel om vorendag te kom met aanbevelings oor hoe daar in die toekoms met grondhervorming gehandel moet word. Ek was lid van daardie paneel.

Dit was 'n moeilike proses met eng spertye en diverse paneellede wat ideologies teenoorgestelde standpunte oor baie aangeleenthede handhaaf. Die verslag is uiteindelik aan die einde van Julie vrygestel. Ek en Nick Serfontein het verplig gevoel om 'n alternatiewe verslag ter tafel te lê. Hierdie twee verslae het aanleiding gegee tot 'n stortvloed artikels deur kundiges en lede van die publiek. Ek glo dit is 'n goeie ding; dit is demokrasie in werking wanneer mense vry is om te kritiseer, kommentaar te lewer en by te dra tot 'n verslag soos dié.

> ***Ek en Nick Serfontein het verplig gevoel om 'n alternatiewe verslag ter tafel te lê. Hierdie twee verslae het aanleiding gegee tot 'n stortvloed artikels deur kundiges en lede van die publiek.***

Benewens die gronddebat, wat in 'n sekere mate ons eie samesprekings en die openbare gesprek oorheers het, was Agri SA ook betrokke by vele ander beleids- en wetgewende prosesse. Ons is ook betrokke by 'n aantal hofgedinge met betrekking tot hidrouliese breking ('fracking'), waterregte en vergoeding waar grond onteien word vir grondhervormingsdoeleindes. Ons het 'n vennootskap met Fidelity ADT aangegaan om die veiligheid van ons lede te verbeter. Ons is ook in vennootskap met die Motsepe-stigting in 'n poging om die landboupotensiaal in etlike kommunale gebiede te ontsluit. Ons het 'n sosiale-eenheidsooreenkoms geformuleer wat aan die kongres voorgelê sal word om 'n mandaat daarvoor te verkry.

Hierdie is bloot sommige van die aktiwiteite waarby ons personeel en sentra van uitnemendheid in die afgelope jaar betrokke was. Die jaarverslag bied verdere inligting in hierdie verband.

Agri SA het die afgelope jaar 'n baie hoë profiel in die media gehandhaaf. Ons wend 'n geweldige poging aan om doeltreffend met ons lede asook die wêreld daarbuite te kommunikeer.

> ***Agri SA het die afgelope jaar 'n baie hoë profiel in die media gehandhaaf. Ons wend 'n geweldige poging aan om doeltreffend met ons lede asook die wêreld daarbuite te kommunikeer.***

As boer in die Vrystaat en 'n patriot, het ek 'n droom vir ons landbousektor en ons land. Ek droom van 'n misdaadvrye Suid-Afrika waar boere van alle rasse met hul daaglikse take kan voortgaan om voedsel en vesel te produseer sonder om te vrees vir hul veiligheid en dié van hul gesinne, personeel en diere. Ek droom van 'n sektor en land waar ons mekaar respekteer, waar daar geen haatspraak en aanhitsing en agterdog oor mekaar se motiewe is nie, waar ons almal besef dat ons mekaar nodig het en skouer-aan-skouer saamwerk vir die welvaart van die landelike gebiede en ons land.

Ek glo nie dat dit bloot 'n droom hoef te wees nie. Ek reis deur groot dele van ons boerderygebiede waar ek aansienlike welwillendheid in ons sektor ervaar. Ek is bewus van verskeie geslaagde projekte en het ook projekte soos dié wat verlede jaar tydens die Bela-

Bela-grondberaad voorgehou, self gesien – projekte waar boere en plaaswerkers en gemeenskappe saamwerk en groot sukses bereik het.

Ek het ook deur ons kommunale gebiede gereis waar ek onbenutte landboupotensiaal gesien het. Ek glo dat ons die vaardighede en kundigheid het om daardie potensiaal te ontsluit. Die nodige politieke wil en 'n landbou-ontwikkelingsfonds sal mildelik bydra tot die realisering van hierdie droom.

Ons as leiers en die boerderygemeenskap moet positief bly, selfs wanneer daar soveel negatiwiteit rondom ons is. Ons as georganiseerde landbou het 'n uitstekende netwerk en gesogte vaardighede. Ons het 'n regmatige plek in die Suid-Afrikaanse samelewing.

*"Ons as leiers en die boerderygemeenskap moet positief bly, selfs wanneer daar soveel negatiwiteit rondom ons is. Ons as georganiseerde landbou het 'n uitstekende netwerk en gesogte vaardighede. Ons het 'n regmatige plek in die Suid-Afrikaanse samelewing.*

Ons het 'n belangrike rol te speel om voortgesette voedselsekerheid te verseker en om die landboupotensiaal van ons landelike gebiede te ontsluit. Ons wil daardie rol speel maar om dit optimaal te kan doen, het ons sekere waarborge van ons regering asook die ondersteuning van die breër samelewing nodig.

**Dan Kriek**
*President*





# OORSIG DEUR DIE **UITVOERENDE DIREKTEUR**





*Omri van Zyl*

"Vergeet van al die redes waarom dit nie sal werk nie en glo die één rede waarom dit sal."

– Onbekend

## Algemene oorsig

Dit was 'n interessante jaar – om die waarheid te sê, 'n baie moeilike een. Die landboubedryf moes groot bedreigings bestuur, onder meer onteiening sonder vergoeding, erge droogtes, skending van waterregte, skaliegas-aansoeke, die nadelige uitwerking van listeriose en bek-en-klouseer. Ons het ons hande vol gehad.

As deel van ons interne prosesse het ons gekyk na die risiko's in die bedryf, veral met verwysing na plaasmoorde, onteiening sonder vergoeding (OSV) en klimaatsverandering. Agri SA het verskeie meganismes geskep om sodanige risiko's te versag en te bestuur.

Een ding is egter onweerlegbaar: die welvaart van die landboubedryf sal die welvaart van Suid-Afrika bepaal, terwyl Suid-Afrika die toekoms van ons sektor sal bepaal. Dit volg dus logies dat, indien ons die uitkoms wil beïnvloed, ons skouer aan die wiel sal moet sit om oplossings te vind.

> ***Een ding is egter onweerlegbaar: die welvaart van die landboubedryf sal die welvaart van Suid-Afrika bepaal, terwyl Suid-Afrika die toekoms van ons sektor sal bepaal.***

Daar is etlike belanghebbendes wat op die kantlyn sit en die spelers op die veld kritiseer. Dit laat my dink aan Theodore Roosevelt se woorde: *"It is not the critic who counts; not the man who points out how the strong man stumbles, or where the doer of deeds could have done them better. The credit belongs to the man who is actually in the arena, whose face is marred by dust and sweat and blood; who strives valiantly; who errs, who comes short again and again, because there is no effort without error and shortcoming; but who does actually strive to do the deeds; who knows great enthusiasms, the great devotions; who spends himself in a worthy cause; who at the best knows in the end the triumph of high achievement, and who at the worst, if he fails, at least fails while daring greatly, so that his place shall never be with those cold and timid souls who neither know victory nor defeat."*

Agri SA fokus op oplossings vir die sektor en ons werk tans hard aan 'n ontwikkelingsfonds-konsep. Ons werk ook aan 'n veiligheidskonsep in samewerking met Fidelity ADT, waarby ons die provinsies en soveel boere as moontlik wil betrek om te verseker dat ons misdaad op plase kan bestuur. Ons bestuur ook reeds drie jaar lank 'n droogtehulpfonds en het meer as 14 000 boere oral in Suid-Afrika gehelp met droogtehulp. Verwys gerus na die transformasieverslag in die jaarverslag vir 'n volledige uiteensetting van die projekte waaraan Agri SA oor die afgelope verslagjaar gewerk het.

Wat internasionale beïnvloeding betref, het ons daarin geslaag om hegte verhoudings met ons belangrikste internasionale handelsvennote te smee en ek persoonlik het 'n geleentheid gehad om met die Europese Unie en Amerikaners te gesels oor OSV en plaasmoorde, moontlike belegging in Suid-Afrika en die uitbreiding van ons globale uitvoermark-voetspoor. Ons beplan om hierdie produktiewe samesprekings jaarliks te hou en om die uitstekende platform wat ons geskep het, verder uit te bou.

## MARKTE EN DIE EKONOMIE

### 'n Stadige jaar vir die landbou

Suid-Afrikaanse landbou het in 2018 verskeie uitdagings ervaar wat 'n negatiewe impak op boerdery-inkomste en ander ekonomiese veranderlikes gehad het. Dit was sonder twyfel 'n moeilike jaar.

### Laer inkomste en hoër uitgawes

Bruto boerdery-inkomste verdien uit alle landbouprodukte het met slegs 1,2% gestyg en word beraam op R281,8 miljard vir die kalenderjaar (2018). Hierdie betreklike verstadiging in inkomstegroei is grootliks beïnvloed deur die laer inkomste verkry uit gesaaides (ongeveer 10%). Inkomste uit tuinbou- en diereprodukte het marginaal gestyg met onderskeidelik 7% en 3%.

Die pryse wat boere vir hul produkte kry, het effens gestyg met 'n gemiddeld van 0,9%, in vergelyking met 'n toename van 16% in 2016. Dit was as gevolg van 'n afname van 9% in die prys van gesaaides. Die pryse van diere- en tuinbouprodukte het met onderskeidelik 3% en 6% gestyg.

Totale besteding aan intermediêre goedere en dienste in 2018 beloop R150,9 miljard – 6,2% meer as die syfer vir 2017 (R142 miljard). Intermediêre besteding verwys na die waarde van goedere en dienste wat aangekoop word vir gebruik as insette gedurende die produksieproses. Arbeidskoste verteenwoordig steeds een van die grootste koste-items en beloop R19,3 miljard in 2018, wat 6% (R1,1 miljard) meer is as die syfer vir 2017.

Die sektor staar steeds stygende insetkoste in die gesig en 'n verhoging in elektrisiteits- en brandstofpryse sal verdere druk plaas op 'n alreeds oorbelaste bedryfsomgewing. Hierdie faktore sal ongetwyfeld binne die landbouwaardeketting as geheel weerklank vind.

Netto boerdery-inkomste word beraam op ongeveer R98,8 miljard vir 2018, wat 5,6% laer as die ooreenstemmende syfer vir 2017 is. Hierdie afname in boerderywins kan grootliks toegeskryf word aan die afname in brutowaarde weens laer uitsetvlakke vir gesaaides, veral mielies, graansorghum en grondbone, as gevolg van die ernstige droogte in somerreënvalgebiede.

## Verswakkende finansiële posisie

Die landbousektor is die afgelope jaar gekonfronteer met verskeie uitdagings, met inbegrip van die mees verwoestende droogte sedert die vroeë 1990's, wat tot gevolg gehad het dat sommige boere hul besighede verloor het en ander ernstige finansiële verliese gely het.

Volgens die jongste amptelike beraming van die departement van landbou, bosbou en visserye, het die totale skuldlas ongeveer R168,5 miljard aan die einde van Desember 2018 beloop. Dit is nagenoeg R10,1 miljard (6,4%) meer as in die vorige jaar. Die totale waarde van boerderybates het egter in 2018 met slegs 4% toegeneem tot 'n geraamde R488,2 miljard.

Totale boerderyskuld het dus in 2018 teen 'n heelwat vinniger koers toegeneem as boerderybates.

Op die internasionale front is Suid-Afrika steeds 'n netto uitvoerder van landbouprodukte. Die totale waarde van landbou-uitvoer het met 6,4% vanaf R103,4 miljard in 2017 tot R110,1 miljard in 2018 toegeneem. Nederland was Suid-Afrika se top-bestemming vir landbouprodukte, gevolg deur die Verenigde Koninkryk, China, Mosambiek en die VSA met uitvoere ter waarde van R4,8 miljard.

Die sektor het 'n positiewe handelsbalans van ongeveer R34,8 miljard in 2018 getoon, wat aanduidend is van 'n groter hoeveelheid produkte beskikbaar vir die uitvoermark ten spyte van die droogtetoestande wat in die landbousektor asook in die land as geheel voorgekom het.

## Agri SA se finansiële posisie

Ons kapitaalhulpbronne word benadeel hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in die beleggingswaarde van ons

**Agri SA se finansiële posisie**

| Belangrikste bewegings – Staat van finansiële posisie | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 2019 | 2018 | Beweging | % |
| **Kapitaal en reserwes** | R 215 840 385 | R 216 406 613 | ( R 566 228 ) | (0,27%) |
| **Nie-bedryfsbates** | R 45 977 903 | R 45 787 392 | R 190 511 | 0,42% |
| **Beleggings en lenings** | R 170 931 413 | R 168 158 658 | R 2 772 755 | 1,65% |
| **Bedryfsbates** | R 9 439 294 | R 10 020 385 | (R 581 091) | (5,80%) |
| **Bedryfslaste** | R 10 508 225 | R 7 559 822 | R 2 948 403 | 39,00% |

portefeulje-beleggings, met die gevolg dat ons kapitaalreserwes moes aanwend om die besigheid aan die gang te hou. Wat ander inkomstestrome betref, het ons 'n verbetering in vergelyking met vorige jare ervaar, met projekinkomste en addisionele borgskappe wat teen 'n konstante vlak toeneem. Die toevoeging van ons korporatiewe lede sal help om Agri SA in positiewe syfers te laat beweeg.

## BEMARKING, KOMMUNIKASIE EN BEELDBOU

Agri SA se skakeling met sy lede en belanghebbendes is in 2018 verstewig om te verseker dat die beeld van Agri SA so effektief as moontlik gebou word. As deel van die snelveranderende kommunikasiewêreld, veral wat digitale en sosialemedia betref, werk die kommunikasie- en beeldboufunksie naby aan die uitvoerende bestuur van Agri SA om te verseker dat die boodskap na buite konsekwent bly.

### Kommunikasiestrategie

Agri SA se 2018-kommunikasiestrategie is oorhoofs om ons boodskap buite die tradisionele gehoor te groei, maar terselfdertyd hoë kwaliteit en relevante inligting aan ons ledebasis te verskaf. 'n Groeiende gehoor is veral nodig gegewe byvoorbeeld die nasionale debat rondom onteiening, waar Agri SA sy saak aan 'n wye gehoor moet stel om ondersteuning te bou.

In kommunikasie is dit van uiterste belang om die terme van die debat te stel, anders volg jy. Daarom spits Agri SA hom toenemend toe om nie net die verantwoordelike stem te wees nie, maar ook om nuwe en innoverende idees die land in te stuur. Agri SA en sy filiale skep juis voortdurend oorspronklike inhoud deur hul daaglikse omgang rakende beleid en ander prioriteit-aangeleenthede wat produsente graag wil hoor. Buiten persverklarings wat normaalweg die grootste mediahuise bereik, gebruik Agri SA ook nou al meer ad-hoc-navorsingsverslae om pro-aktief die voller prentjie van ons kennis weer te gee.

Elke moontlike mediakanaal word gebruik om met die breër Suid-Afrikaanse publiek te skakel. In daardie opsig span Agri SA sy sosialemediakanale al hoe meer in om die nodige inligting vinnig uit te kry.

### Bemarking- en befondsingstrategie

Agri SA se bemarkingstrategie is tweeledig. Dit is eerstens belangrik om strategiese verhoudings te bou met bestaande vennote en nuwe vennote te identifiseer, sodat projekte aangepak kan word wat voordelig is vir Suid-Afrikaanse landbou. Belanghebbendes baat daarby om betrokke te raak by geleenthede soos die kongres, asook die Agri SA kommunikasiekanale om hul profiel binne die landbouwaardeketting uit te bou.

Tweedens is dit noodsaaklik om volgehoue waarde aan vennote te bied. Saam wil ons aanhou om 'n positiewe verskil te maak in die landbousektor.

### Mediablootstelling

Mediamonitering is nodig om seker te maak Agri SA laat sy "mark-aandeel" in die openbare debat groei. Die kommunikasiespan stel op 'n maandelikse basis 'n moniteringsverslag vir die direksie saam wat 'n uitgebreide oorsig oor Agri SA se media-aktiwiteite gee. Die verslae bied ook insae in Agri SA se vordering op sy sosialemediakanale.

Agri SA se fokus was om sy gehoor en interaksie op Facebook, Twitter en LinkedIn gedurende die verslagjaar te vergroot en het inderdaad so gemaak.

> ***Agri SA se fokus was om sy gehoor en interaksie op Facebook, Twitter en LinkedIn gedurende die verslagjaar te vergroot en het inderdaad so gemaak.***

YouTube was 'n nuwe platform wat gedurende die verslagjaar aktief gebruik is om video's op te plaas. Die inhoud van die video's het gewissel van boodskappe

deur onder andere Agri SA se president, uitvoerende direkteur asook voorsitters en hoofde van die onderskeie sentrums van uitnemendheid.

## Webblad en sosialemedia

Agri SA se webblad is in die verslagjaar opgedateer om so toeganklikheid te verbeter en steeds 'n platform te bied vir Agri SA se verskeie dokumente en bedryfsnuus.

Die sosialemedia-platforms Facebook, Twitter, Instagram en YouTube is ook in die verslagjaar vanaf 'n diensverskaffer direk deur die kommunikasiespan oorgeneem om die implementering van die groeistrategie te verbeter. Hoewel Agri SA op Instagram is, was hierdie kanaal grootliks ongebruik in die verslagjaar en sal daar in die komende verslagjaar 'n groter fokus wees om sy gehoor uit te bou.

| Platform | Aantal Agri SA volgelinge Maart 2019 | Aantal Agri SA volgelinge Junie 2018 |
|---|---|---|
| **Facebook** | 26 000 *(17,2% groei)* | 22 177 |
| **Twitter** | 14 600 *(19,6% groei)* | 12 200 |
| **Instagram** | 3 446 *(8,4% groei)* | 3 178 |
| **LinkedIn** | 8 717 *(47,3% groei)* | 5 917 |

## *Agri* waarby ingelyf Die Boer/The Farmer

Die tydskrif *Agri* is Agri SA se tweemaandelikse tydskrif. Dit verskaf inligting oor beleid, wetgewing en programme wat vir landbouers van belang is. Dit verskaf ook raad, voorligting en nuus oor aktuele gebeure aan ongeveer 28 000 boere, wat deur die onderskeie affiliasies lede van Agri SA is.

Die tydskrif word regstreeks versend en word ook as 'n elektroniese blaaiboek op Agri SA se webblad gepubliseer.

*Agri* se sirkulasiesyfers word op 'n halfjaarlikse basis deur die Audit Bureau of Circulations (ABC) geoudit.

## Parlementêre skakeling

Daar is 39 wetsontwerpe gedurende die tydperk onder oorweging deur die parlement gevoer. Hiervan was drie van die wetsontwerpe van direkte belang vir die landbousektor. Dit sluit in die Wetsontwerp op die Minimumloon, die Akwakultuur-wetsontwerp (wat ter tafel gelê is, maar nie afgehandel is nie) en die Dierebeskermingswysigingswetsontwerp.

Die mees kontroversiële onderwerp wat gedurende die tydperk onder oorsig voor die parlement gedien het, was die mosie oor onteiening sonder vergoeding. Agri SA se parlementêre verteenwoordiger het die vergaderings bygewoon en affiliasies op hoogte gehou – ook van reëlings met betrekking tot verhore in die provinsies en mondelinge getuienis afgelê voor die Grondwetlike Hersieningskomitee oor Agri SA se teenkanting teen onteiening sonder vergoeding.

Agri SA se parlementêre verteenwoordiger het komiteevergaderings bygewoon en parlementêre verslae is op 'n gereelde grondslag aan Agri SA deurgestuur. Daar is gerapporteer oor onderwerpe soos die strategiese planne en jaarverslae van staatsdepartemente en -instellings, die beheer van veesiektes, vordering met grondhervormingsprosesse, en die begrotings van die departemente van landbou, bosbou en visserye asook landelike ontwikkeling en grondhervorming.

## Toyota SA/Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie

Die Toyota SA/Agri SA Jongboer van die Jaar-kompetisie word deur Agri SA onderskryf. In 2018 was dit die 15de jaar dat Toyota SA dié kompetisie geborg het met 'n Toyota-bakkie as hoofprys.

Agri SA is verantwoordelik vir onder meer die koördinering van die kompetisie tussen Toyota SA en die provinsiale affiliasies van Agri SA. Die waarde van die jongboer-kompetisie moet nie onderskat word nie om jong rolmodelle in die landbou te identifiseer wat as voorbeeld vir nuwe toetreders kan dien en sodoende die toekomstige dinamiek van die sektor te verseker.

Tydens 'n geleentheid in Kemptonpark op 18 Oktober 2018 is JP van den Berg van Noordwes as wenner aangewys. JP het 'n gediversifiseerde boerdery wat onder meer insluit: saadaartappelsboerdery, kommersiële veldbeeste, Brahman-stoetbeeste, grassaadboerdery, hoenderslagpale en wildboerdery.

Die kompetisie bestaan sedert 2004 en die jaarlikse wenners was soos volg:

2004: Jan Grey, Agri Mpumalanga
2005: Johan Furstenburg, Agri Limpopo
2006: Pieter Nortje, Agri Oos-Kaap
2007: Robert De Villiers-Graaff, Agri Wes-Kaap
2008: JB van den Berg, Vrystaat Landbou
2009: Tony Da Costa, Agri Gauteng
2010: Jan Scheepers, Vrystaat Landbou
2011: Gog van der Colf, Agri Noord-Kaap
2012: Richard Ablort-Morgan, Agri Oos-Kaap
2013: Attie Scholtz, Agri Noord-Kaap
2014: Sakkie van Zyl, Agri Noordwes
2015: Anthony Goble, Kwanalu
2016: Jacques Beukes, Agri Wes-Kaap
2017: Jaco Strauss, Agri Noord-Kaap
2018: JP van den Berg, Agri Noordwes

## Ander skakelaksies

Die Direktoraat Korporatiewe Skakeling was verantwoordelik vir die volgende aksies/geleenthede wat deur die loop van die jaar plaasgevind het:

- Koördinering van inligtingsgeleenthede en besoeke van internasionale en plaaslike gaste;
- Agri SA se jaarkongres, Bedryfskamer- en Korporatiewe Kamer-konferensie, verskeie media-inligtingsgeleenthede asook Nampo Oesdag;
- Agri SA se korporatiewe klerereeks;
- Koördinering van Agri SA se jaarverslag;
- Saamstel en verspreiding van Agri SA se maandelikse nuusbrief en mid-maand-bedryfsnuusbrief *Beat*; en
- Bywoning van landbougerigte uitstallings en geleenthede.

## NUWE KORPORATIEWE LEDE

Die deel van ons strategie wat waardeketting-integrasie ondersteun, sowel as die toevoeging van nuwe korporatiewe lede, was uiters suksesvol. Agri SA se korporatiewe ledebasis staan tans op 46 lede.

## REKENINGKUNDIGE BELEID

Daar was 'n verandering in die rekeningkundige beleid vanaf 1 Mei 2019 ten opsigte van die teboekstelling van gerealiseerde en ongerealiseerde winste uit Agri SA se belegging, wat nou as een lyn item getoon word in die administrasie se inkomstestaat. In die verlede is die twee items eers in die uitgebreide inkomstestaat saamgevoeg. Die netto effek daarvan is dieselfde.

Geen verdere veranderinge is aan die rekeningkundige beleid met betrekking tot vaste bates en die afskryf daarvan gedurende die verslagjaar aangebring nie en daar word voldoen aan die internasionale standaarde sedert Desember 2016. Dit beteken alle bates moet waardeer word volgens billike waarde by jaareinde. Die Inkwazi-gebou is op 5 Julie 2018 deur HMS herwaardeer, wat 'n billike waarde-aanpassing tot gevolg gehad het. Die herwaardasie van die gebou sal elke vier jaar gedoen word. Waardevermindering word afgeskryf oor die verwagte leeftyd van die bates en 'n residu-waarde is gekoppel aan elke bate, wat dan jaarliks hersien moet word.

## VERANTWOORDELIKHEDE

Ingevolge Agri SA se grondwet is die direksie verantwoordelik vir die hou van rekeningkundige rekords en is ook verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting.

Hoewel die direksie primêr verantwoordelik is vir die finansiële state, word hulle ondersteun deur Agri SA se eksterne ouditeure. Laasgenoemde moet 'n onafhanklike mening uitspreek en daaroor verslag doen. Die goedkeuring van die finansiële state berus by die direksie. Finansiële bestuur geskied ingevolge 'n bylae tot Agri SA se grondwet onder "Delegering van magte".

## OUDITEURE


Agri SA se ouditeure is die Ashton CA (SA) Group.

Die geouditeerde finansiële state is op 18 Julie 2019 aan die direksie voorgehou en goedgekeur. Ingevolge die bepalings van Agri SA se grondwet word die verkorte finansiële state aan die kongres voorgehou.

## ERKENNING

Agri SA se groei- en waardekettingbenadering help die hele sektor en die organisasie het al gegroei na 90 organisasies. Hierdie groei is te danke aan ons personeel en die uitstekende kwaliteit mense wat ons hier het. Verder in die verslag word meer breedvoerig oor Agri SA se personeelkorps verslag gedoen.

Laastens wil ek al ons rolspelers wat betrokke is bedank vir hul onbaatsugtige werk. Aan my president en adjunk-presidente dankie vir jul ondersteuning en vertroue.



**Omri van Zyl**
*Uitvoerende direkteur*





# OORSIG VAN AGRI SA SE **TRANSFORMASIE-INISIATIEWE**





*Christo van der Rheede*

Agri SA het die AgroHUB tydens sy 2018-jaarkongres geloods. Hierdie inisiatief het geweldige steun onder kongresgangers geniet. Die kerndoel hiervan is om transformasie- en ontwikkelinggerigte landbouprojekte te konseptualiseer, inisieer, bevorder, fasiliteer en implementeer in die hoop dat dit vrugte sal afwerp.

Agri SA beskou transformasie as 'n nasionale noodsaaklikheid en glo dat alle aktiwiteite wat deur die AgroHUB geïnisieer word, uiters noodsaaklik is vir die fasilitering en handhawing van samewerking tussen ontwikkelende boere, kommersiële boere en ander landbouwaardekettingspelers.

Oor die afgelope paar maande was Agri SA betrokke by en het 'n reeks inisiatiewe geloods met die oog op die bemagtiging van ontwikkelende boere. Hierdie inisiatiewe, wat befonds word deur skenkers, AgriSETA, ons affiliasies, individuele boere en die Sasol Trust, sluit die volgende in:

## Digitale platform

- Om beste praktyk te demonstreer en met ontwikkelende boere te deel;
- Om aan te teken en te help met die ontsluiting van geleenthede vir ontwikkelende boere;
- Om ingrypings (opleiding) deur agri-instellings te ondersteun;
- Opheffing deur befondsing van die AgroHUB; en
- Belyning met ontwikkelingstrategieë soos beoog en geïmplementeer ingevolge openbare- en privaatsektorplanne.

## Gesamentlike kommersieel-lewensvatbare landbouprojekte tussen kommersiële boerdery-ondernemings en tradisionele owerhede (Motsepe-projek)

- **Fase 1: Omvang en lewensvatbaarheidsbepaling van die projek –** Opvolging met tradisionele owerhede, die vestiging van provinsiale komitees, opstel van geleentheidsverslag, prioritisering van tradisionele owerhede en projekte;
- **Fase 2: Lewensvatbaarheid- en omsigtigheidsondersoek –** Aanstelling van diensverskaffers, gewasgeskiktheid en markevaluerings, kortlys van ondernemings, hoëvlak-kapasiteitsvereistes, ontwikkeling van Professionele Boerefonds;
- **Fase 3: Identifisering van kommersiële vennoot –** Vestiging van fonds, kontraktuele ooreenkomste, finansiële modellering, bankbare besigheidsplan, skakeling met potensiële vennote (operateurs, beleggers/befondsers, afnemers), omsigtigheidsondersoeke); en
- **Fase 4: Implementering –** Kontraktuele ooreenkomste, projekskedule, afnemingsooreenkomste.

## Praktiese opleiding

- Landbouleierskapsontwikkeling-opleiding;
- Besigheidsvaardigheid-/ondernemerskapsopleiding vir ontwikkelende boere;
- Gewasproduksieprojek vir plaaswerkers;
- Gewasproduksieprojek-leerlingskappe (NQF-vlak 2) vir graad 10 tot 12;
- Agri Gauteng-ekspo praktiese werkwinkels; en
- Fasilitering van provinsiale werkwinkels om hul eie AgroHUB te vestig.

## Jeugontwikkeling en -blootstelling

- Internskap-program in samewerking met die Sasol Trust;
- Handelsmerk Professional Farmer® konsep;
- Samewerking met blokketting-kundiges; en
- Tegnologiese tendense (kunsmatige intelligensie, digitale ekostelsels, robotiese prosesoutomatisering, kubersekuriteit, ens.).

## Kommunikasie

- Navorsing en ontleding;
- Transformasieverslag;
- *GROW*-tydskrif; en
- Skakeling met plaaslike boere-unies, bedryfsleiers, die breër landbou- en besigheidsgemeenskap en die regering.

## Regering

- AgriSETA;
- AgriSEB-handvesraad; en
- Agri Phakisa.

## Netwerkprojekte

- Agri Gauteng-ekspo;
- Agri SA Nasionale Droogtehulpfonds; en
- Nasionale Rampbestuursentrum.

## Digitale platform

Die digitale platform by www.AgroHUB.co.za bied 'n geleentheid om suksesvolle landbou-ontwikkelingsprojekte en beste praktyk ten toon te stel en maak voorsiening vir eksterne partye om hul eie suksesstories te vertel. Die doel van die platform is om 'n nasionale databasis te skep, met inbegrip van artikels, suksesvolle projekte, opleidingsinstellings en -ingrypings, besigheidsgeleenthede, ondersteuningsmaatreëls en belyning met nasionale prioriteite wat oor tyd gemoniteer kan word om die impak daarvan te bepaal.

> ***Die digitale platform by www.AgroHUB.co.za bied 'n geleentheid om suksesvolle landbou-ontwikkelingsprojekte en beste praktyk ten toon te stel en maak voorsiening vir eksterne partye om hul eie suksesstories te vertel.***

## Gesamentlike kommersieel-lewensvatbare landbouprojekte tussen kommersiële boerdery-ondernemings en tradisionele owerhede

Die doel van hierdie projek is om gesamentlike landbou- en boerderygeleenthede tussen tradisionele owerhede en kommersiële Suid-Afrikaanse boere en agribesighede te identifiseer, te oorweeg en te vestig.

Agri SA, in samewerking met die Motsepe-stigting, het die volgende projekte afgehandel:

- Identifisering van landelike gebiede in Suid-Afrika wat geskik is vir gesamentlike landbouprojekte;
- Die gewasse en/of vee wat die geskikste is vir elke gesamentlike landbouprojek;
- Invloedryke tradisionele owerhede en kommersiële ondernemings wat gewillig mag of sal wees om deel te neem aan elke projek;
- Die voorgestelde omvang en grootte van elke projek;
- Die reëlings vir en aard van samewerking wat die beste is vir elke projek; en
- Die lewensvatbaarheid, kapitaal en ander koste, asook die vooruitsigte vir sukses van elke sodanige projek.

Fase 1 is voltooi en 'n geleentheidsverslag is aan die Motsepe-stigting oorhandig. Fase 2 vereis dat 'n prospektus teen die einde van September 2019 ingedien word nadat die lewensvatbaarheidstudies en omsigtigheidsondersoeke afgehandel is. Diensverskaffers wat hierin spesialiseer, is aangestel.

Die projekbestuurskantoor wat verantwoordelik is vir hierdie projek het ook 'n finansieringsraamwerk ontwikkel, genaamd die Professionele Boerefonds. Die kantoor is ook deurlopend in gesprek met banke ten einde hul insette te verkry met die oog op verdere verfyning.

# PRAKTIESE OPLEIDING

## Landbouleierskapsontwikkeling-opleiding

Agri SA, tesame met AgriSETA, het in 2018 'n landbouleierskapsontwikkeling-program in Stellenbosch aangebied. Terugvoering oor die impak van hierdie program was oorweldigend en jong boere van oral in Suid-Afrika het navraag gedoen oor wanneer die volgende program aangebied sal word. Dit is in die lig hiervan dat Agri SA bykomende voorstelle aan AgriSETA voorgelê het.

## Besigheidsvaardighede/ Ondernemerkapsopleiding vir ontwikkelende boere

Hierdie program fokus op die ontwikkeling van boere se besigheidsvaardighede. Dit help hulle ook om volhoubare boerderypraktyke asook sosiale en ekonomiese waarde vir hulself en hul gesinne te skep. Die kursus fokus op ondernemerskap in die landbousektor; die redes waarom goeie bestuur nodig is en hoe bestuurders hulpbronne doeltreffend kan aanwend om organisatoriese prestasie te bewerkstellig.

Die program is ook daarop gemik om deelnemers 'n beter begrip te gee van die sakemodelskilderdoek/ sakemodel-moontlikhede en wat verantwoordelike finansiële bestuur behels. Dit sal hulle ook help om die finansiële prestasie van hul besighede te ontleed.

## Gewasproduksieprojek vir plaaswerkers

Hierdie program fokus op die opleiding van plaaswerkers in gewasproduksievaardighede. Die program word aangebied in Engels, met Zoeloe- en Sesotho-tolke, of in die taal van die streek om komplekse konsepte te verduidelik.

Die program is van 'n praktiese aard en bestaan uit 30% teorie en 70% praktiese ondervinding.

## Gewasproduksieprojek-leerlingskappe (NQF-vlak 2) vir Graad 10 tot 12

Hierdie program fokus op die opleiding van swart jeugdiges in groenteproduksievaardighede. Dit leer hulle ook meer omtrent die landbou en bied 'n geleentheid om volhoubare boerederypraktyke toe te pas asook hoe om sosiale en ekonomiese waarde vir hulself en hul gemeenskappe te skep.

## Agri Gauteng-ekspo praktiese werkwinkels

Agri Gauteng het vanaf 7 tot 9 Augustus 2019 , in vennootskap met Agri SA, die 2de Agri Gauteng-ekspo by Vleissentraal, Onderstepoort, aangebied. Die doel van die Agri Gauteng-ekspo is om jong en opkomende boere, ongeag ras, geloof of geslag, blootstelling aan die bedryf te bied, met die moontlikheid van volhoubare werkskepping en dus ook armoedeverligting. Dit vorm deel van die missie van Agri SA sowel as Agri Gauteng, en hul verbintenis tot die ontwikkeling van 'n stabiele, winsgewende landbou-omgewing in Suid-Afrika.

## Fasilitering van provinsiale werkwinkels om hul eie AgroHUB te vestig

Agri SA het in die Oos-Kaap 'n werkwinkel vir Agri Oos-Kaap gefasiliteer om die provinsie te help om hul eie provinsiale AgroHUB te vestig.

# JEUGONTWIKKELING- EN BLOOTSTELLING

## Internskapsprogram in samewerking met die Sasol Trust

Agri SA is verbind tot vaardigheidsontwikkeling binne die landbousektor. Met die hulp van die Sasol Trust is daar in die afgelope jaar geleenthede geskep vir vier internskappe om werkservaring in die landbou te bekom. Agri SA wil graag aan hierdie individue blootstelling aan soveel moontlike aspekte van die landbou te gee. Twee van hulle wat gedurende die vorige jaar aangestel is, is reeds in permanente poste binne Agri SA aangestel. Een van die interns wat hierdie jaar aangesluit het, is by Agri Wes-Kaap in 'n permanente pos aangestel.

## Die Professional Farmer® -konsephandelsmerk

Met die Professional Farmer®-konsep word daar beoog om 'n nuwe narratief vir die landbou-omgewing daar te stel; om te herdefinieer wat dit beteken en verg om 'n boer te wees; om 'n inklusiewe boeregemeenskap te skep; en om beste praktyk en 'n innoverende boerderykultuur te bevorder. Daar word ook beoog om toekomstige leiers te skep deur middel van mentorskap; om etiese waardes te bevorder om korrupsie uit te roei; om die omgewing te beskerm; en om Agri SA as tuiste van die professionele boer te bevorder.

Agri SA het aansoek gedoen vir registrasie van die Professional Farmer®-konsep as 'n handelsmerk. Von Seidels, die intellektuele-eiendomprokureurs, is behulpsaam met hierdie proses. 'n Logiese uitvloeisel van die konsep is die daarstelling van 'n professionele boerevereniging. Boere wat gesertifiseer wil word as 'n professionele boer, moet 'n geakkrediteerde professionele boere-sertifiseringskursus by 'n hoëronderwys-instelling bywoon en moet lid wees van die Professionele Boerevereniging van Suid-Afrika, wat as 'n spesialis-eenheid binne Agri SA bestuur sal word.

## Samewerking met blokkettingkundiges

Die doel van hierdie projek is om elke bedryfs- en korporatiewe lid op die blokkettingnetwerk te akkommodeer en te bedien en sodoende 'n sektorale oorsig van die landbou te verkry. Vandag bevind ons onsself reeds in die Vierde Industriële Revolusie. Die landbousektor behoort die nuwe tegnologie al lankal te verwelkom het om sy winsgewendheid op plaasvlak en elders te verhoog. Namate ons nader beweeg aan die nuwe era, het Agri SA besef dat hy 'n verantwoordelikheid het om die landbousektor met nuwe tegnologiese vooruitsigte behulpsaam te wees en vind homself tans uniek geposisioneer om die tegnologie op makro-skaal in te skakel ter voordeel van sy lede.

Met die oog op die web 3.0-era, blyk blokketting die logiese oplossing te wees. Onder die Professional Farmer®-sambreel is tegnologie waarskynlik die belangrikste faktor vir bestaans- en opkomende boere om op 'n kostedoeltreffende wyse kommersieel mededingend te word. Agri SA werk in vennootskap met ConsenSys aan hierdie projek.

> ***Onder die Professional Farmer®-sambreel is tegnologie waarskynlik die belangrikste faktor vir bestaans- en opkomende boere om op 'n kostedoeltreffende wyse kommersieel mededingend te word.***

## Tegnologie-tendense (kunsmatige intelligensie, digitale ekostelsels, robotiese prosesoutomatisering, kubersekuriteit, ens.)

Tegnologie verander blitsvinnig en het beslis 'n ontwrigtende impak op die landbou-ekostelsel. Tegnologie het 'n belangrike en kritieke drywer vir produktiwiteit en groei vir die sektor geword. Vinnig veranderende tegnologieë soos slim-landbousensors, robotiese prosesoutomatisering, kognitiewe kubersekuriteit en kwantumrekenaartegnologie is besig om splinternuwe sakegeleenthede te skep. 'n Tegnologie-lessenaar is geskep om tegnologie-tendense te bepaal; om met belanghebbendes betrokke by die digitale ekostelsel te netwerk; en lede ingelig te hou oor sodanige tegnologie-tendense.

# KOMMUNIKASIE

## Navorsing en ontleding

Die AgroHUB se werk word gerig deur die navorsing en ontleding van die projekbestuurspan, Agri SA se Sentra vir Uitnemendheid, die verslae van die BFAP, staatsdepartemente asook internasionale agentskappe. Hierdie navorsing en ontleding rig die artikels en verslae wat deur die AgroHUB geskryf word, asook al die projekbestuursprosesse wat onderneem word.

'n Tipiese voorbeeld is die navorsing wat gedoen word en die gebruik van GIS-kaarte om 'n geleentheidsverslag saam te stel vir die ontwikkeling van gesamentlike kommersieel-lewensvatbare landbouprojekte en die lewensvatbaarheidstudies wat ten opsigte van elk van hierdie projekte gedoen word.

## Transformasieverslag

Transformasie binne die Suid-Afrikaanse ekonomie en spesifiek die landbou bly steeds 'n nasionale noodsaaklikheid. Agri SA, via sy ledebasis, was aktief betrokke by die bevordering van transformasie deur middel van verskeie ontwikkelingsprogramme wat strek vanaf opleidingskursusse tot herkapitalisering.

Agri SA se Transformasieverslag is gerig op die bevordering van transformasie in die landbou. Dit word gedoen deur beste praktyk te identifiseer en geleenthede vir verdere groei te verken, en natuurlik ook deur oplossings te vind vir ontwikkelingsprobleme. In totaal is 108 210 ontwikkelende boere geïdentifiseer vir programme soos opleidingskursusse, mentorskappe, herkapitaliseringsprojekte en maatskaplike ontwikkelingsinisiatiewe.

## *GROW*-tydskrif

Die doel van hierdie aanlyn-tydskrif is om lig te werp op transformasie-inisiatiewe en suksesstories van ontwikkelende boere, asook vennootskappe tussen kommersiële ondernemings en ontwikkelende boere.

> ***Die doel van hierdie aanlyn-tydskrif is om lig te werp op transformasie-inisiatiewe en suksesstories van ontwikkelende boere, asook vennootskappe tussen kommersiële ondernemings en ontwikkelende boere.***

## Skakeling met plaaslike boere-unies, bedryfsleiers, die breër landbou- en sakegemeenskap asook die regering

Die adjunk-uitvoerende direkteur van Agri SA het etlike artikels geskryf, verskeie radio- en televisie-onderhoude gevoer, deelgeneem aan vele kolokwiums/toepaslike gesprekke, verskeie boere-unies, provinsiale kongresse en sakekamers toegespreek, provinsiale besoektoere geïnisieer en werkwinkels gefasiliteer.

## AgriSETA

Die adjunk-uitvoerende direkteur van Agri SA dien tans as voorsitter van AgriSETA. Verlede jaar het 6 947 heffingbetalers bygedra tot die befondsing van AgriSETA. Heffings wat oor die afgelope finansiële jaar betaal is, strek vanaf R47 miljoen tot so min as R5. Die tuinbousektor, met R212 miljoen, het die grootste bedrag bygedra.

Ander bedrywe soos rooivleis, pluimvee en grane is ook groot bydraers. Dertig ondernemings het R87 miljoen bygedra tot die totale bedrag van R348 miljoen wat deur AgriSETA ontvang is. AgriSETA, tesame met ander belanghebbendes, skep en bevorder geleenthede vir sosiale, ekonomiese en indiensnemingsgroei vir agribesighede deur middel van tersaaklike, hoëgehalte- en toeganklike onderwys, opleiding en ontwikkeling.

## AgriSEB-handvesraad

Agri SA is verteenwoordig op die AgriSEB-raad. Op 26 April het die organisasie 'n afskrif van die AgriSEB se implementeringsriglyne gemerk "vertroulik" ontvang. Agri SA is versoek om ondersoek in te stel na die status van die dokument en watter konsultasie, indien enige, sou plaasvind voordat dit gefinaliseer en afgedwing word.

Jahni de Villiers van Agri SA, tesame met dr John Purchase van Agbiz, het 'n vergadering gereël met dr Madime Mokoena en Kwena Komape van Daff om die doel van die dokument en hoe dit geïmplementeer sal word, uit te klaar. 'n Terugvoeringsessie is met dr Mokoena gehou. Hy het verduidelik dat die AgriSEB-implementeringsriglyne 'n interne besprekingsdokument vir die departement en sy entiteite in staatsbesit is. Die dokument is ontwikkel in die lig van artikel 10 van die B-BBEE-wysigingswet. Die riglyne 'beveel' nie maar verskaf 'rigting' aan die betrokke reguleerders.

Agri SA is deurlopend betrokke by die AgriSEB-handvesraad en streef na 'n meer buigsame en insentief-gebaseerde nakomingsmeganisme in plaas van die rigiede en sanksie-gebaseerde benadering wat dikwels deur die regering propageer word. Laasgenoemde benadering is nie bevorderlik vir die landbousektor en diegene wat gewillig is om daarin te belê en al die risiko's verbonde aan primêre landbou te dra nie.

## Agri Phakisa

Die regering het die volgende belangrike inisiatiewe tydens die Jobs Summit in 2018 ter tafel gelê:

- Verbetering van die graan/vee-waardeketting;
- TradePRO in die tuinbou-waardeketting;
- Die Agri Phakisa- 'slim-dorpie'-skema vir plaaswerkers;
- Die Daff/Land Bank-finansieringsvoorstel; en
- Versterking van kapasiteit vir afdwinging van biosekuriteit.

Agri SA het verskeie kere met Daff vergader. Daar was egter tot dusver geen reaksie van die departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming (DRDLR) ten opsigte van die begroting vir die befondsing van die projekbestuurskantoor vir die slim-dorpie-projek nie. Daar was ook geen terugvoering van die departement van menslike nedersettings tot dusver nie. AgriSEB-amptenare is gevra vir hul insette ten opsigte van die B-BBEE-voordele vir kommersiële boere wat aktief deelneem aan die slim-dorpie-projek, maar daar was tot dusver geen reaksie nie.

Daar is 'n groot behoefte aan 'n regeringsbeleidsraamwerk wat riglyne sal bied vir die skep van slim-dorpies in vennootskap met kommersiële boere. Die DRDLR en departement van menslike nedersettings is veronderstel om leiding te verskaf met die ontwikkeling van hierdie beleid in vennootskap met georganiseerde landbou. Agri SA sal hierdie aangeleentheid met die nuwe administrasie opvolg.

## NETWERKPROJEKTE

## Agri Gauteng-ekspo

Agri Gauteng het vanaf 7 tot 9 Augustus 2018, in vennootskap met Agri SA, die tweede Agri Gauteng-ekspo by Vleissentraal, Onderstepoort, gefasiliteer. Die ekspo het gefokus op opleiding op praktiese vlak oor alle boederysektore heen, asook praktiese blootstelling, opleiding en ontwikkeling van boerderypraktyke in 11 fokusareas, met inbegrip van, maar nie beperk tot veeproduksie nie, naamlik beeste, skape, varke en bokke, pluimvee, suiwel, graan, groente, vrugte, byeboerdery en visserye.

## Agri SA Nasionale Droogtehulpfonds

Die doel van Agri SA se Droogtehulpfonds is om te verseker dat boere wat ernstig geraak is deur die droogte kan voortgaan met produksie en dat voedselsekerheid en werkgeleenthede in Suid-Afrika beskerm word. Skenkings van meer as R20 miljoen is sedert 2015 ontvang. Dit het verseker dat broodnodige hulp aan boere, plaaswerkers en gemeenskappe in droogtegeteisterde gebiede verleen kon word.

Sedert die ontstaan van die fonds in 2015 kon Agri SA met die hulp van verskeie skenkers duisende kommersiële en opkomende boere en hul gemeenskappe help. Dit sluit in veevoer, water, brandstof, vervoer en hongerverligting in samewerking met Shoprite. In 2019 het die gemeenskappe van Tosca, Griekwastad, Mosselbaai, Kenhardt, Willowmore, Aberdeen, Paterson, Hoopstad, Fraserburg en Jansenville ook hulp ontvang.

## Nasionale Rampbestuursentrum

Agri SA het 7 Junie vanjaar 'n konstruktiewe gesprek met die Nasionale Rampbestuursentrum (NDMC) asook AgriSETA gevoer. Ná afloop van die vergadering het beide Agri SA en die NDMC hulself tot die volgende verbind: Die nasionale rampbestuursplan en kontakinligting van elke provinsiale forum sal gedeel word en 'n bilaterale werkwinkel sal met landbou-unies en tersaaklike departemente gereël word om rampbestuur meer holisties te bespreek. Onderwerpe vir bespreking sluit in befondsingsmeganismes, optimalisering van ingrypings by verskeie ondernemings en die bou van veerkragtigheid/aanpassingsvermoë. Deelnemers sluit in die departemente van menslike nedersettings; water en sanitasie; landbou, bosbou en visserye; grondhervorming en landelike ontwikkeling; omgewingsake; die NDMC; Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika; Nasionale Tesourie; Land Bank; Afasa; Agri SA, TAU en Nafu.

**Christo van der Rheede**
*Adjunk-uitvoerende direkteur*

## DIREKSIE



**Dan Kriek**
*President*



**Pierre Vercueil**
*Adjunk-president*



**Phenias Gumede**
*Adjunk-president*



**Cornie Swart**
*Algemene Sakekamer*



**Francois Wilken**
*Algemene Sakekamer*



**Douglas Stern**
*Algemene Sakekamer*



**Jaco Minnaar**
*Bedryfskamer*



**Niël Joubert**
*Bedryfskamer*



**Sipiwo (SK) Makinana**
*Bedryfskamer*



**Gerhard Diedericks**
*Korporatiewe Kamer*



**Rossouw Cillié**
*Korporatiewe Kamer*



**Nic Bronkhorst**
*Korporatiewe Kamer*



**Dr Kathy Hurly**
*Nie-uitvoerende Onafhanklike Direkteur*



**Dr Charlotte Nkuna**
*Nie-uitvoerende Onafhanklike Direkteur*



**Omri van Zyl**
*Uitvoerende Direkteur*

## KAMERBESTUUR





### ALGEMENE SAKEKAMER

VAN LINKS NA REGS

**Francois Wilken,** *Ondervoorsitter*

**Cornie Swart,** *Voorsitter*

**Douglas Stern,** *Addisionele lid*

### BEDRYFSKAMER

VAN LINKS NA REGS

**Jannie de Villiers,** *Ondervoorsitter*

**Dr Piet Prinsloo,** *Voorsitter*

**Niël Joubert,** *Addisionele lid*









### KORPORATIEWE KAMER

VAN LINKS NA REGS

**Rossouw Cillié,** *Ondervoorsitter*

**Gerhard Diedericks,** *Voorsitter*

**Nic Bronkhorst,** *Addisionele lid*

# KONGRESVERSLAG **2018**

## TYE VAN KONGRES-SESSIES

Dinsdag, 9 Oktober 2018 van 07:30 tot 17:00

Woensdag, 10 Oktober 2018 van 08:30 tot 12:30

## TEMA

"Grond – die skakel tot gedeelde welvaart in Suid-Afrika"

## PLEK

Maslow Time Square, Aramistrylaan 209, Pretoria



## REGISTRASIE

Afsonderlike registrasiepunte is vir die Algemene Sakekamer, Bedryfskamer, Korporatiewe Kamer en gaste beskikbaar gestel.

Veranderings in die samestelling van afvaardigings is skriftelik vóór of tydens registrasie gekommunikeer.

Afgevaardigdes het hul stembriewe tydens registrasie ontvang en daarvoor geteken. Verlore stembriewe is nie vervang nie.




Die kongres is deur

**108 afgevaardigdes en 162 gaste bygewoon.**

## KONGRES–AGENDA

### DAG 1
### OPENINGSSESSIE

Openingsboodskap – Ds Marina Strydom.
Die Volkslied is hierna deur die kongres gesing.

### Konstituering van die kongres

Die uitvoerende direkteur, Omri van Zyl, het die konstituering van die kongres waargeneem. Hy het bevestig dat 'n kworum teenwoordig is en dat alle grondwetlike verpligtinge nagekom is om met die kongres te kon voortgaan.

Die volgende orde-reëlings is deur hom getref:

- Die volgorde van besprekings is deur die voorsitter bepaal;
- Persone wat nie afgevaardigdes was nie, kon insette lewer met die voorsitter se toestemming;
- Deelnemers wat nie in die program gemeld was nie, is beperk tot 'n spreekbeurt van vyf minute. Deelnemers is versoek om die mikrofoon te gebruik wat op die vloer beskikbaar gestel is om hul insette te maak;
- Sprekers is versoek om hul toesprake, skriftelik sowel as elektronies, by die administrasiekantoor in te handig, verkieslik voor of direk ná lewering daarvan;
- Vir media- en verslagdoeleindes moes insette by die administrasiekantoor, of aan Marnu de Wet, oorhandig word om dit op die rekenaarstelsel te laai;
- Tydens elke besprekingsessie is die beste spreker van die vloer af aangewys en aan die einde van die kongres is 'n prys aan sodanige persoon gegee; en
- Die verkiesingsproses is behartig deur Agri SA se ouditeure, Henry Windell van die Ashton CA (SA) Group, ondersteun deur Willie Jacobs.

### Verwelkoming

Verwelkoming en verskonings is deur die adjunk-president, Phenias Gumede, gedoen. Afgevaardigdes, ander verteenwoordigers van affiliasies, sprekers, afgevaardigdes van verskeie staatsdepartemente, verteenwoordigers van portefeuljekomitees, verteenwoordigers van statutêre liggame, verteenwoordigers van ambassades, afgevaardigdes van ander landbou-organisasies, oud-presidente van Agri SA en gaste is verwelkom.

Ander afgevaardigdes en verteenwoordigers van affiliasies, Sfiso Buthelezi, adjunkminister van landbou, bosbou en visserye; Patrice Motsepe, uitvoerende voorsitter van African Rainbow Minerals en gasspreker; Vassi Naidoo, voorsitter van Nedbank; prof Quinton Johnston, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Grond, Erfenis en Menseregte; Christo van Staden, besturende direkteur van LTP: BATSA; Jesus Madraso van Bayer Internasionaal; oud-presidente Johannes Möller en Japie Grobler, asook dr Theo de Jager, voormalige adjunk-president en huidige president van die World Farmers' Organisation (WFO), is almal spesiaal verwelkom. Erkenning is ook gegee aan die teenwoordigheid van verskeie paneel-lede, soos in die program aangetoon.

'n Spesiale woord van verwelkoming is gerig aan nuwe korporatiewe lede en bedryfsorganisasies wat hul eerste kongres as lede van Agri SA bywoon.

Die media is ook verwelkom en bedank vir hulle teenwoordigheid en beriggewing oor die kongres.

Verteenwoordigers van politieke partye, lede van portefeuljekomitees, verteenwoordigers van die departement van landbou, bosbou en visserye, verteenwoordigers van ander staatsdepartemente en statutêre liggame, insluitend die Land Bank, besoekende landbou-organisasies, verteenwoordigers van ambassades, georganiseerde besigheid, verteenwoordigers van verbruikersorganisasies en uitstallers is verwelkom.

Phenias Gumede het verskoning aangebied vir oud-presidente, asook voormalige kamervoorsitters wat nie teenwoordig was nie. Hy het voortgegaan en borge bedank en verwys na hul logo's in die kongresprogram, asook hul boodskappe. Hy het kongresgangers versoek om kennis te neem van borge se uitstallings en dié uitstallings te besoek.

*Die logo's van die onderskeie borge is deurlopend gedurende die kongres vertoon:*

**Platinum- en informelefunksie-borg:**
Santam Landbou

**Diamantborg:**
BATSA

**Goueborge:**
AgriSETA, GWK, Land Bank en Bayer (ook brons)

**Silwerborge:**
Absa AgriBesigheid, DuPont Pioneer, MacRobert Prokureurs, Nedbank, NWK Bpk, Obaro, Senwes, Standard Bank, Statistieke SA, VKB en Voermol

**Bronsborge:**
Bayer (ook goud), King Price, Nissan, Old Mutual Insure, OVK, Pannar, Sanlam, Syngenta, Telkom, die Ashton CA (SA) Group, Villa, Vleissentraal en Woolworths

Phenias Gumede het ook Agri SA se vennote, naamlik CrisisOnCall, Nissan SA, Sanlam, AliSom, Sonfin en T&E FinOps, bedank vir die lojale ondersteuning wat Agri SA en die Agri Securitas Trustfonds van die maatskappye die afgelope jaar ontvang het. Hy het verwys na hul boodskappe soos vervat in die kongresprogram en kongresgangers versoek om hul uitstallings te besoek en uit te vind wat hulle kan bied.

## PRESIDENTSREDE

### Dan Kriek, Agri SA

Pierre Vercueil neem die voorsitterstoel in en stel Dan Kriek aan die woord om sy presidentsrede te lewer.

Kriek het die belangrikheid van visionêre leierskap beklemtoon en het Agri SA geprys vir sy rol op verskeie platforms om die saak van die boer te bevorder. Hy het uit talle toesprake van leiers aangehaal, insluitend dié van die oorlogsheldin, Emily Hobhouse, oud-president Nelson Mandela en die Amerikaanse menseregte-aktivis, dr Martin Luther King jr.

"Te midde van onsekerheid moet ons vasklou aan ons ideaal vir Suid-Afrika," het Kriek gesê. Tydens sy toespraak het hy opnuut Agri SA se verbintenis tot volhoubare vennootskappe in die landbou benadruk, asook sy verbintenis om na die belang van elke boer in die land om te sien. "Dit is nou 'n moeilike tyd vir elkeen – daar is onsekerheid oor eiendomsreg, die verwoestende gevolge van die droogte en plaasaanvalle wat elkeen bedreig."

> ***"Te midde van onsekerheid moet ons vasklou aan ons ideaal vir Suid-Afrika," het Kriek gesê. "Dit is nou 'n moeilike tyd vir elkeen – daar is onsekerheid oor eiendomsreg, die verwoestende gevolge van die droogte en plaasaanvalle wat elkeen bedreig."***

Hy het 'n beroep op president Cyril Ramaphosa gedoen om die realiteite wat boere in Suid-Afrika ervaar, te verstaan. Kriek het benadruk dat die realiteite nie misken kan word nie. Kriek het die meer as 200 afgevaardigdes moed ingepraat vir die tyd wat voorlê. "Ons moet die foute van die verlede erken en saamwerk om 'n beter Suid-Afrika vir almal te skep," het hy gesê. Kriek het benadruk dat boere vir hul rol in die samelewing gerespekteer moet word. "Sterk en stabiele leierskap is nodig om Suid-Afrika vorentoe te neem." Verder het hy gemaan dat dit elkeen se verantwoordelikheid is om volhoubare hervorming in die landbou teweeg te bring.

Kriek het benadruk dat Agri SA sterk gekant is teen enige wysiging van artikel 25 van die Grondwet. Agri SA se holistiese grondplan, asook 'n finansieringsplan, is

weereens voorgehou en deur sy lede aanvaar. Daar is verder 'n landbou-ontwikkelingsagentskap voorgehou wat hervorming in die sektor kan bespoedig.

Kriek het daarop gewys dat sosiale kohesie in 'n gepolariseerde Suid-Afrika nou, meer as ooit, broodnodig is.

Die presidentsrede is afgesluit met die woorde "Thuma Mina", oftewel "Stuur my". Dit is na aanleiding van 'n veldtog deur die regering dat alle Suid-Afrikaners moet hande vat om saam vir die toekoms van die land te werk.

Pierre Vercueil het die presidentsrede aan die orde gestel, die president daarvoor bedank en die stoel weer aan die president oorhandig.

## GASSPREKER

### Dr Patrice Motsepe, uitvoerende voorsitter van African Rainbow Minerals

Dr Motsepe het gesê beide swart en wit boere word deur moord en misdaad geraak en dat baie van die beloftes wat politici en die regering hieroor maak, totaal nie sin maak nie. "Vir ons as Suid-Afrikaners het die waarheid, en dit wat ons ervaar, 'n wesentlike invloed op ons siening, en of ons vol moed is oor die toekoms."

Motsepe het gesê dat hy nie ten gunste is van leë motiveringsboodskappe nie en dat die feite vir hulself spreek. "Die waarheid is die waarheid." Tog is hy optimisties oor die toekoms van die landbou- en voedselverwerkingsbedryf. Sy oupa en pa was boere en hy is ook 'n boer.

"Ek het geen twyfel nie dat ons oor drie, vyf of sewe jaar sal terugkyk en sê: Daar was groot uitdagings in 2018, maar ons het dit gewen." Motsepe het die belangrikheid daarvan benadruk dat gemarginaliseerde Suid-Afrikaners deel van die ekonomie moet word en gesê die land het andersins geen toekoms nie. Die elite van die land, waarvan hy deel is, se toekoms is volgens hom onlosmaaklik verbind aan die skep van 'n toekoms vir en die insluiting van gemarginaliseerde en werklose mense. "Ons is geneig om hierna as 'n wit-swart-kwessie te kyk, maar dit is nie." Hy het gesê alle Suid-Afrikaners moet saamstem dat die land se toekomstige sukses daarvan afhang dat almal ingesluit moet word. "As die begunstigdes net diegene met die van 'Motsepe' is, gaan ons 'n rewolusie hê."

Hy het gesê hy is daartoe verbind om seker te maak dat daar 'n betekenisvolle aantal swart boere is en gemeenskappe wat voordeel trek uit die landbou- en voedselverwerkingsbedryf. Dit is volgens hom belangrik om vir die wêreld te wys dat daar wel rolmodelle is van suksesvolle vennootskappe tussen wit en swart boere en dat die regering aansporings moet oorweeg sodat vennootskappe voordele vir beide partye bied.

"Die kritieke ding is dat dit kommersiële sin moet maak." Die suksesvolste lande is volgens hom dié wat 'n omgewing geskep het waarin die private sektor kan ontwikkel, groei en sukses behaal en waar die private sektor die vertroue het om te belê.

## VERKIESING VAN PRESIDENT

Die kongres is gevra om nominasies te doen vir die amp van president.

## GOEDKEURING VAN DIE GEWYSIGDE GRONDWET

Die uitvoerende direkteur het kortliks toeligting gegee oor die voorgestelde gewysigde grondwet, die rede waarom die grondwet vooraf goedgekeur moes word, waarna die voorsitter die kongres se goedkeuring versoek het vir die volgende:

**Klousule 6.2.1.5 lees soos volg:**
*Twee (2) nie-uitvoerende onafhanklike direkteure aangestel deur die direksie vir die jaar 2017/18.*

**Klousule 6.2.1.5 gewysig soos volg:**
*Twee (2) nie-uitvoerende onafhanklike direkteure aangestel vir 'n tweejaartermyn deur die kongres op aanbeveling van die direksie. Tydens die kongres wat jaarliks gehou word, sal ten minste vyftig persent (50%) van die nie-uitvoerende onafhanklike direkteure uittree. Die nie-uit-*

*voerende onafhanklike direkteur wat die langste in sy amp was sedert sy/hul laaste verkiesing, sal eerste uittree. Soos in die geval tussen nie-uitvoerende onafhanklike direkteure met gelyke senioriteit, sal die nie-uitvoerende direkteur wat uittree, in die afwesigheid van konsensus, deur die president aangewys word.*

Die wysiging in die grondwet, soos vooraf uiteengesit, word eenparig deur die kongres goedgekeur.

## TEMA 1
## INSAE IN DIE PROSES VAN ONTEIENING SONDER VERGOEDING

### Professor Quinton Johnson - Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Instituut van Grond, Erfenis en Menseregte

Professor Johnson het verwys na die ongeregtighede van die verlede en sommige van die onregverdige grond-verwante wette. Hy stel voor dat 'n menseregte-benadering tot grondhervorming gevolg word, gebaseer op die doeltreffende implementering van artikel 25 van die Suid-Afrikaanse Grondwet.

Hy stel ook voor dat 'n nasionale grondplan onder leiding van die presidensie daargestel word, geïmplementeer via 'n nuwe super-ministerie en ondersteun deur 'n aangewese kabinetskomitee, om strategies toesig te hou daaroor, om doeltreffend te kommunikeer, te koördineer en uitvoering te gee aan die beleidsmandate van restitusie, herverdeling en verblyfsekerheid. Dit moet verrig word in samewerking met departemente met verwante mandate en bevoegdhede en met behulp van 'n voldoende en toepaslike begroting en aanvullende hulpbronne ten einde sukses te verseker.

Johnson het verder beklemtoon dat bestaande grondhervormingswetgewing effektief geïmplementeer moet word. Hy beveel aan dat 'n grond-ombudsman aangestel word; dat 'n geloofwaardige grondregister geskep word; en dat titelaktes met die oog op stedelike en landelike grondhervorming geprioritiseer word. Volgens hom is daar ook 'n behoefte aan nasionale wetgewing oor onteiening ingevolge waarvan die howe sal besluit oor die betekenis van "regverdig en billik", binne die konteks van grondhervorming.

Hy stel voor dat 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Landbou-ontwikkelingsagentskap op die been gebring word in die vorm van publiek-privaat vennootskappe tussen die landbousektor en die regering, wat dan getaak sal word met die doeltreffende operasionalise- ring van 'n nasionale grondplan.

## BESPREKING: ONTEIENING SONDER VERGOEDING

**Fasiliteerder: Dan Kriek, Agri SA president**

Die volgende punte is bespreek:

- Agri SA se huidige mandate: Annelize Crosby, hoof: Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid van Grond;
- Status quo: Annelize Crosby; en
- Terugvoering oor Agri SA se grondberaad, wat in Augustus 2018 gehou is.

Dan Kriek het verwys na die geskiedenis met die onteiening van grond en hoe dit deur swart mense ervaar is. Die bepalings van die Suid-Afrikaanse Grondwet met betrekking tot die onteiening van grond, spesifiek met verwysing na artikel 25, is aan die kongres voorgehou. Agri SA se strategie teen die onteiening van grond sonder vergoeding en die uitvoering daarvan, is aan die kongres verduidelik. Hy het verder verwys na Agri SA se holistiese plan ten opsigte van grondhervorming, die finansieringsplan waarmee Agri SA op die voorgrond was met transformasie en ander ontwikkelingsaktiwiteite die afgelope jaar.

Kriek het verder melding gemaak van die positiewe mediadekking wat Agri SA ontvang het met betrekking tot die organisasie se standpunte en betrokkenheid by grondhervorming en transformasie.

Annelize Crosby het Agri SA se huidige mandate ten opsigte van grondhervorming aan die kongres voorgehou, met spesifieke verwysing na standpunte wat goedgekeur is tydens kongresse wat sedert 2001 gehou is.

Spesifieke aandag is ook aan Agri SA se finansieringsplan gegee en werk in proses wat voortgevloei het uit die mandate en die finansieringsplan. Terugvoering is ook gegee oor die grondberaad wat in Augustus 2018 gehou is en aan nuwe mandate wat van die kongres verwag word.

Die volgende **besluite** word deur die kongres **goedgekeur:**

- Die bestaande kongresmandate, insluitend die holistiese en finansieringsplanne, word herbevestig;
- Agri SA bevestig sy standpunt teen die wysiging van artikel 25 van die Grondwet;
- Groter fokus moet geplaas word op die implementering van grondhervorming;
- Agri SA se "special purpose vehicle" (SPV) -voorstel moet verder ontwikkel word;
- Die beginsel "reg van eerste weiering", moet verder deur die Sentrum van Uitnemendheid: Grond, ondersoek word;
- Gebrek aan vertroue tussen georganiseerde landbou en die regering moet aangespreek word;
- Distrikgrondkomitees werk nie – 'n oplossing moet daarvoor verkry word;
- Agri SA moet deurlopend die wysiging van artikel 25 van die Grondwet ten sterkste opponeer; en
- Die raamwerk vir landbou-ontwikkeling en -finansiering word ondersteun, maar moet aangepas word.

**Christo van Staden**
***Besturende direkteur van LTP: BATSA***
Christo van Staden, besturende direkteur van Laeveld Tabak Koöperasie in Nelspruit, het 'n boodskap aan die kongres gelewer as die Diamantborg van die kongres.

## SKENKINGS AAN AGRI SECURITAS TRUSTFONDS

OFM, Afgri, NWK en Senwes het 'n skenking aan die Agri Securitas Trustfonds se voorsitter, Japie Grobler, oorhandig.

Agri Securitas Trustfonds het ook ander donasies ontvang, onder meer 'n mieliesaad-skenking van Bayer en donasies van Obaro en Santam Landbou.

Japie Grobler het die donateurs bedank vir die skenkings en gesê dat die Agri Securitas Trustfonds die ideale platform bied aan besighede wat hulle vereenselwig met die werk wat die Trustfonds doen om boerderygemeenskappe te beskerm en 'n bydrae ter ondersteuning van die taak te maak.

## UITSLAG VAN PRESIDENTSVERKIESING

Dan Kriek is vir 'n tweede termyn as president herkies.

## VERKIESING VAN ADJUNK-PRESIDENTE

Die uitvoerende direkteur het die kongres versoek om tydens middagete hul nominasies te doen vir die amp van eerste adjunk-president en daarna die nominasies vir die tweede adjunk-president, nadat die eerste adjunk-president verkies is.

## MIDDAGETE

Preline Swart het 'n tafelgebed gedoen, waarna middagete in die Tatso-buffetkamer bedien is.

## TEMA 2
### SPOED-AFSPRAAK MET BANKIERS

### Vassi Naidoo, voorsitter van Nedbank

Naidoo, wat sedert 2015 voorsitter van Nedbank is, is van mening dat dit belangrik is om erkenning te gee aan wat die landbousektor bereik het ten spyte van uitdagings soos beperkte staatshulp en wisselvallige reënval. "Hoewel slegs 13,5% van die land geskik is vir saaiboerdery en slegs 3% daarvan werklik prima-landbougrond is, is die land selfversorgend en 'n belangrike uitvoerder," sê Naidoo. "Suid-Afrika is een van die top-tien lande ter wêreld wat diverse gewasse soos pere, pomelo's, mielies en kasteroliesaad produseer. Verder is beeste, pluimvee, druiwe, melk en suikerriet ook belangrike bedrywe in terme van waarde en speel 'n belangrike rol in die ekonomie as geheel."

Naidoo glo ook dat die Suid-Afrikaanse landbou onderskat word wanneer dit kom by sy rol in die land se ekonomie.

Nedbank is dus daartoe verbind om die landboubedryf te ondersteun met die oog op volhoubaarheid asook die bevordering van innovasie. "My organisasie, Nedbank, is bewus van die belangrikheid en potensiaal van die landbou en het die afgelope agt jaar toenemend betrokke geraak by die sektor – die primêre bedryf sowel as agribesighede en koöperasies," aldus Naidoo.

> ***"My organisasie, Nedbank, is bewus van die belangrikheid en potensiaal van die landbou en het die afgelope agt jaar toenemend betrokke geraak by die sektor – die primêre bedryf sowel as agribesighede en koöperasies," aldus Naidoo.***

Nedbank het in 2012, saam met Old Mutual en Wiphold, R100 miljoen in 'n kommersiële, gemeenskapgegronde landbouprojek van 60 ha in die Oos-Kaap belê, wat nou gegroei het tot 2 000 ha en waar 2 200 eienaars is. Eiendomsreg het in dié projek 'n belangrike rol vir sukses gespeel. "Die landbou bied werkgeleenthede aan meer as 6% van alle werkende mense (soms meer as 10%), en daar is ook belangrike skakel-effekte met die algehele ekonomie via ander sektore, soos vervaardiging en dienste."

Naidoo is oortuig daarvan dat Suid-Afrika sinvolle maniere sal vind om wesentlike en positiewe grondhervorming en groei in hierdie sektor en in die ekonomie te bewerkstellig.

Naidoo het verder gesê daar moenie nou haastige besluite geneem word en toegelaat word dat emosies die oorhand kry nie omdat dit tot langdurige, onbedoelde gevolge kan lei. "Ek meen president Cyril Ramaphosa is opreg as hy sê enige hervorming moenie voedselsekerheid en ekonomiese groei of inklusiewe groei skaad nie.

"President Cyril Ramaphosa het 'n paneel van kundiges aangestel om hom oor grondhervorming te adviseer. Ek is bewus daarvan dat Agri SA se president, Dan Kriek, ook in die paneel dien. Ek glo dat hierdie 'n goed gekwalifiseerde paneel is en vertrou dat hulle vorendag sal kom met innoverende idees om die grondvraagstuk aan te spreek. Die paneel sal ons waarskynlik daaraan herinner dat onteiening slegs 'n klein gedeelte van die grondhervormingsdebat asook die toekomstige sukses van die landbousektor uitmaak." Hy het gesê hy het groot vertroue dat Ramaphosa se paneel oor grondhervorming met vernuwende idees sal kom.

## PANEELBESPREKING

### Paneellede:

**Omri van Zyl,** *Agri SA uitvoerende direkteur*
**Cobus Wells,** *hoof, AgriBesigheid, Absa*
**Nico Groenewald,** *hoof, PBB AgriBesigheid SA, Standard Bank*
**John Hudson,** *nasionale hoof, Landbou, Nedbank Besigheidsbank*
**Bertie Huggett,** *hoof, Landbou, FNB*
**Thabiso Mashugane,** *hoofbestuurder: Gestruktureerde finansiering, Land Bank*

Cobus Wells, hoof van AgriBesigheid by Absa, het mense gevra om versigtig te wees met persepsies en veralgemenings oor grondwaardes. "Ons moet dit as bedryf versigtig hanteer. Ons is baie bekommerd daaroor."

Absa monitor maandeliks wat met transakies gebeur. "Ons vind in sekere gebiede groeiwaardes, op sekere plekke beweeg dit sywaarts, en in sekere gebiede sien ons 'n daling, maar nie tot só 'n punt dat ons sê dit raak nou 'n groot probleem en ons wil beleggings onttrek nie. Ons sien wel 'n afname – plase verkoop stadiger in sekere gebiede. Maar iemand het eendag aan my gesê: Jy kan nooit genoeg vir goeie grond betaal nie en nooit te min vir slegte grond nie," sê Wells.

Nico Groenewald, hoof van AgriBesigheid by Standard Bank Suid-Afrika, het bygevoeg dat 'n bank se modelle oor moontlike slegte skuld deur die Reserwebank goedgekeur word en sulke modelle het tydsraamwerke wat behels dat siklusse ingesluit word. Dit is volgens hom nog te vroeg om tot gevolgtrekkings te kom dat grondwaardes in 'n sekere rigting beweeg het. Banke is oor die finansiering van opkomende boere uitgevra en het hul verbintenis daartoe uitgespreek, maar gesê kommersiële boere, as mentors, en die staat het ook 'n rol om te speel.

Groenewald meen daar is nou groeiende momentum van alle rolspelers om aan die tafel byeen te kom. Die grondberaad wat *Landbouweekblad* en Agri SA in Bela-Bela aangebied het, het volgens hom 'n belangrike rol gespeel om oplossings bekend te stel. Banke ervaar ook nou 'n bereidwilligheid van die staat se kant af.

Bertie Huggett, hoof van FNB Landbou, het gesê FNB bestee baie tyd daaraan om modelle te ontwikkel om opkomende boere te kan help. Kommersiële banke gebruik egter depositohouers se geld om aan ander te kan leen en moet dit volgens baie streng vereistes doen, wat depositohouers se geld moet beskerm. "Dit is geld van jou oupas en oumas en pensioenfondse." Huggett het gesê 'n projek moet 'n kommersiële element hê en winsgewend wees.

John Hudson, nasionale hoof van die landbou by Nedbank Besigheidsbank, het gesê die gronddebat het die landbou die afgelope ses tot agt maande 'n hoër profiel gegee, maar vir die oplossing van die grond-kwessie is dit nodig dat die breër ekonomie groei.

Die volgende besluite/aanbevelings word aan kongres opgedra:

- Banke is beperk deur regulatoriese vereistes en sekere wetgewing wat op die banke betrekking het, verhoed hulle om finansieringsmeganismes toe te pas anders as dit wat voorgeskryf word;
- Ontwikkelingsfinansiering is noodsaaklik om transformasie te bevorder en banke behoort meer aandag daaraan te gee; en
- Alle rolspelers behoort saam te werk om 'n ontwikkelingsfonds in plek te stel.

## Jesus Madrazo, hoof: Gewaskunde, Landbousake en Volhoubaarheid, Bayer

Madrazo het dit duidelik gestel dat Suid-Afrika die mees produktiewe boere ter wêreld het.

"Suid-Afrikaanse boere word omarm en het 'n regering wat hul toegang tot innovasie ondersteun. Dit bied hulle 'n mededingende voordeel bó hul eweknieë in ander lande wat minder toeganklik vir innovasie is," sê Madrazo. Bayer het onlangs die aankoop van Monsanto gefinaliseer en sodoende die globale leier in die landbou geword. "Daardie aankoop was in ooreenstemming met ons visie om vorm te gee aan die toekoms vir die landbou, boere, mense en die planeet. Jy kan nie 'n beter toekoms vir boere bou terwyl jy die behoeftes van die samelewing of die gesondheid van die planeet ignoreer nie. Jy kan ook nie mense se lewens verbeter sonder om boere te help om meer voedsel op volhoubare wyse te produseer nie."

Madrazo beklemtoon dat Suid-Afrika ongelooflike geleenthede bied vir belegging en, as 'n belangrike hub, kan die land ook verdere groei en ontwikkeling in Sub-Sahara-Afrika aanwakker.

Wat transformasie betref, meld Madrazo dat dit nie bloot gaan oor die gesig van die landbou in Suid-Afrika en toegang tot die sektor vir die samelewing as geheel nie, maar ook oor transformasie na 'n nuwe era van hoe ons landbou met nuwe tegnologieë bedryf. "Hierdie transformasie verg 'n gekoördineerde poging en investering op elke vlak deur mense wat streef na 'n gemeenskaplike doelwit."

Tydens sy toespraak kondig Madrazo ook aan dat Bayer 'n skenking van R1 miljoen aan die Agri Securitas Trustfonds maak. "Ons is trots om met instellings soos Agri SA en die Agri Securitas Trustfonds saam te werk vir die beskerming van boerderygemeenskappe. Ons hoop dat ons bydrae sal help om landelike veiligheid en sekuriteit te verbeter." Madrazo beklemtoon ook die belangrikheid van vennootskappe in hierdie verband.

"Ek sien daarna uit om met u almal saam te werk terwyl ons help om aan die toekoms van die landbou te bou en

van Suid-Afrika 'n voorbeeld vir die res van die wêreld maak."

## BOODSKAP VAN BESOEKENDE LANDBOU-UNIES

Dr Vuyokazi Mahlati het namens Afasa 'n groete-boodskap aan Agri SA gebring.

## UITSLAG VAN VERKIESING VAN ADJUNK-PRESIDENTE

**Eerste adjunk-president**
Pierre Vercueil – herverkies
**Tweede adjunk-president**
Phenias Gumede – herverkies

## INFORMELE FUNKSIE

Agri SA se informele funksie is vanaf 18:30 gehou in die Diamantsaal van die Maslow Time Square, waar Christo van der Rheede as programdirekteur opgetree het. Die verwelkomings is gedoen deur Agri SA se adjunk-president, Pierre Vercueil, terwyl Santam Landbou se uitvoerende direkteur, Lizé Lambrechts, 'n toepaslike boodskap gelewer het.

## DAG 2

Openingsboodskap – Ds Janine Truter.

## TEMA 3
## AGRI SA TRANSFORMASIE-HUB: BESPREKINGS EN OPLOSSINGS

**Fasiliteerder: Christo van der Rheede, Agri SA adjunk-uitvoerende direkteur**
**Ettienne van Wyk –** *skaapboer, Marydale*
**Tshilidzi Matshidzula (Chillie) –** *bees- en melkboer, Oos-Kaap*
**Gloria Serobe –** *stigterslid en uitvoerende direkteur Wiphold en Wipcapital*

### Ettienne van Wyk – skaapboer, Marydale

Ettienne van Wyk, veeboer van Marydale, wat vroeër vanjaar ook 'n spreker op *Landbouweekblad* en Agri SA se grondberaad by Bela-Bela was, sê hy is "heeltemal benoud" omdat die grond waarop hy boer, te klein is vir sy planne. "Ek sit in 'n tragedie. Is daar iemand wat my kan help, of kan sê waar ek moet gaan aanklop?

Ek besef ons mense is baie verleë as dit by so iets kom." Nou wil hy uitbrei, maar die Land Bank sê hy moet sekuriteit hê om 'n lening te kan kry. "Ek is bereid om die lening aan te gaan en (werk) in te sit, maar dit moet vir Van Wyk kan pas. Dit help nie ek kan grond koop, maar ek het nie vee nie." Hy het gevra dat 'n plan gemaak word vir boere soos hy.

Hy het reeds goeie mentors in sy omgewing, soos Dries Wiese, en 'n goeie rekenmeester, "wat my ore draai as ek te haastig raak (om uit te brei)." Van Wyk het van kleins af by Wiese geleer en later vir hom gewerk, tot hy grond by die staat gekry het.

### Tshilidzi Matshidzula (Chillie), bees- en melkboer, Oos-Kaap

Tshilidzi Matshidzula, suksesvolle opkomende bees- en melkboer van die Oos-Kaap, het 'n beroep op kommersiële boere gedoen om studente in diens te neem wat praktiese ervaring nodig het om hul diplomas te voltooi. "Wie weet, jy kan dalk net jou toekomstige vennoot só vind," het Matshidzula gesê.  Dit was juis deur so 'n geleentheid dat hy self op 'n plaas beland het, waar hy vinnig opgang gemaak het.

Toe hy en vennote later hul melkplaas wou uitbrei, het hy gedink omdat al drie swart is, sou hulle hulp by die staat kry, maar hulle het slegs leë beloftes gekry. Hulle het uiteindelik 'n 50%-aandeel aan hul buurman, Walter Biggs, verkoop om die nodige kapitaal te verkry en hoop om teen einde aanstaande jaar sowat 1 000 koeie te melk.  Matshidzula het die belangrikheid van kennis, verkry deur mentorskap, benadruk.

Hy en sy vennote het 'n mentorskapprogram begin en hy het ook sy studiegroeplede oortuig om jaarliks studente in te neem.

"Ons beoog om 27 tot 40 studente per jaar in te neem." Die Melkprodusente-organisasie gaan een van hul grootste vennote in die program wees. Die 3 800 ha

waarop hy sowat 700 stuks vee kan aanhou, is egter te klein vir hom en het boonop beperkte water.

## Christo van der Rheede, adjunk-uitvoerende direkteur van Agri SA

Van der Rheede het 'n voorlegging gedoen oor transformasieprojekte waarmee die AgroHUB besig is en ook verwys na operasie Phakisa, waarby Agri SA steeds betrokke is. Transformasie waarmee bedryfsorganisasies besig is en die bedrae wat reeds in die onderskeie organisasies bestee is aan transformasie, word aan die kongres voorgehou. Hy rig 'n versoek dat alle suksesstories rakende transformasie aan Agri SA deurgegee moet word om 'n kollektiewe verslag daaroor beskikbaar te kan stel.

**Die volgende besluite word deur kongres goedgekeur:**

- Die samestelling van 'n AgroHUB; en
- Die bestaande werk wat met transformasie gedoen word, asook die voortsetting en die uitbreiding daarvan.

# VERKIESING VAN AGRI SA SE KAMERBESTUURSLEDE EN DIREKSIE

**Voorsitter, ondervoorsitter en bestuurslede van:**

- Agri SA Bedryfskamer
- Agri SA Algemene Sakekamer
- Agri SA Korporatiewe Kamer

Die kamers verkies uit eie geledere drie verteenwoordigers om in Agri SA se direksie te dien.

Die volgende persone is verkies:

## Bedryfskamer

**Direksielede**
Jaco Minnaar
Niël Joubert
Sipiwo (SK) Makinana

**Kamerbestuur**
Dr Pieter Prinsloo - Voorsitter
Jannie de Villiers - Ondervoorsitter
Niël Joubert - Addisionele lid

## Algemene Sakekamer

**Direksielede**
Cornie Swart
Francois Wilken
Douglas Stern

**Kamerbestuur**
Cornie Swart - Voorsitter
Francois Wilken - Ondervoorsitter
Douglas Stern - Addisionele lid

## Korporatiewe Kamer

**Direksielede**
Gerhard Diedericks
Rossouw Cillié
Nic Bronkhorst

**Kamerbestuur**
Gerhard Diedericks - Voorsitter
Rossouw Cillié - Ondervoorsitter
Nic Bronkhorst - Addisionele lid

# TEMA 4
## JONG BOERE/BESIGHEIDSMANNE: HOE ONS VOEL OOR DIE TOEKOMS VAN LANDBOU IN SUID-AFRIKA

**Fasiliteerder: Jaco Minnaar, voorsitter: Graan SA**
**Willem de Chavonnes Vrugt,** *president: Agri Noordwes*
**Nic Bronkhorst,** *besturende direkteur: Obaro Groep*
**Gideon Hefer,** *hoof-uitvoerende beampte: InteliChem*
**Piet Engelbrecht,** *adjunk-president: Agri Limpopo*

## Jaco Minnaar, voorsitter: Graan SA

Minnaar het in sy inleiding gesê dat daar nie baie statistieke oor boere bekend is nie maar dat die gemiddelde ouderdom van boere ongeveer 54 jaar is. Die vraag is hoe daar te werk gegaan kan word om nuwe toetreders na landbou te lok as die hedendaagse uitdagings in landbou in ag geneem word en wat georganiseerd gedoen kan word en hoe kan positiwiteit vir landbou gekweek word.

Hy het hierna geleentheid aan paneellede gegee om hulself voor te stel.

### Willem de Chavonnes Vrugt, president: Agri Noordwes

De Chavonnes Vrugt het gesê dat vennootskappe met ervare boere 'n geleentheid skep vir jong boere om tot die boerdery toe te tree. Jong boere moet by georganiseerde landbou betrokke raak. Hy is positief oor landbou, ten spyte van baie uitdagings, maar is van mening dat alle uitdagings oorkombaar is. Hy is egter bekommerd oor diensleweringbetogings, die verval van die infrastruktuur en korrupsie wat die potensiaal van die ekonomie knou.

### Nic Bronkhorst, besturende direkteur: Obaro Groep

Bronkhorst het gesê dat die opleiding van jong mense noodsaaklik is en dat leerders reedsop skool van die potensiaal van landbou moet kennis neem. Sy organisasie, Obaro, is by skole en provinsiale organisasies betrokke en neem ook jongmense wat pas afgestudeer het by universiteite vir 'n jaar in diens by die organisasie waar hulle opleiding in alle fasette van 'n landboumaatskappy ontvang.

Hy het verwys na die beperkings wat banke stel om kapitaal te bekom vir jong toetreders tot landbou. Hy is van mening dat primêre landbou meer betrokke moet raak in vennootskappe saam met ander rolspelers om sodoende geleenthede te skep vir jong boere. Goeie netwerkverhoudings is noodsaaklik.

### Gideon Hefer, hoof-uitvoerende beampte: InteliChem

Hefer het gesê dat daar baie uitdagings in landbou is, maar dat hy opgewonde is daaroor en om oplossings vir die bedryf te vind. Jong mense moet ingelig word dat boerdery, georganiseerde landbou, landboubesighede en die verskaffers van landbouproduksiemiddele, oor die lang termyn aantreklik kan wees en terselfdertyd uitdagende werkgeleenthede skep.

### Piet Engelbrecht, adjunk-president: Agri Limpopo

Volgens Engelbrecht is tersiêre opleiding belangrik, maar om effektief te kan boer, moet jy jouself omring deur mense wat ervaring in die boerdery het. Een voorbeeld hiervan is gesinsboerderye, baie boere wat reeds geslagte op plase is en oor die nodige ondervinding beskik om as mentors vir jong boere op te tree. Volgens hom duur die proses om 'n winsgewende besigheid op te bou ongeveer 10 jaar.

## SEREMONIE TER ERKENNING VAN LEDE

Die onderskeie verteenwoordigers van Agri SA se Korporatiewe Kamer en Bedryfskamer het lidmaatskapsertifikate namens hul onderskeie organisasies ontvang.

**Korporatiewe Kamer**
Aerobotics
Afrivet
Alzu Enterprises
Cernotech
ENSafrica
East Rand Water Care Association
GrowingGains
GWK
Vertical Farming
MacRobert Prokureurs
Minthiro Foundation
Old Mutual Wealth Trust Company
Pro Agri
PSG Wealth
Rhodes Universiteit
Sasol
Sentinel Vision
Stellenbosch Universiteit
Tax Recoveries
Universiteit van die Vrystaat

**Bedryfsorganisasies**
Southern African Macadamia Growers' Association
South African Cane Growers' Association

## ALGEMENE JAARVERGADERING

### Programdirekteur

Omri van Zyl, uitvoerende direkteur van Agri SA

### MOSIES

Die president het die volgende mosies gestel:

Die kongres betuig graag sy meegevoel aan die naasbestaandes van leiers en lede van Agri SA se affiliasies wat die afgelope jaar heengegaan het. Hy maak ook spesiaal melding van landbouers, plaaswerkers en hul gesinslede wat die afgelope jaar as gevolg van geweldsmisdade gesterf het.

Henk van Wyk, voormalige president van Agri Noord-Kaap, Agri SA-direksielid en lid van Agri SA se Algemene Sakekamer, is onverwags oorlede en sy afsterwe het ons almal diep geraak. Henk, met sy humor en vinnige glimlag, sal altyd gemis word – as ons aan Henk dink, dan glimlag ons. Hy was geliefd en ons almal sal hom mis.

Guilleu du Toit het namens boere 'n mosie van dank betoon aan boere en organisasies wat 'n bydrae gelewer het aan boere wat gebuk gaan onder droogtetoestande. Die empatie van medeboere en die toegeneentheid om voer en ander hulpmiddele te skenk, word waardeer.

Die mosies word eenparig aanvaar.

### VOORLEGGING VAN FINANSIËLE STATE EN JAARVERSLAG

Die uitvoerende direkteur, Omri van Zyl, het geleentheid gebied aan Allan Bishop, voorsitter van Agri SA se Oudit- en Risikokomitee, om die verkorte finansiële state met kongres te bespreek. Die kongres het kennis daarvan geneem.

Agri SA se jaarverslag is aan die kongres voorgehou en met dank aanvaar.

### KONGRESBESLUIT - 2017

Willie Jacobs het toeligting gegee oor die vordering wat gemaak is met die kongresbesluit in 2017 om ondersoek te doen na die moontlike stigting van 'n nuwe nie-winsgewende maatskappy en om die bates van Agri SA oor te dra in die nuwe maatskappy.

**Kongres het daarvan kennis geneem en besluit dat:**

- Die organisasie in sy huidige vorm sal voortgaan en dat verdere besluite oor die formaat daarvan, indien nodig, op aanbeveling van die direksie aan die kongres voorgelê sal word; en
- Enige verdere wysiging aan die huidige struktuur kan gedoen word deur middel van wysigings aan die grondwet en aanhangsels van die grondwet.

### TOEKENNINGS

Tydens die informele funksie is die volgende toekennings in die vorm van oorkondes aan die volgende persone gemaak.

- Carl Opperman namens Algemene Sakekamer
- Henk Vermeulen namens Algemene Sakekamer
- Regter Antonie Gildenhuys namens Algemene Sakekamer
- Thinus Ferreira namens Bedryfskamer
- Borrie Erasmus namens Bedryfskamer
- Wiehahn Victor namens Bedryfskamer
- Francois van der Merwe namens direksie
- Dr Theo de Jager namens direksie
- Johannes Möller – ere-presidentskap namens direksie

### KONGRESBESLUITE

Kongresbesluite is aangetoon onder die spesifieke punt van bespreking waar dit van toepassing was.

## TOEKENNINGS VIR BESTE SPREKERS

Tema 1 - Hugo de Waal
Tema 2 - Nicol Jansen
Tema 3 - Kobus de Klerk
Tema 4 - Nico Smith

## BEDANKINGS

Dan Kriek het sy gelukwensing oorgedra aan ampsdraers wat in hul onderskeie hoedanighede gekies of herkies is. Hy het hoogwaardigheidsbekleërs, gaste, sprekers, borge, lede van die media, deelnemers en afgevaardigdes bedank vir die bywoning van die kongres.

Dank is aan die personeel van Agri SA gerig wat betrokke was by die reëlings van die kongres. Hy het verder landbouprodusente bedank vir hul onontbeerlike rol op 'n verskeidenheid van terreine, ook in die belang van Suid-Afrika.

Hy het verder sy dank aan ampsdraers van Agri SA en spesifiek die direksie oorgedra.

## AFSLUITING

Die kongres is deur dr Willem Pretorius met Skriflesing en gebed afgesluit.



SENTRUM VAN UITNEMENDHEID

# Arbeid en Ontwikkeling





*Neil Hamman*

Neil Hamman en Renier Snyman dien onderskeidelik as voorsitter en ondervoorsitter, met Johan Wege as addisionele lid. Jahni de Villiers is die hoof van die Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling.

Die komitee gee uitvoering aan sy nuwe strategie waarvolgens daar gefokus word op die deel van belangrike en relevante inligting, en die bou van goeie verhoudings met verskeie rolspelers in arbeidsverhoudinge.

## Sektorale vasstelling 13 (plaaswerkers)

Die nasionale minimumloon het op 1 Januarie 2019 in werking getree teen R18 per uur vir plaaswerkers. Dit sluit ook huiswerkers op plase en sekuriteitswagte in, wat nie indiens van private sekuriteitsmaatskappye is nie. Die sektorale vasstelling geld steeds sover dit die diensvoorwaardes van plaaswerkers aangaan, maar die betaling van plaaswerkers word nou deur die Nasionale Minimumloonwet gereguleer.

## Nasionale minimumloon

Die Nasionale Minimumloonwet het op 1 Januarie 2019 in werking getree. Volgens hierdie wetgewing is die landbousektor 'n spesiale dispensasie toegestaan waarvolgens plaaswerkers teen 90% van die nasionale minimumloon vergoed word. Verder is die afgelope jaar gekenmerk deur verskeie prosesse by die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) om die praktiese implementering van die Nasionale Minimumloonwet so naatloos moontlik te laat gebeur. Dit sluit in die formulering van 'n afdwingingstrategie en die ontwerp van 'n elektroniese stelsel om kwytskeldings te hanteer.

Jahni de Villiers is deur die minister van arbeid aangestel as 'n nasionale minimumloon-kommissaris, wat die minister moet adviseer oor alle aspekte rakende die nasionale minimumloon.

> *Jahni de Villiers is deur die minister van arbeid aangestel as 'n nasionale minimumloon-kommissaris, wat die minister moet adviseer oor alle aspekte rakende die nasionale minimumloon.*

## Verhouding tussen Agri SA en die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie

Agri SA het in 2018 'n driejaar-ooreenkoms met die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) onderteken en dié werkverhouding sluit in verskeie uitreik-inisiatiewe in die landbousektor, sowel as die uitrol van die KVBA se opleiding-afleggingskema by boerderye wat finansiële druk ervaar.

Die KVBA beoog om in die tweede helfte van 2019 praktiese uitvoering aan die ooreenkoms te gee deur te fokus op werkgewers wat onder erge druk verkeer weens droogte of dreigende stakings.

## Future of Work-verslag onder leiding van die Internasionale Arbeidsorganisasie

Agri SA lewer insette in hierdie verslag deur die toepaslike strukture van Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa). Jahni de Villiers word gekies as een van vyf verteenwoordigers van Busa om die 108ste Internasionale Arbeidskonferensie in Genève by te woon, waar sy spesifiek 'n inset lewer in die onderhandelinge rondom die voorgestelde konvensie teen geweld en teistering in die werkplek. Jahni verteenwoordig Busa ook tydens die aanloop tot die Internasionale Arbeidskonferensie by die 45-jarige viering van die Afrika-streek Arbeidsraad (Arlac) in Durban, wat saam met die 100-jarige viering van die Internasionale Arbeidsorganisasie gehou is.

## Jobs Summit

Agri SA het deelgeneem aan die Jobs Summit, soos deur die president aangekondig. Die proses het die waardevolle geleentheid gebied om die Agri Phakisa plaaswerker-behuisingprojek op hierdie platform bekend te stel.

## Voorsorgfonds vir plaaswerkers

Voorsiening vir aftrede is 'n belangrike element van die verhouding tussen werkgewers en werknemers. Absa se Landbousektorvoorsorgfonds het weer eens aandag geniet gedurende die jaar, en die fondsadministrasie is suksesvol oorgedra aan Sanlam. Die voorsorgfonds word goed bestuur en die fokus bly op die vergroting van lidmaatskapgetalle.

## Beleidsvlak: Ontwikkelingswerk

Die beleidshoof is lid van die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) se Ontwikkelingskamer en het hierdie jaar op die Omvattende Sosiale Sekuriteit-taakspan gedien, wat fokus op hervorming van die land se aftreevoorsiening, gesondheidsorg en maatskaplike toelae-stelsels om seker te maak dat dit tot voordeel van alle landsburgers is. Dit blyk dat hierdie werk vir die voorsienbare toekoms sal voortduur.

## AgriSETA

Christo van der Rheede dien steeds as die voorsitter van die AgriSETA-raad, en Neil Hamman as raadslid. Zenzela Myenza is aangestel as uitvoerende hoofbestuurder van AgriSETA.

## Landbou-ondernemings-bestuuropleiding

Agri SA het in 2018 ondernemingsbestuuropleiding saam met die Universiteit van Stellenbosch aangebied met die oog daarop om dit by nog universiteite aan te bied.

## Sosiale-eenheidsooreenkoms

'n Sosiale-eenheidsooreenkoms, wat primêre landbou se verbintenis tot gesonde en vooruitstrewende landelike gemeenskappe bevestig, is gesamentlik deur die Grond- en Arbeid-Sentrums van Uitnemendheid ontwikkel. Die sosiale-eenheidsooreenkoms sal deur Agri SA se strukture aan hul lede bekendgestel word.

## Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad


Die beleidshoof is lid van die Arbeidsmarkkamer (LMC) by die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac). Die kamer fokus hoofsaaklik op arbeids- en maatskaplike aangeleenthede. Die LMC poog om konsensus tussen die regering, georganiseerde landbou, georganiseerde arbeid en die sakesektor te bewerkstellig. Die beleidshoof is ook verkies om Busa te verteenwoordig tydens sogenaamde Artikel 77-aansoeke, waar partye kan aansoek doen om toestemming vir beskermde protesaksie vir sosiale aangeleenthede.






SENTRUM VAN UITNEMENDHEID
# Ekonomie en Handel



*Nicol Jansen*

Ná die afsterwe van die voorsitter, Henk van Wyk, het Jannie de Villiers van Graan SA as voorsitter waargeneem. Hierdie Sentrum van Uitnemendheid funksioneer tans onder voorsitterskap van Nicol Jansen, met Jannie de Villiers as adjunk-voorsitter en dr Requier Wait as hoof. Dr Wait word bygestaan deur Martina Benadé en Nel Coetzee.

## Omvang van werk

Die sentrum se aktiwiteite hou verband met ekonomiese aangeleenthede wat 'n uitwerking het op die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van die landbou. Wat ekonomiese sake betref, lewer die sentrum insette en/of kommentaar oor ekonomiese beleid, insetkoste, die dieselkorting vir landboudoeleindes, belastingaangeleenthede, risikobestuur, landbounavorsing, water- en elektrisiteitstariewe asook landbouwetgewing. Die sentrum hou ook toesig oor aspekte wat verband hou met padinfrastruktuur, telekommunikasie en tegnologie-ontwikkeling en -oordrag.

Gedurende die verslagjaar is die oorgrote meerderheid tyd aan elektrisiteitsake asook hernubare energie bestee, met gemengde sukses. Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel gaan hom in 2019 toespits op die swak toestand van paaie in landelike gebiede in Suid-Afrika. Die departement van vervoer se swak onderhoud en opgradering van paaie (teer en grond) het 'n koste-effek op produksie in die landboubedryf.

## RAMPBESTUUR EN DIEREGESONDHEID

## Artikel 7-droogteverslag

In die vorige verslagjaar het Agri SA voorgestel dat 'n slim droogtebestuursplan (SDM-plan) ingestel word om die negatiewe impak van rampe op Suid-Afrika se landbousektor te versag. Die suksesvolle implementering van die SDM-plan vereis samewerking tussen die regering en die landbou- en privaatsektore asook die ondersteuning van die algemene publiek.

Agri SA het, in samewerking met die Nasionale Landboubemarkingsraad (NAMC), die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) en die African Farmers' Association of South Africa (Afasa), insette gelewer op die tweede verslag van die artikel 7-komitee oor droogte. Een van die insette was Agri SA se slim droogtebestuursplan.

*"Agri SA het, in samewerking met die Nasionale Landboubemarkingsraad (NAMC), die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) en die African Farmers' Association of South Africa (Afasa), insette gelewer op die tweede verslag van die artikel 7-komitee oor droogte. Een van die insette was Agri SA se slim droogtebestuursplan.*

Hierdie verslag van die "Section 7 committee on drought" is deur die minister van landbou, bosbou en visserye goedgekeur. Die verslag bied diepgaande aanbevelings wat voorsiening sal maak vir 'n volhoubare wyse waarop droogtes gehanteer kan word. Daar is vier aanbevelings wat die SDM-plan aanspreek, naamlik:

- Vestiging van 'n rampfonds;
- Stigting van publiek-privaat vennootskappe (PPVe);
- Opstel van multi-risiko-landbouversekering; en
- Skep 'n vroeë waarskuwingstelsel om ramprisiko's te versag.

Volgens die NAMC bly die komitee se werk relevant totdat daar sigbare vordering gemaak is met implementering van die aanbevelings in die verslag. Gegewe die verandering in regeringsadministrasie, het die komitee nog nie 'n geleentheid gehad om behoorlik met die nuwe minister te skakel nie.

Intussen is die komitee se verslag in Mei 2019 aan die HUB-forum (Forum vir hoof-uitvoerende beamptes in die landbousektor) voorgelê. Die direkteur-generaal het die betrokke Daff-amptenare gevra om te reageer.

NAMC-amptenare het vergader met die betrokke Daff-amptenare, wat belowe het om inligting te verskaf oor wat Daff tans doen omtrent elk van die komitee se aanbevelings. Hierdie reaksie wat afgewag word, sal help om bedryfsgapings wat mag bestaan, te identifiseer sodat die komitee dit onder die nuwe minister se aandag kan bring.

### Nasionale Dieregesondheidsforum

Agri SA, as lid van die Nasionale Dieregesondheidsforum (NAHF), het verskeie vergaderings gedurende die verslagjaar bygewoon. Die NAHF bestaan uit diereproduksie-organisasies en ander relevante organisasies in die dieregesondheidsbedryf, asook provinsiale organisasies wat lede van Agri SA is. 'n Omvattende agenda is tydens die verslagjaar deurgewerk, met inbegrip van skakeling met Daff en kommunikasie met Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) oor die status en opdatering van die beskikbaarheid van entstowwe.

Oor die afgelope ses jaar het die NAHF oor 'n wye spektrum werk gedoen ter verbetering van die dieregesondheidsbedryf. Suksesstories sluit in die daarstelling van die veeartsenystrategie, vee-identifikasie- en opspoorbaarheidspogings, die vestiging van ondernemersverklarings, die bemarking van diere in die bek-en-klouseer-sone, verpligte gemeenskapsdiens-uitreikingsinisiatiewe, die herinstelling van Suid-Afrika se bek-en-klouseer-vrye status, en die uitbreek van miltsiekte langs die Lesotho-grens.

## BELASTINGAANGELEENTHEDE

### Hersiening van die dieselterugbetalingstelsel

Tydens Augustus 2018 het die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) gesamentlik uitgebreide konsultasies gehou oor die gepubliseerde besprekingsdokument, "Review of the diesel fuel tax refund system", deur 'n reeks bedryf-spesifieke werkwinkels te hou. Besprekings het gefokus op die definiëring van primêre produksie-aktiwiteite vir verskillende sektore, die toerusting en voertuig-tipes betrokke in hierdie sektore; 'n aparte dieselterugbetalingstelsel; logboeke en rekordhouding; registrasie en gebruikerprofiele; en spesiale bedelings vir kleinskaalgebruikers.

Die voorgestelde stelsel se fokus skuif van kwalifiserende gebruiker na kwalifiserende aktiwiteite. Die ontwerp van die nuwe selfstandige dieselterugbetalingstelsel sal uiteengesit word in reëls en regulasies wat gedurende 2019 vir kommentaar gepubliseer sal word.

Agri SA het in samewerking met Graan SA 'n voorlegging gemaak insake die hersiening van die dieselterugbetalingstelsel. 'n Verdere voorlegging is ook aan die Nasionale Tesourie en SAID gemaak rakende 'n lys van primêre produksie-aktiwiteite en prosesse asook 'n lys van die verskillende voertuie wat in hierdie prosesse gebruik word. Lede moes aandui of hierdie voertuie/toerusting 'n enkel- of tweeledige doel het.

Sekere sektore en verteenwoordigende liggame sal verder deur SAID vir konsultasie en insette gekontak word, indien nodig. Hierdie stelsel sal waarskynlik gedurende 2020 geïmplementeer word. 'n Nuwe dieselkorting-administrasiestelsel is uiters belangrik vir die lewensvatbaarheid van kommersiële landbou, en Agri SA sal alles in sy vermoë doen om hierdie stelsel vir lede te bewerkstellig en te verbeter.

### Dieselterugbetaling in die 2019-begroting

In die 2019-begrotingsoorsig is daar na die volgende verwys: by boerdery-, bosbou- en mynboubedrywe word dieselkortings betaal wanneer hulle diesel aankoop. Hierdie terugbetalings is bedoel om die padongelukkefonds (POF)-heffings wat hierdie gebruikers betaal, te vergoed. Daar is dieselgebruikers in bogenoemde sektore wat waarskynlik nog steeds voordele van die POF ontvang as hulle ongelukke met voertuie ervaar, selfs al is die ongeluk nie op provinsiale of nasionale paaie nie. In die 2019/20-begroting word voorgestel dat die POF-heffing dieselterugbetaling vir die primêreproduksiebedrywe beperk word om te verseker dat dieselgebruikers in hierdie sektore op billike wyse bydra tot hul POF-kwytskelding.

Agri SA het sy kommer uitgespreek oor die Nasionale Tesourie se voorneme om in die toekoms die POF-heffingsvoordele vir primêre produksie in die landboubedryf te beperk. Volgens Agri SA, sowel as Graan SA, eis produsente nie teen die POF-heffing vir ongelukke wat op die plaas geskied nie. Enige ongelukke op die plaas behoort, volgens hulle, nie te kwalifiseer vir 'n POF-eis nie. Verlaging van die persentasie waarvoor primêre produsente in die landbou kwalifiseer ingevolge die dieselterugbetalingstelsel, sal strydig wees met die doelstelling van die fonds. Die doel van die dieselterugbetalingstelsel is om Suid-Afrika se primêre produsente te beskerm teen internasionale mededinging en om die pad-verwante belastinglas van die POF-heffing vir sekere nie-padgebruikers te verminder.

Volgens die Nasionale Tesourie is die begrotingsaankondiging oor vermindering van die POF-heffing 'n voorstel wat verder ondersoek sal word in die toekoms. Die implementeringsdatum daarvan sal van daardie ondersoek afhang en sal dus tans geen uitwerking op die dieselterugbetalingskoers hê nie. Agri SA sal reageer op enige veranderings wat aan die dieselterugbetalingstelsel gemaak word en sy lede daarvan in kennis stel.

## Suid-Afrikaanse Instituut vir Belastingkundiges

Gedurende die verslagjaar is die finale verslag insake die opname wat Agri SA in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Belastingkundiges (SAIT) gedoen het, gepubliseer. Die hoofdoel van hierdie opname was om te bepaal of die probleme oor die vertragings in dieselterugbetalings beperk is tot spesifieke provinsies en of dit moontlik 'n algemene probleem is. Verder moes die opname die duur van vertragings en die hoofredes daarvoor bepaal asook of en hoe dit aangespreek word.

## Kantoor van die Belastingombud

Agri SA het 'n brief aan die Belastingombud rakende probleme met dieselterugbetalings geskryf. Die opname oor dieselterugbetalings wat Agri SA in samewerking met SAIT gedoen het, en wat probleme uitwys wat boere ondervind ten opsigte van die terugbetaling van dieselkortings, is ook met die Belastingombud gedeel. Agri SA en sy lede het 'n baie goeie terugvoer by die ombud gekry. Die ombud het ook druk op die Nasionale Tesourie geplaas oor die uitbetaling van BTW-eise, soos geblyk het uit die mini-begroting.

Die sleutelaangeleenthede wat met die Belastingombud gedeel is, sluit die volgende in:

- Produsente word nie in kennis gestel dat 'n eis geoudit word nie (gebrek aan kommunikasie);
- Wanneer boere eers in die ouditproses is, versoek die ouditeure blykbaar aanhoudend bykomende inligting as 'n manier om die proses te vertraag. Die ouditvereistes kan soms te onprakties en omslagtig wees om aan te voldoen;
- Daar is geen amptelike logboeke wat boere kan gebruik nie, terwyl ouditeure blykbaar 'n spesifieke logboek as verwysingspunt gebruik; en
- Daar is blykbaar geen gestandaardiseerde spertye waarbinne die oudits voltooi moet word nie, aangesien elke versoek om bykomende inligting voortdurend die spertyd vir afhandeling van die oudit verskuif.

Gegewe die oorgangstydperk tot vestiging van die nuwe stelsel, het Agri SA die kantoor van die Belastingombud versoek om kennis te neem van moontlike stelselprobleme met die verwerking en uitbetaling van eise, soos weergegee in die opname-resultate wat ons aan hulle gestuur het.

## Belangrikheid van die dieselterugbetalingstelsel vir die landbou

Nadat Agri SA 'n aantal klagtes ontvang het rondom die vertraging in uitbetaling van eise deur SAID, het die organisasie ook 'n brief aan die minister van finansies gestuur waarin die probleme wat ervaar word met die huidige stelsel aan hom verduidelik is. Diesel is 'n belangrike insetkoste vir baie boere. In terme van die landbou se totale besteding aan intermediêre goedere en dienste, het brandstof ongeveer 8,5% (R13 miljard) in die 2018-finansiële jaar verteenwoordig.

Ons het reeds die kantoor van die Belastingombud

versoek om kennis te neem van moontlike stelselprobleme met die verwerking en uitbetaling van eise. Indien die Ombud bevind dat daar gronde is vir verdere optrede, sal Agri SA die minister se gunstige oorweging in hierdie verband waardeer.

Die dieselterugbetalingstelsel is 'n gewaardeerde ondersteuningstruktuur vir kwalifiserende bedrywe soos die landbou. Vertragings in die uitbetaling van eise het egter 'n uitwerking op kontantvloei en laat 'n boer met 'n tekort wat bestuur moet word. Hierdie punt bly op die sentrum se sakelys vir die komende jaar.

### Black Producers Commercialisation Programme Blended Finance-fasiliteit

Die projek behels die ondersoek van 'n gemengde finansieringsproduk (BEE/Blended Finance/Partnership), wat deels uit 'n terugbetaalbare lening van 'n finansiële instelling en deels uit 'n staatstoekenning bestaan.

> ***"Die projek behels die ondersoek van 'n gemengde finansieringsproduk (BEE/Blended Finance/ Partnership), wat deels uit 'n terugbetaalbare lening van 'n finansiële instelling en deels uit 'n staatstoekenning bestaan.***

Die departement van landbou, bosbou en visserye (Daff), die departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming (DRDLR) en die Land Bank het 'n drieledige ooreenkoms onderteken vir die vestiging van 'n Black Producers Commercialisation Programme Blended Finance-fasiliteit (BPCP-BF). BPCP-BF-fondse, wat beskikbaar gestel word deur Daff en die DRDLR, word geadministreer deur die Land Bank.

Die onafhanklike befondsingsforum (FF) bestaan uit deelnemers van Daff, die DRDLR en ander staatsinstellings. Die FF dien as koppelvlak tussen die befondsers (kommersiële banke en ontwikkelingsfinansieringsinstellings, insluitend die Land Bank) en die fonds-administrateur (Land Bank) in die aanwending van BPCP-BF-hulpfondse. Die fondsadministrateur hou toesig oor die BPCP-BF-uitbetalings en is verantwoordelik vir die monitering van en verslagdoening oor alle uitbetaalde fondse. Die BPCP-BF sal sinvolle verandering in die landbou-, bosbou- en visserysektor bewerkstellig. Die sleutelveranderings sal soos volg wees:

- Afname in swart produsente se afhanklikheid van toelae, asook beter toegang tot en meer bekostigbaarheid van lenings;
- Uitbreiding van die landboubasis en toetrede van nuwe swart entrepreneurs tot die sektor; en
- Verskuiwing in die demografiese samestelling van Suid-Afrika se kommersiële landbou-, bosbou- en visserybedrywe en transformasie van die sektor.

Die Land Bank is genooi om dit by die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel te kom toelig. Dokumentasie is aan lede gesirkuleer en verdere inligting in hierdie verband sal ook versprei word.

## INFRASTRUKTUUR, LOGISTIEK EN VERVOER

### Telkomlyne

Agri SA het vergaderings met diensverskaffers van Telkom, Openserve, gehad om probleme wat deur die landbou insake telefoonlyne ondervind word, te bespreek. Agri SA het 'n ooreenkoms met Telkom geteken, waarvolgens lede van Agri SA 50% afslag kry op 'n alternatiewe stelsel.

Telkom probeer om Agri SA se lede te help deur afslag te gee op 'n alternatiewe stelsel. Die Sentrum van Uitnemendheid het gekyk na kostes verbonde aan hierdie stelsels en alternatiewe kostes is ook aan affiliasies gekommunikeer.

Die Sentrum van Uitnemendheid het ook gedurende die verslagjaar 'n regsmening insake die opskorting

van kommunikasiedienste deur Telkom gekry. Volgens hierdié regsmening het lede van Agri SA twee opsies:

- Om oor die saak met die diensverskaffer te konsulteer; of
- Om 'n klag te lê by die Independent Communication Authority of SA (ICASA).

Die steel van batterye, afbreek van Telkomtorings en ook ander, beïnvloed landelike veiligheid. Agri SA se lede was van mening dat hierdie strukture behoue moet bly. Maar, indien Telkom dwing word om telefoonlyne te behou, gaan die huidige stand van probleme nog steeds voortduur, aangesien hierdie lyne weer gesteel en dienste weer onderbreek gaan word. Die Sentrum van Uitnemendheid sal die nuutste verwikkelinge aan lede kommunikeer.

## Versoek opdatering van mobiele netwerk-kapasiteit

Landbou is 'n belangrike sektor binne die Suid-Afrikaanse ekonomie, nie soseer oor sy bydrae tot die bruto binnelandse produk (BBP) nie, maar eerder weens die maatskaplike voordele wat hy bied in terme van werkgeleenthede en landelike ontwikkeling. Boerderye het 'n invloed op voedselsekerheid in Suid-Afrika; daarom is doeltreffende besigheidskommunikasie noodsaaklik. Boerderytegnologie en -veiligheidstelsels is afhanklik van doeltreffende mobiele netwerke.

> ***Boerderye het 'n invloed op voedselsekerheid in Suid-Afrika; daarom is doeltreffende besigheidskommunikasie noodsaaklik.***

Volgens die meeste van Agri SA se provinsiale organisasies, word daar probleme ondervind met dekking. Wanneer hierdie netwerk-kapasiteit beperk word, het dit 'n direkte impak op boere, hul gesinne en plaaswerkers. Hulle kan nie misdade aanmeld nie en die koste om besigheid te doen word 'n finansiële las. Agri SA, namens sy lede, het gevra vir 'n geleentheid om met mobiele netwerkmaatskappye te skakel in hierdie verband. Vorige vergaderings wat Agri SA se affiliasies met hierdie maatskappye gehou het, het nie gelei tot enige verbetering nie.

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel het besluit om 'n kort opname te onderneem om die besonderhede van spesifieke probleme wat deur boere ervaar word, te bepaal. Die hoofdoel van hierdie opname was om vas te stel of die probleem beperk is tot spesifieke provinsies en of dit 'n meer algemene probleem is. Die resultate van die opname sal gebruik word in deurlopende skakeling met die mobiele netwerkmaatskappye.

## Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeermisdrywe

Die Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeermisdrywe (AARTO) is vir die eerste keer in 1998 uitgevaardig. Daarna was daar geen verdere ontwikkeling vir ongeveer 10 jaar nie, ook nie enige ontwikkeling of uitvaardiging van regulasies nie. Die eerste konsepregulasies is in 2008 ter tafel gelê – ná twee wysigings tot die wet.

Die regulasies het voor die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) gedien, terwyl die departement van vervoer (en later die Padverkeersbestuurskorporasie) toesig gehou het oor 'n loodsprojek in die Tshwane- en Johannesburgse metro-gebiede.

In 2014/15 is die Nedlac-taakspan wat aangestel is om oor die wetgewing te beraadslaag, ingelig oor 'n verslag insake die loodsprojek, wat ongelukkig nie aan Nedlac-groeperings of ander belanghebbendes beskikbaar gestel is voordat 'n goedgekeurde weergawe daarvan deur die departement van vervoer uitgereik is nie.

AARTO is tot dusver geïmplementeer ongeag die Nedlac-groeperings se besware oor die impak daarvan op werkgeleenthede en implikasies in die verkeerpolisiëringsfeer. Belanghebbendes het ook beswaar gemaak by

Nedlac (waarvan Agri SA deel is) omdat AARTO blykbaar die generering en insameling van inkomste prioritiseer deur middel van 'n verbeterde insamelingstelsel.

## National Roads Policy for South Africa, 2017

'n Konsepverslag rakende die National Roads Policy for South Africa wat binne Nedlac gehanteer is, is gedurende die verslagjaar met lede gedeel. Agri SA het ook geleentheid gehad om binne hierdie struktuur kommentaar te lewer.

## Departement van vervoer

Hierdie Sentrum van Uitnemendheid het 'n suksesvolle vergadering met die departement van vervoer (DoT) op 10 April 2019 gehou met die doel om nouer bande te smee. Die hoof van ekonomie en handel is vergesel deur 'n verteenwoordiger van beide Graan SA en Besigheid-eenheid Suid-Afrika (Busa). Die sleuteluitkomstes van die vergadering was soos volg:

- Agri SA sal die Provincial Roads Maintenance Grant (PRMG)-vergadering op 26 April bywoon. Lede van Agri SA is genooi om die spesifieke behoeftes van hul provinsies te deel;
- Wat die beweging van landboutoerusting (stropers, ens.) en lisensiëringsaangeleenthede betref, is daar kontak gemaak met die betrokke DoT-amptenaar. Opvolgvergaderings sal gereël word; en
- Die DoT en Busa sal kyk na die herinstelling van 'n forum tussen Busa en die DoT wat op 'n gereelde basis kan vergader om sleutelaangeleenthede te bespreek. Agri SA sal via Busa aan hierdie forum deelneem.

## Landboutoerusting wat nie gelisensieer kan word nie

Agri SA, Graan SA en Busa het in April 2019 met die departement van vervoer (DoT) vergader om die toestand van paaie, lisensiëring van landboutoerusting en trekkerbestuurderlisensies te bespreek. Die DoT kon nie glo dat lisensiëring van stadigbewegende plaasmasjinerie 'n probleem is nie. Volgens die departement moet hierdie proses op dieselfde basis as abnormale voertuie gehanteer word. Agri SA het die DoT ingelig dat dit nie die geval is nie en dat elke provinsie die lisensiëring verskillend hanteer. Kontak is gemaak met die direkteur van DoT se lisensiëringsdepartement.

Agri SA en Graan SA sal motiverings skryf oor hoe toerusting, wat tans te wyd en swaar is om te lisensieer, gehanteer behoort te word. Voorbeelde en foto's van hierdie tipe voertuie sal deur georganiseerde landbou beskikbaar gestel word.

## Agterstand in uitreiking van bestuurderslisensies

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel het die DoT se vordering met die agterstand in die uitreiking van bestuurslisensies aktief gemoniteer en druk op die departement geplaas. Gedurende die verslagjaar het die minister van vervoer 'n instruksie aan die provinsiale- en munisipale verkeersowerhede gegee om nie motoriste wat voldoen aan die voorwaardes van die aansoek en hernuwing van hul bestuurslisensies te penaliseer nie. Agri SA het die DoT genader met 'n versoek om hom te voorsien van die nodige instruksies en ander dokumentasie wat die situasie verduidelik maar het geen reaksie gekry nie. Hierdie probleem is gelukkig binne 'n relatiewe kort periode opgelos.

## Verhoging in transaksiefooie

Die minister van vervoer het sy voorneme om die transaksiefooie wat betaalbaar is aan die Padverkeers-bestuurskorporasie vir 2019, vir kommentaar en insette gepubliseer.

Agri SA het aanbeveel dat die voorgestelde stygings binne die konteks van vorige stygings en 'n aanvaarde vergelyking van prysstygings, naamlik die verbruikers-prysindeks, oorweeg word. Die betrokke fooi, wat R30 in 2016 was, het gestyg tot R42 in 2017 en daarna tot R72 in 2018. Met die voorgestelde verhoging, sal die fooi R82 in 2019 beloop. In ag genome die toename vanaf 2018 tot 2019, sal die fooi met ongeveer 14% verhoog. As verwysingspunt: die monetêre beleid stel 'n inflasieteiken van tussen 3% en 6%. Die jaarlikse inflasiekoers

in Suid-Afrika vir 2018 was 4,7%. Die 14% is dus meer as dubbel die boonste limiet van 6%. Indien die minister die stygings van 2016 tot 2019 oorweeg, verteenwoordig dit 'n verhoging van ongeveer 173%.

Gegewe die mate van stygings sedert 2016, tekortkominge in dienslewering asook die negatiewe uitwerking op die landbou, het Agri SA versoek dat die huidige verhoging in fooie nie goedgekeur word nie. Die fooi behoort behou te word op R72. Wanneer die nuwe transaksiefooi gepubliseer word, sal lede daarvan in kennis gestel word.

## Infrastruktuuropname

Betroubare inligting oor probleme aangaande die toestand van infrastruktuur in landelike gebiede, soos ervaar deur Agri SA se lede, was nodig om hierdie kwessies uit te lig en met tersaaklike regerings- en semi-staatsinstellings te bespreek. Om hierdie rede het Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel besluit om 'n infrastruktuuropname onder al sy provinsiale- en bedryfsorganisasies te doen. Hierdie dokument bied 'n oorsig van die sleutelaangeleenthede en sal gebruik word vir konstruktiewe skakeling tussen Agri SA en die DoT. Die doel is om oplossings te bewerkstellig vir die probleme wat lede van Agri SA ervaar.

Agri SA het met die DoT geskakel om sleutel-infrastruktuurbeperkings wat 'n negatiewe impak op die landbou het, uit te lig. Ons infrastruktuuropname en die inligting wat verkry is uit ons "Hoe lyk jou paaie"-veldtog is gebruik om die samesprekings te rig en om te help om moontlike oplossings en samewerking te bewerkstellig.

## Beginsels met betrekking tot infrastruktuur

Tydens die vergadering van die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel op 14 Maart 2019, is daar besluit dat provinsiale- en bedryfsorganisasies Agri SA sou voorsien van beginsels ten opsigte van infrastruktuur (instandhouding van paaie) wat aangespreek moet word tydens ons vergadering met die DoT. In die proses, is provinsiale affiliasies genader om die Sentrum van Uitnemendheid te help met relevante inligting wat gebruik is tydens skakeling met die DoT.

## Koste van hawens in Suid-Afrika

Die hoof van Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel dien in Busa se Vervoer- en Logistieksubkomitee. Deel van hierdie komitee se werk sal wees om die koste van hawens te ondersoek. Hierdie komitee sal ook skakel met die regering oor die koste van hawens; die belangrikste probleme wat met hawens ervaar word; en die areas waar hawens wel goed funksioneer.

Agri SA en hierdie komitee het konkrete inligting nodig om die probleme wat deur lede ervaar word onder die aandag van die betrokke staatsinstansies te bring. Om hierdie rede het die Sentrum van Uitnemendheid 'n kort opname oor hierdie aspekte onder sy lede gedoen. Hierdie inligting is gebruik tydens 'n vergadering van hierdie subkomitee met die hoof-uitvoerende beampte van Transnet en die hoof van die Nasionale Haweowerheid om verskeie uitdagings wat besigheidsmense by die hawens ervaar, aan te spreek.

# ELEKTRISITEIT

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel hanteer 'n aantal sleutel-elektrisiteits-aangeleenthede, naamlik:

## Multijaar-prysvasstelling vir die finansiële jare 2019/20 tot 2021/22

Die Nasionale Energiereguleerder (Nersa) het Eskom se vierde multijaar-prysvasstelling (MYPD4)-aansoek, wat in totaal R219 miljard, R252 miljard en R291 miljard vir die finansiële jare 2019/20, 2020/21 en 2021/22 onderskeidelik beloop, op 14 September 2018 ontvang. Agri SA het aktief deelgeneem aan Nersa se openbare verhoorproses deur skriftelike kommentaar in te dien en aanbiedings te maak tydens die openbare verhore in Januarie 2019. Hierdie is die amptelike meganisme wat beskikbaar is om Nersa se tariefbesluite te beïnvloed deur ons sleutelbesware, veral die negatiewe uitwerking van hoër tariewe op die landbou, uit te lig. Agri SA beveel aan dat Eskom se aansoeke afgekeur word tot

tyd en wyl die kragvoorsiener se doeltreffendheid en korporatiewe beheer 'n verbetering toon.

Verhoogde tariewe sal nie Eskom se finansiële probleme aanspreek nie. 'n Volgehoue verhoging in elektrisiteitstariewe sal bloot veroorsaak dat meer verbruikers hul rug op Eskom keer, gevolg deur minder aanvraag en dus 'n groter behoefte aan verdere tariefverhogings.

> ***Verhoogde tariewe sal nie Eskom se finansiële probleme aanspreek nie. 'n Volgehoue verhoging in elektrisiteitstariewe sal bloot veroorsaak dat meer verbruikers hul rug op Eskom keer, gevolg deur minder aanvraag en dus 'n groter behoefte aan verdere tariefverhogings.***

Met hierdie scenario sal kwesbare laer-inkomsteverbruikers, wat nie kan bekostig om van alternatiewe kragbronne gebruik te maak nie, gekonfronteer word met verdere tariefverhogings, wat nie volhoubaar is nie.

Volgens Nersa se Eskom Retail Tariff and Structural Adjustment (ERTSA)-metodologie, word 'n gemiddelde prysverhoging op alle tariefkoerse toegepas, met inbegrip van netwerkkostes. 'n MYPD4-tariefverhoging sal dus 'n invloed op die landbou hê via twee kanale, naamlik boere sal 'n hoër bedrag betaal vir die krag wat hulle gebruik asook hoër lynfooie wat dan in tandem met elektrisiteitstariewe sal verhoog. Agri SA het in sy kommentaar beklemtoon dat, indien enige verhoging goedgekeur word, dit slegs toegepas moet word op elektrisiteitstariewe en nie op alle tariefkoerse nie (byvoorbeeld lynfooie).

## Regulatoriese aansuiweringsrekening – verduideliking

Die regulatoriese-aansuiweringsrekening (RCA) is 'n moniterings- en opsporingsmeganisme wat sekere onbeheerbare kostes en inkomstes, soos veronderstel in Nersa se multijaar-prysvasstelling (MYPD)-besluit, vergelyk met werklike kostes en inkomste aangegaan/verkry deur Eskom. Dit is om voorsiening te maak vir veranderings in die werklike omstandighede vir spesifiek geïdentifiseerde koste-items in vergeleke met aannames wat gemaak is toe die MYPD-toepassing oorweeg is.

Indien daar 'n verskil is tussen die besluit en die werklike kostes en inkomste, is sodanige verskil onderhewig aan RCA-reëls. Die RCA-reëls wat van toepassing is op 'n MYPD-besluit, word bepaal deur die goedgekeurde regulatoriese raamwerk van toepassing op die MYPD-besluitperiode. Dit het tot gevolg 'n RCA-balans wat óf deur Eskom verhaal moet word (indien oorbestee) óf teruggegee moet word aan die kliënte (indien onderbestee). Nadat die RCA-balans deur Nersa bepaal is, word 'n afsonderlike proses gevolg om te besluit oor die likwidering daarvan, wat dan sal geskied deur implementering van 'n tariefaanpassing (Bron: http://www.eskom.co.za/Documents/RCA_Explanation.pdf).

## Derde multijaar-prysvasstelling-regulatoriese aansuiwerings-rekeningaansoek van toepassing op jaar 5

Nersa het Eskom se derde multijaar-prysvasstelling-regulatoriese aansuiweringsrekeningaansoek (MYPD3 RCA) van toepassing op jaar 5 (2017/18), wat in totaal R21,624 miljard op 12 September 2018 beloop het, ontvang. Belanghebbendes, insluitend die landbouwaardeketting, is gevra om kommentaar te lewer oor die impak wat die kragvoorsiener se aangevraagde verhogings op die onderskeie sektore sal hê.

Gegewe die gerugte oor onreëlmatighede, korrupsie en ondoeltreffendheid binne Eskom, behoort Eskom eerder daarop te fokus om sy korporatiewe beheer- en bestuurstrukture te verbeter. Verder behoort Eskom

eerder op kostebesparing en 'n verbetering in doeltreffendheid te fokus, in plaas daarvan om Suid-Afrikaanse verbruikers verder te belas met RCA-tariefverhogings. Strategiese ingrypings om Eskom te hervorm en reg te ruk, moet bespoedig word, terwyl tariefbesluite die huidige realiteit van die ekonomie as geheel in ag moet neem.

Agri SA beveel aan dat Eskom se RCA-aansoeke slegs oorweeg sal word indien Nersa 'n volledige ondersoek geloods het na die geldigheid van die syfers wat in die aansoek gebruik is, om te verseker dat slegs legitieme koste deur die RCA-proses verhaal word en dat enige elemente wat voortspruit uit onreëlmatighede of korrupsie buite rekening gelaat word. Enige potensiële RCA-tariefverhoging moet slegs van toepassing wees op elektrisiteit en nie alle tariefkoerse nie.

Agri SA het ook in hierdie verband 'n voorlegging by Nersa gedoen in Januarie 2019.

## Impak van beurtkrag op landbou

Agri SA erken die pogings deur Eskom om die ligte aan te hou, maar is bekommerd oor die moontlike negatiewe impak wat beurtkrag op die landbousektor en die breër waardeketting kan hê. Agri SA het 'n opname onder lede gedoen oor die negatiewe impak van beurtkrag in die verskillende bedrywe. Hierdie inligting is onder meer gebruik in Agri SA se voorlegging by Nersa se openbare verhoor in Februarie 2019.

Beurtkrag het 'n impak op besproeiing-afhanklike en energie-intensiewe bedrywe soos tuinbou-, suiwel-, pluimvee-, graan- en agri-verwerkingsbedrywe. Die negatiewe impak raak produsente sowel as verbruikers, omdat dié subsektore 'n belangrike rol het om Suid-Afrika se voedselsekerheid te verseker. Meer as 25% van die land se kos word deur dié besproeiing-afhanklike en energie-intensiewe bedrywe produseer.

Agri SA het op 22 Januarie 2019 met Eskom vergader om moontlike opsies te bespreek om die negatiewe uitwerking van beurtkrag op die landbousektor te mitigeer. Binne die konteks van voedselsekerheid het Agri SA vir Eskom versoek om die landbousektor van fase 1-beurtkrag uit te sluit. Eskom het egter aangedui dat dit nie moontlik sal wees nie, aangesien dié sektor nie deur 'n toegewyde landbounetwerk gediens word nie en dat ander belanghebbendes op dieselfde wyse deur beurtkrag geraak word.

Beurtkrag kan besproeiingsaktiwiteite affekteer. Om hierdie impak te verminder, kon Agri SA 'n spesiale reëling met Eskom maak om hierdie saak te beredder.

> ***"Beurtkrag kan besproeiingsaktiwiteite affekteer. Om hierdie impak te verminder, kon Agri SA 'n spesiale reëling met Eskom maak om hierdie saak te beredder.***

Agri SA se provinsiale lede kan met Eskom-verteenwoordigers in hul onderskeie provinsies vergader om dié sleutel-pompstasies te identifiseer en om so die uitwerking van beurtkrag op die stasies te minimaliseer.

Agri SA sal voortgaan om die beurtkragsituasie te monitor en aktief Eskom te betrek om die moontlike negatiewe uitwerking op landbou te verminder.

## Hernubare energie, beurtkrag en die landbou

Agri SA se lede het die vermoë om elektrisiteit deur sonkragopwekking te verskaf, wat nodig is om toekomstige beurtkrag te voorkom. Daar is reeds 500 aansoeke vir sonkrag-opwekkingsaanlegte, wat die potensiaal het om 1 400 MW by te dra om druk op die kragnetwerk te verlig. Indien die administrasieprosesse verbeter, kan dié 500 aansoeke en ander ingeskakel word.

Kleinskaalse sonfotovoltaïese (PV)-installasies bied 'n geleentheid vir boere om elektrisiteit op te wek en druk op die kragnetwerk te verlig. Ongelukkig is slegs 13 projekte tans gekoppel en in bedryf, weens Eskom se stadige verwerking en administrasie van aansoeke,

asook die stadige implementering van elektrisiteits-regulasies en die agterstand om by Nersa te registreer.

Indien Eskom en Nersa hul prosesse kan bespoedig, kan hierdie aansoeke (meestal van boere) 1 400 MW genereer wat fase 1-beurtkrag kan verhoed. Verder kan die landbou dié 1 400 MW-potensiaal meer as verdubbel, indien kommersiële banke bereid is om sonkragsentrales as sekuriteit te gebruik om toegang tot kapitaal te verkry. Tans benodig banke bykomende sekuriteit om hierdie projekte te finansier, wat deelname aan projekte beperk. Deur die regulatoriese en administratiewe beperkinge te verwyder en die gebruik van sonkraginstallasies as sekuriteit vir befondsingsprojekte, kan boere potensieel met verdere uitbreiding genoeg elektrisiteit verskaf om fase 3-beurtkrag te verhoed.

Agri SA het 'n brief aan president Ramaphosa gestuur rakende hernubare energie. As deel van hierdie sentrum se betrokkenheid by die minister van openbare ondernemings en die minister van energie, het die sentrum ook 'n versoek aan lede gerig om enige toepaslike inligting oor moontlike elektrisiteitsopwekkingsgeleenthede binne hul spesifieke kommoditeite/provinsies te deel (byvoorbeeld elektrisiteit van suikerrietvesel).

Agri SA werk ook saam met Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa) en dien in die struktuur se energie-subkomitee. 'n Busa-vergadering met die presidensiële taakspan oor Eskom is ook gedurende die verslagjaar bygewoon.

Agri SA is ook by verdere Busa-inisiatiewe betrokke rakende korttermyn-oplossings vir beurtkrag, asook langtermyn-oplossings deur elektrisiteitsektorhervorming. In terme van munisipaliteite se wanbetaling van elektrisiteit, het hierdie sentrum die saak met Busa bespreek, waar Agri SA ook met Agbiz saamwerk.

## Gekonsolideerde besigheidsvoorlegging aan die presidensiële taakspan oor Eskom

As gevolg van voorleggings wat Eskom aan die president, die departement van openbare ondernemings en die Nasionale Tesourie gemaak het om die erns van Eskom se probleme te illustreer, het die president 'n onafhanklike volhoubaarheidstaakspan aangestel.



Daar is bevestig dat die taakspan 'n verslag sal voorlê ten opsigte van die volgende aspekte vir finale besluitneming deur die president:

- **Vermoë/kapasiteit om die ligte aan te hou:** Om Eskom se planne en vermoë/kapasiteit om die ligte aan te hou te bevraagteken, aangesien dit van kritiese belang vir nasionale ekonomiese imperatiewe is;
- **Operasioneel:** Om 'n onafhanklike mening oor die vermoë van Eskom se operasionele bestuur te lig;
- **Finansiële stabiliteit:** Om die potensiaal vir wanbetaling van skuld en die implikasies daarvan vir die land te bepaal, met inbegrip van potensiële oplossings; en
- **Struktuur van die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf:** Om aanbevelings rondom die strukturering van die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf te maak, met inbegrip van die potensiële ontbondeling van Eskom. Enige oplossings soos regeringshulp of groter tariefverhogings moet volhoubaar wees ten einde 'n soortgelyke situasie in die toekoms te vermy.

Agri SA het ook 'n geleentheid gehad om insette tot dié verslag te lewer.

## Kleinskaalse sonfotovoltaïese-installerings

Terwyl daar geleenthede vir boere is om kleinskaalse kragopwekkers te word, het die stadige implementering van elektrisiteitsregulasies 'n bottelnek geskep met die aansluiting van stelsels by die netwerk om voorsiening te maak vir die aktivering van die net-meting.

Met die ewolusie van die regulasies, het Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel aktief saamgewerk met ons korporatiewe lid, Sonfin, om met beide Nersa en Eskom te skakel. Verder het ons ook gereeld tersaaklike insette gelewer tot die openbare beraadslagingsproses.

Agri SA het kommentaar gelewer op Nersa se onlangse registrasiefooi-konsultasiedokument en ons hoop dat deur die fooistruktuur vir registrasie te finaliseer, Nersa in staat sal wees om SSEG's spoedig te registreer.

Agri SA het 'n brief aan die president asook minister van openbare ondernemings , mnr Gordhan, gerig waarin hy oplossings vir beurtkrag voorstel, insluitend die gebruik van hernubare energie.

> *"Agri SA het 'n brief aan die president asook minister van openbare ondernemings, mnr Gordhan, gerig waarin hy oplossings vir beurtkrag voorstel, insluitend die gebruik van hernubare energie.*

Agri SA het in April 2019 met minister Gordhan vergader, waar die organisasie gevra het vir die verwydering van regulatoriese en administratiewe beperkings wat investering in hierdie oplossing kniehalter. Die sentrum het omvattende en positiewe mediadekking ontvang oor Agri SA se oplossings en pogings om regulatoriese en administratiewe beperkings te verwyder.

Die sentrum is in die proses om 'n 'energieplan' in samewerking met bedryfsrolspelers te formuleer en ondersoek tans die regulasies, finansiering en potensiële ondersteuning vir breër sosio-ekonomiese ontwikkeling. Hierdie inligting sal as riglyn dien vir die opvolgvergadering met die minister van openbare ondernemings.

## Konsultasiedokument oor die konsep-lisensiëringsvrystelling en registrasie-kennisgewing

Agri SA het 'n geleentheid gehad om kommentaar te lewer op die konsep-lisensiëringsvrystelling en registrasiekennisgewing wat in Mei 2019 gepubliseer is.

Elektrisiteit is 'n sleutelproduksie-inset vir die landbou. Volgens Daff het die landbousektor nagenoeg R7,2 miljard aan elektrisiteit in 2018 bestee (dit wil sê 5% van die sektor se besteding aan intermediêre goedere en dienste).

Voordat die lisensiëringsvrystelling en registrasiekennisgewing (10 November 2017) in plek was, het sommige boere alreeds in hernubare energie-aanlegte (byvoorbeeld PV-aanlegte) belê in die hoop dat die regulasies afgehandel sou word. Op 8 Junie 2018 het die minister 'n konsep-kennisgewing vir openbare kommentaar gepubliseer waarin sekere wysigings tot die lisensiëringsvrystelling en registrasiekennisgewing voorgestel word. Gedurende hierdie interim-tydperk was die registrasie van bestaande SSEG's van minder as 1 MW problematies en onderhewig aan lang vertragings.

Meer onlangs het die ministeriële proses om openbare kommentaar oor die voorgestelde wysigings aan te vra, uitgeloop op die minister se voorlegging van die konsep-kennisgewing by Nersa vir goedkeuring. Ingevolge artikel 9 van die Wet op Elektrisiteitsregulasies, moet die vasstelling vir registrasie in konsultasie met Nersa geskied.

Agri SA het aanbevelings in hierdie verband gemaak en verwelkom die vordering wat gemaak is met die uitklaring en finalisering van die regulasies. Daar word gehoop dat die registrasie van SSEG's bespoedig sal word om die administratiewe las te verlig en ook om verdere investering in hernubare energie-alternatiewe te bevorder.

Agri SA het 'n Nersa-werkwinkel oor die registrasievereistes vir kleinskaalse geïntegreerde kragopwekkers (SSEG's) bygewoon. Die doel van hierdie opvoedkundige werkwinkel was om aan belanghebbendes 'n verduideliking te bied oor die registrasievereistes vir SSEG's.

## Potensiële hofsaak teen Eskom

Die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel is versoek om litigasie-opsies te ondersoek aangaande Eskom-verwante sake, soos volg:

- Die Agri Letaba-munisipale netwerk wat ontoereikend is en geen verbetering kon beding word, self met Nersa-besoeke en vergaderings nie;
- Die ERTSA-dokument van Nersa wat Eskom interpreteer dat hulle geregtig is om die verhoging in elektrisiteitstariewe ook op vaste koste van toepassing te maak; en
- Die registrasie van sonplase deur Nersa wat nie plaasvind nie.

Laasgenoemde is intussen opgelos en 17 registrasies is deur Nersa uitgevoer.

Die regskomitee van Agri SA het die versoeke geëvalueer en aanbeveel dat 'n advokaat genader moet word wat beter raad kan gee oor die moontlikheid van suksesvolle litigasie. Die regskomitee is van mening dat dit 'n meer indiepte-aanbeveling moet kry as wat hulle kan verskaf.

Ná konsultasie het Agri SA met die relevante advokaat 'n afspraak vir 12 Junie 2019 gehad. Gedetailleerde inligting is aan die advokaat gestuur.

## Geïntegreerde hulpbronplan 2018

Agri SA verwelkom die geleentheid om kommentaar op die konsep-geïntegreerde hulpbronplan (IRP) 2018 aan die departement van energie te lewer.

Die IRP 2018 maak voorsiening vir 'n konstruktiewe fondament vir 'n finale elektrisiteitsplan. Daar is egter gedeeltes waarop verbeter kan word. In sy kommentaar beveel die Sentrum van Uitnemendheid aan dat die volgende aspekte oorweeg word met die finalisering van die plan:

- In die konteks van 'n verstadigende ekonomie, moet die laer BBP-vooruitskatting van 1,33% en laer aanvraag-vooruitskatting van 1,21% teen 2030 in ag geneem word;
- Buigsaamheid om aan te pas by veranderende ekonomiese, vraag- en aanbodtoestande sal deel moet word van die IRP. Die byvoeging van voorsieningskapasiteit moet ook die veranderende

aanvraagtoestande in ag neem, daarom moet die IRP elke twee jaar hersien word;

- Vroeëre, latere en nie-ingebruiksneming-scenario's vir die Medupi- en Kusile-eenhede moet by die modellering gevoeg word as gebeurlikheidscenario's. Die impak van potensiële vertragings in die verdere ingebruikneming van nuwe kapasiteit moet ingesluit word by die gebeurlikheidscenario's;
- Vroeër sluiting van Eskom-aanlegte weens tegniese of omgewingsvereistes moet ook oorweeg word;
- Wyer beraadslaging oor en oorweging van die $CO_2$-emissiebeperkings en uitwerking moet deel vorm van die finalisering van die IRP. Die IRP moet 'n elektrisiteitsplan insluit wat die vereiste vermindering in kweekhuisgas-emissies vir die sektor inkorporeer;
- Die koste van nuwe kapasiteit moet oorweeg word as deel van die ontleding van alle addisionele kapasiteit. Verdere kapasiteit moet slegs bygevoeg word in ooreenstemming met aanvraag, terwyl die kostes wat 'n invloed op die eindgebruiker kan hê, beperk moet word; en
- Kleinskaalse geïntegreerde opwekking (tot 1 MW), byvoorbeeld sonfotovoltaïese aanlegte op plase, behoort uitgesluit te word van die kapasiteitsbeperkings wat op hernubare energiebronne geplaas word. Dit sal moontlik investering deur boere om hul energievoorsiening deur middel van geïntegreerde opwekking te diversifiseer, ondersteun en sal boere ook help om hul koolstofvoetspoor te verminder, terwyl hulle ook elektrisiteitskoste bespaar.

Agri SA sien uit na verdere skakeling met die departement van energie oor die IRP, kleinskaalse geïntegreerde opwekking en energiebeleid wat 'n uitwerking op die landbou kan hê.

## HANDEL EN NYWERHEID

### Deelname aan handelbeleidstrukture

Agri SA is lid van die Landbouhandelsforum (ATF), 'n organisasie wat deur die departement van landbou, bosbou en visserye (Daff) op die been gebring is. Die ATF is 'n drieledige organisasie bestaande uit verteenwoordigers van die privaatsektor, arbeid en die regering.

Die ATF is geskep vir die doel om handelsooreenkomste met internasionale handelsvennote te beding en is verteenwoordigend van verskeie landboubedryf-uitvoersubsektore. Dit is 'n konsultatiewe en inligting-delende forum eerder as 'n liggaam getaak met die implementering van aspekte wat verband hou met landbouhandel. Dit is ook 'n konsultatiewe liggaam vir amptenare van Daff wat betrokke is by onderhandelings en die implementering van handelsooreenkomste tussen Suid-Afrika en ander lande.

Hierdie ooreenkomste sluit die volgende in: Trade, Development and Cooperation Agreement (TDCA), EFTA-SACU Free Trade Agreement (FTA), Economic Partnership Agreement tussen die SADC/EPA-lande en die Europese Unie en sy lidstate, SACU-Southern Common Market (Mercosur) Preferential Trade Agreement (PTA), Africa Growth and Opportunity Act (Agoa) en SACU-India PTA, SADC-EAC-COMESA Tripartite FTA en die African Continental Free Trade Area (AfCFTA). Hierdie handelsbetrekkinge word ook bespreek binne die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac), waar Agri SA as lid van Busa verteenwoordig is.

## ALGEMENE SAKE

### Nasionale strategie: Eiendomsbelasting

Die kwessie van eiendomsbelasting en die probleme wat deur lede ondervind word, het hierdie sentrum genoop om 'n werkwinkel te hou waarna kundiges in eie geledere genooi is. Tydens hierdie werkwinkel is die moontlikheid uitgespreek van die opstel van 'n nasionale strategie rakende eiendomsbelasting.

Die definisie van "agricultural property", soos dit ná die 2014-Eiendomsbelastingwetswysiging aangepas is, is in hierdie stadium 'n wesenlike probleem vir diegene wat hulle toespits op wildboerdery en eko/agri-toerisme. Daar is ook steeds te veel munisipaliteite wat nie die bepalings van die toepaslike wetgewing nakom nie en dit het tot gevolg dat daar dikwels misverstande

voorkom wat, by die behoorlike toepassing van die wet, uitgeskakel kon word.

Die Sentrum van Uitnemendheid het 'n opname by sy lede gedoen oor beginsels rakende eiendomsbelasting wat aangespreek moet word.

> *Die Sentrum van Uitnemendheid het 'n opname by sy lede gedoen oor beginsels rakende eiendomsbelasting wat aangespreek moet word.*

Agri SA sal hierdie beginsels tydens sy skakeling met die departement van samewerkende regering en tradisionele sake (CoGTA) uitwys. Hierdie beginsels sal ook gebruik word om 'n nasionale strategie rakende eiendomsbelasting op te stel wat tot voordeel van Agri SA se lede kan wees.

## Eiendomsbelasting

'n Konsepriglyndokument wat in sake-eiendomsbelasting opgestel is, is voltooi. Die doel met hierdie dokument is om lede van Agri SA van sekere relevante inligting en advies te voorsien, ten einde sinvolle insette te lewer in die konsultasieproses van diegene met munisipaliteite, met die oog op die implementering van die Wet op Eiendomsbelasting.

## Kommersiële landbousensus 2017

Agri SA verwelkom die 2017-kommersiële landbousensus (CoCA). Ons besef dat goeie besluitneming oor die spektrum van aangeleenthede wat die landbou affekteer, gegrond moet wees op akkurate en betroubare inligting. Dit sluit in aspekte soos infrastruktuur, dienste, behuising, finansies en indiensneming. Die CoCA bied 'n belangrike meganisme om 'n begrip te kry van die tendense in die bedryf met die oog op ondersteuning van beleidsontwikkeling en langtermynbeplanning. Verder kan die data die georganiseerde landbou van hulp wees ter vervulling van sy mandaat, naamlik die bevordering van en ondersteuning vir die ontwikkeling en volhoubaarheid van die bedryf.

In Maart 2018 het die sentrum die CoCA 2017-vraelys onder al sy lede versprei vir moontlike insette. Die sentrum het by verskillende geleenthede gedurende die verslagjaar aktief met Statistieke SA in hierdie verband geskakel. Suksesvolle provinsiale konsultasieprosesse het ook plaasgevind. Hierdie proses was kortliks om insette van belanghebbendes te verkry oor watter inligting hulle ingesamel wil hê tydens die sensus – dit wil sê, die soort vrae wat hulle op die vraelys wil sien.

Statistieke SA verkry sy mandaat ingevolge die Statistiekewet, wat verseker dat hy individuele data vertroulik hanteer. Die Statistiekewet (Wet 6 van 1999) plaas 'n wetlike verpligting op elke persoon en entiteit in die land om te reageer op die vraelyste wat deur Statistieke SA geadministreer word.

Dit is belangrik om te verstaan dat sekuriteit op plase voorsorgmaatreëls verg – ook ten opsigte van sensusopnemers. Om hierdie rede is Statistieke SA ingelig oor die protokol vir plaastoegang en het hulle dit so aanvaar. Ingevolge die protokol moet opnemers 'n afspraak maak met 'n boer wanneer die opname gedoen word.

Die data wat ingesamel word, kan van hulp wees vir Agri SA in vervulling van sy mandaat; daarom word boere versoek om aktief deel te neem en hul volle ondersteuning te gee tydens die kommersiële landbousensus 2017.

## Die produsente/boereregisterveldtog

Die departement van landbou, bosbou en visserye (Daff), in vennootskap met Statistieke SA, beoog 'n produsente/boereregisterveldtog vir die insameling van statistieke oor kommersiële en nie-kommersiële boere. Die veldtog het in 2018 afgeskop en sal tot 2021 voortduur. Die werklike insameling van data deur voorligtingsbeamptes in al die provinsies het op 1 April 2019 begin. Statistieke oor kommersiële boere sal ingesamel word deur middel van 'n kommersiële landbousensus

(CoCA), terwyl statistieke oor nie-kommersiële boere via Daff se produsente/boereregister ingesamel sal word.

Die produsente/boereregister is bedoel om die onakkurate en/of onverteenwoordigende statistieke van boere in die nie-kommersiële sektor aan te spreek, dit wil sê kleinskaalse boere oor die land heen. Met hierdie register sal ons kan vasstel hoeveel plase daar is, die grootte van die plase, gewasse waarmee geboer word in verskillende geografiese gebiede, en landbou-insette soos besproeiingstoerusting.

Insameling van akkurate en betroubare inligting van boere sal wegdoen met die vermorsing van hulpbronne en swak dienslewering. As die boerdery-omgewing nie gemeet kan word nie, kan dit ook nie bestuur word nie.

Dokumentasie is ook deur hierdie sentrum versprei oor Daff se voorneme om 'n provinsiale inligtingstoer in verband met die produsente-/boereregister te loods met die oog op die samestelling van gekonsolideerde data van kleinboere. Hierdie aangeleentheid is ook bespreek tydens die sentrum se vergaderings. Die sentrum dien as rekeningsbestuurder van die Bedryfskamer, daarom is dit ook ingesluit in hierdie kamer se agenda.

## Varsproduktemarkte

Ná vele klagtes van lede rakende die toestand op varsproduktemarkte, veral die Tshwane-varsproduktemark, het die Sentrum van Uitnemendheid 'n vergadering met 'n verskeidenheid van markagente gehad. Daar is ook gedurende die verslagjaar met Agbiz en Aartappels SA hieroor vergader. Die munisipaliteit het 'n taakspan aangestel wat na, onder meer, die skoonmaak van die mark, elektrisiteit, koelkamers en die sekuriteit op die mark aandag gee. Daar word ook pogings aangewend om die mark se bestuur na die burgemeester van Tshwane se toesig te skuif.

> ***Die munisipaliteit het 'n taakspan aangestel wat na, onder meer, die skoonmaak van die mark, elektrisiteit, koelkamers en die sekuriteit op die mark aandag gee.***



Die "Project Rebirth Steering Committee" is in die lewe geroep om na toestande op varsproduktemarkte in alle provinsies om te sien. Aartappels SA dien in die komitee, sowel as Imasa (Raad vir Landbouprodukte), FruitSA, NAMC (Nasionale Landboubemarkingsraad), SAUFM (Suid-Afrikaanse Unie van Voedselmarkte), CoGTA en die APAC (Landbouprodukte-agentskapraad). Daar is al heelwat werk gedurende die verslagjaar gedoen om markte te help. Hierdie sentrum hou hierdie ontwikkelinge dop en sal terugvoering gee.

## Die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging

Agri SA se Sentrums van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel en Landelike Veiligheid is in die proses om 'n vergadering te reël met die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging (Salga).

Boere landwyd ervaar 'n toename in diefstal van varsprodukte, wat dan na bewering deur smouse langs strate en openbare paaie verkoop word. Volgens inligting tot ons beskikking, is daar munisipale verordeninge van toepassing op smouse wat in dorpe en stede onwettig-verkrygde varsprodukte aan die publiek verkoop. Salga, as oorkoepelende organisasie vir plaaslike regering, is gevra om hierdie aangeleentheid met plaaslike owerhede op te neem. Hulle is ook versoek om ordinansies wat op varsproduksmouse betrekking het, streng te implementeer. Dit is ook belangrik dat plaaslike owerhede ingryp om verordeninge toe te pas wat sal help om die verkoop van onwettig-verkrygde varsprodukte te stuit.

Lede van ons organisasie is ook bekommerd dat die onwettige besetting van plaaslike owerheidsgrond kan oorspoel na naburige plaasgrond indien die plaaslike owerheid sou versuim om onmiddellik op te tree.

Verder wil Agri SA ook graag die volgende aangeleenthede wat nie deur die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel gehanteer word, bespreek:

- Munisipale skuld aan Eskom en die gebrek aan instandhouding van munisipale kraginfrastruktuur, wat 'n negatiewe uitwerking op dienslewering het; en
- Beginselprobleme wat ervaar word met die administrasie van en beheer oor eiendomsbelasting.

Die doel van hierdie versoek om 'n vergadering, is om bogenoemde aangeleenthede te bespreek en ook om ons verhouding met Salga as verteenwoordigende liggaam vir munisipaliteite te versterk.

## *Agri-sector Unity Forum* se Landbousektorplan

Organisasies waarvan Agri SA deel is, onder die oorkoepelende liggaam *Agri-sector Unity Forum* (Asuf), het besluit om saam te werk om 'n nasionale strategie vir die landbousektor vanuit georganiseerde landbou se perspektief saam te stel.

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel was deel van een die werkgroepe, naamlik sosio-ekonomiese ontwikkeling. Volgens hierdie werkgroep het die landboubedryf 'n verpligting, veral in landelike gebiede, om:

- Voedselsekerheid te verbeter en volhoubare ontwikkeling te bevorder;
- Armoede te verlig deur middel van vaardigheidsopleiding en werkskepping; en
- 'n Ondersteunende omgewing te skep deur middel van 'n *Social Unity Protocol*, met inbegrip van volhoubare ontwikkelingsdoelwitte, asook die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) as strategiese raamwerk.

Die doel van die plan is om die landbou te posisioneer as een van die primêre bedrywe wat gebruik kan word vir ekonomiese groei en werkskepping en, in samewerking met die regering, 'n gesamentlike ontwikkelingsplan vir die landbou te formuleer ten einde 'n groeiende en inklusiewe landbousektor te verseker, in ooreenstemming met die uitkomste van die NOP. Hierdie uitkomste sal, onder meer werkskepping, ontwikkeling, voedselsekerheid, volhoubaarheid en hoër vlakke van mededingendheid behels, terwyl wedersydse vertroue en samewerking asook stabiliteit in die sektor bewerkstellig word.

## 2018-Mediumtermyn-begrotingsbeleidstelling

Die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel het gebruik gemaak van die geleentheid om kommentaar te lewer op die 2018-Mediumtermyn-begrotingsbeleidstelling (MTBPS).

Agri SA verwelkom die R3,4 miljard-toewysing vir droogteverligting, meeste waarvan gebruik sal word vir opgradering van waterinfrastruktuur. Die erns van die droogtetoestande verg egter regstreekse hulp aan boere en landelike gemeenskappe om te verseker dat plase aktief bly en werkverliese verhoed kan word.

> ***Agri SA verwelkom die R3,4 miljard-toewysing vir droogteverligting, meeste waarvan gebruik sal word vir opgradering van waterinfrastruktuur. Die erns van die droogtetoestande verg egter regstreekse hulp aan boere en landelike gemeenskappe om te verseker dat plase aktief bly en werkverliese verhoed kan word.***

Agri SA het met die Nasionale Landboubemarkingsraad (NAMC) en ander sleutelbedryfsbelanghebbendes saamgewerk om die tweede verslag van die artikel 7-komitee oor droogte op te stel.

Agri SA het samesprekings gevoer met verskeie belanghebbendes, insluitend die regering, ontwikkelingfinansieringsinstellings, plaaslik sowel as internasionaal, asook kommersiële banke en private ekwiteitsfondse, om te sien hoe die verskillende rolspelers kan saamwerk. Een van die sentrale idees wat hieruit voortgespruit het, was 'n kollaboratiewe landbou-ontwikkelingsfonds. Die R4,4 miljard wat in die MTBPS aangekondig is vir hierdie inisiatief is 'n stap vorentoe in die realisering van hierdie visie.

Elektrisiteit is 'n sleutelproduksie-inset vir die landbou, daarom verwelkom Agri SA die verbintenis tot herstrukturering van die elektrisiteitsektor, tesame met 'n langtermynplan om Eskom te herstruktureer en aandag aan sy skuldprobleme te gee.

'n Goedversorgde padnetwerk is noodsaaklik vir ekonomiese aktiwiteite, spesifiek ook vir die landbou. Soos in die geval van stygende elektrisiteitskoste, het dit 'n invloed op ons internasionale mededingendheid en die volhoubaarheid van boerdery- en landboubesighede.

Terwyl die MTBPS verwys na versterking en rehabilitering van die nasionale nie-tolpadnetwerk, is die departement van vervoer se begroting vir nie-tolpaaie gesny met ongeveer 35%. Ons mag nie toelaat dat die instandhouding van nie-tolpaaie, wat boere met hul verskaffers sowel as markte verbind, verder verswak nie. In sy kommentaar het Agri SA die minister op die negatiewe uitwerking gewys van die versuim om noodsaaklike padinfrastruktuur in stand te hou.

Agri SA sien uit daarna om verder met die regering te skakel en saam te werk ten einde hierdie en ander kwessies wat 'n uitwerking op die landbou en sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie het, aan te spreek.

## Pre-nasionale begroting 2019

Agri SA het vóór die begrotingsrede skriftelike aanbevelings aan die minister van finansies voorgelê waarin hy die aangeleenthede beklemtoon wat betrekking het op die landbou.

Die balans tussen regeringsinkomste (belastinginkomste) en -uitgawes is sentraal tot die regering se begroting. Graderingsagentskappe en rolspelers in die finansiële markte wil graag 'n verbintenis tot fiskale konsolidasie sien. Die fiskus is onder ernstige druk en 'n

verdere afgradering deur graderingsagentskappe moet ten alle koste vermy word. Die landbou het bewys dat dit 'n sektor is wat, met die hulp van die regering, die ekonomie kan uitbou en fiskale stabiliteit kan verbeter.

Agri SA hoop om sommige van die volgende elemente in minister Mboweni se toespraak te hoor: droogtehulp, hervorming van die elektrisiteitsektor, grondhervorming en ondersteuning vir opkomende boere, 'n landbou-ontwikkelingsfonds, biosekuriteit, dieselterugbetalingstelsel, padinfrastruktuur, planne om korrupsie en swak dienslewering aan te spreek, en beperking van oormatige toename in aksynsbelasting.

Agri SA het die hoop uitgespreek dat die begroting positiewe elemente sal bevat wat effektief geïmplementeer sal word met die oog op 'n afname in die begrotingstekort en ondersteuning van ekonomiese groei.

## Post-Nasionale Begroting 2019

Agri SA het sy teleurgestelling teenoor die minister van finansies uitgespreek ná sy eerste begrotingsrede. Minister Mboweni se begrotingsrede van 2019 het na landbou deur middel van metafore verwys, soos "*dit is tyd vir ons om die saad van hernuwing en groei te saai*". Ongelukkig het landbou, buiten vir die verwysings na grondhervorming, betreklik beperkte aandag in die toespraak geniet. Daar was geen melding gemaak van die voortslepende droogte en die verwoestende impak wat dit op boere en boerderygemeenskappe het nie.

Vanuit 'n landbouperspektief het Agri SA sy kommer uitgespreek dat verhoogde aksynsbelasting 'n nadelige uitwerking op die wyn- en tabakbedrywe kan hê. Daarbenewens kan die hoër aksynsbelasting op sigarette, sluikhandel bevorder. Die verhoogde suikerbelasting sal die plaaslike suikerbedryf, wat reeds onder druk is, direk beïnvloed.

Agri SA se Ekonomie en Handel Sentrum van Uitnemendheid het sy spyt uitgespreek dat koolstofbelasting nie geoormerk word vir omgewingsake of om klimaatverandering te bekamp nie, maar het wel die R3,7 miljard verwelkom wat opsy gesit is om opkomende boere te help om grond aan te koop.

In sy verklaring het Agri SA gesê dat die landbousektor die sleutel is tot die ontsluiting van ekonomiese groei in Suid-Afrika en dat minister Mboweni die potensiaal van die landbou binne die volgende jaar sal besef en dat die sektor asook die landbougemeenskap, die regering se ondersteuning wat dit nodig het en verdien, moet ontvang.

## Besigheideenheid Suid-Afrika

Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa) is 'n konfederasie van besigheidsorganisasies, insluitend handels- en nywerheidskamers, professionele verenigings, korporatiewe verenigings en unisektorale organisasies. Busa verteenwoordig Suid-Afrikaanse besigheid in makro-ekonomiese en hoëvlakaangeleenthede wat hulle raak, nasionaal sowel as internasionaal. Busa se funksie is om te verseker dat besigheid 'n konstruktiewe rol in die land se ekonomiese groei, ontwikkeling en transformasie speel en om 'n omgewing te skep waarin besighede in alle sektore kan floreer, uitbrei en mededingend wees.

As die hoofverteenwoordiger van besigheid in Suid-Afrika, verteenwoordig Busa die standpunte van sy lede, insluitend Agri SA, in 'n aantal nasionale strukture en liggame, statutêr sowel as nie-statutêr. Busa verteenwoordig ook besighede se belange in die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac).

As lid van Busa, word daar van Agri SA verwag om deel te neem in subkomiteevergaderings wat betrekking het op sy lede, soos die ekonomiese-beleidsubkomitee, die energie-beleidsubkomitee, vervoerbeleidsubkomitee, Nedlac se taakspan (verskeie werkstrome) en die Jobs Summit Makro-ekonomiese taakspan. Daar is ook ander tersaaklike aangeleenthede wat in Busa se strukture bespreek word en wat relevant tot Agri SA is, soos onder meer die Wetsontwerp op die Ekonomiese Regulering van Vervoer, skakeling met Eskom en elektrisiteitsaangeleenthede.

## Statistiese oorsig

Die statistiese oorsig met sleutelinligting wat deur Agri SA saamgestel word en waarin landbou-

gebaseerde inligting saamgevat is, is gedurende die jaar voltooi en aan alle boereleiers en uitvoerende personeellede voorsien. Die doel van hierdie aanwysers is om 'n breë oorsig van die finansiële posisie van die landbousektor, hoofsaaklik vir 2018 in vergelyking met die vorige jaar, te bepaal. Basiese statistieke is deur die direktoraat statistiek en ekonomiese ontleding van die departement van landbou, bosbou en visserye verskaf.

## INTERAKSIE

### Loodsprojek om sonenergie vir landbou te finansier

'n Finansiële instelling het die Sentrum van Uitnemendheid genader insake 'n voorstel waar hul finansiering vir sonenergieprojekte kan bied en Agri SA betrokke kan raak in die werwing van boere, kliënte en bemarking van die finansieringsproduk. In hierdie stadium is die voorstel om 'n loodsprojek te doen – indien daar belangstelling is van instellings vir ontwikkelingsfinansiering en boere is om betrokke te raak. Agri SA sal lede inlig sodra daar 'n uitvoerbare plan op die tafel is.

### Radio en televisie

Gedurende die jaar is 'n verskeidenheid gesprekke op verskillende radio- en televisieplatforms gevoer, onder meer Groot FM, RSG, Pretoria FM, OFM, Groot Plaas TV en Landbouweekliks rakende sonkrag en ander relevante onderwerpe binne hierdie sentrum se werkterrein. Hierdie sentrum het 'n groot dekking in die gedrukte media gedra oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe om boere ingelig te hou.

### Arqaam Capital

Arqaam Capital, wat in 2007 tot stand gekom het, is 'n spesialis-investeringsbank wat streeks- en internasionale produkaanbiedinge na die opkomende markte bring. Gedurende die verslagjaar het die sentrum 'n geleentheid gehad om dié instelling te help met 'n holistiese oorsig van die landbousektor. Ons glo dit het 'n geweldige waardetoevoeging vir beleggers om met Agri SA te skakel, terwyl Agri SA ook inligting verkry oor plaaslike beleggers se houding teenoor die landbou.

### Conningarth Economists

Conningarth Economists poog om 'n sinvolle bydrae te maak tot mense se welsyn deur middel van akkurate en kostedoeltreffende ekonomiese ontleding en verslagdoening, terwyl hulle ook opkomende professionaliste in hierdie veld in Suid-Afrika afrig en mentor. Agri SA is uitgenooi om 'n aanbieding oor 'n infrastruktuurdatabasis-vooruitskattingsmodel van hierdie organisasie by te woon.

### African Development Bank

Die African Development Bank (AfDB) se Suider-Afrikaanse Streekkantoor (RDGS) het 'n besigheidsontwikkeling-inisiatief geloods om geleenthede te identifiseer vir AfDB-RDGS om deel te neem aan, investeer in, vennootskappe aan te gaan met of finansiering/medefinansiering te bied aan private en openbare sektorprojekte (insluitend PPV's). Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel het die AfDB-RDGS besoek en kennis gemaak met lede van die RDGS-span, insluitend personeel van die landbou/landboubesigheidsontwikkeling-; infrastruktuur-; privaat-; watervoorsiening- en sanitasiesektore. Benewens die sonkragprojek vir landbou, wil hierdie bank graag wyer samewerking met Agri SA en sy lede oorweeg, aangesien hulle tans in die proses is om investeringspyplynprojekte in die landbou-voedselsektor te ontwikkel.

### Produksie/insetwerkgroep

Agri SA is lid van die Graan SA-produksie/insetwerkgroep wat op 'n gereelde basis vergader. 'n Uitgebreide agenda is deurgewerk gedurende die verslagjaar, insluitend probleme wat met die logistiek van landboumasjinerie wat nie gelisensieer kan word nie, elektrisiteit, water, koperdiefstal en die diefstal van insette en produkte, sektorale vasstelling en die instelling van die nasionale minimumlone. Hierdie aangeleenthede vorm deel van sentra van uitnemendheid binne Agri SA se werkterrein.

## Inligtingstoere: Noord-Kaap en KwaZulu-Natal

Gedurende twee inligtingstoere onder die leiding van verteenwoordigers van Agri SA, waarvan hierdie sentrum deel was, het ons die ekonomiese kwessies uitgelig wat voedselsekerheid kan ondermyn. Ons het 'n omvattende oorsig van die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel se aktiwiteite, 'n vooruitsig van die handelslandskap, kapitaalinvestering en skuld, asook indiensneming, met boere gedeel.

## Landbounavorsingsraad

Hierdie Sentrum van Uitnemendheid is gevra vir 'n kort onderhoud oor die energiegebruikstudie wat die Landbounavorsingsraad (LNR) beplan. Met hierdie onderhoud is daar gepoog om 'n begrip te kry van die energiedrywers in die landbousektor van Suid-Afrika.

## Knoffelkwekerskonferensie 2018

Die Suid-Afrikaanse Knoffelkwekersvereniging se bestuur het die Sentrum van Uitnemendheid genooi om op te tree by hulle tweejaarlikse knoffelkwekerskonferensie wat op 27 September 2018 by LNR Roodeplaat, naby Pretoria, plaasgevind het. Onderwerpe wat tydens die geleentheid aandag geniet het, was nuwe benadering tot plant- en grondbestuur om optimale oes te verseker. Virus- en plantsiektes is aangespreek, en 'n voorgestelde skema is bespreek om virusvrye plantmateriaal te kweek.

Daar was ook 'n bespreking oor hersiene regulasies met betrekking tot die gradering, verpakking en merk van knoffel wat in Suid-Afrika verkoop word. Die Suid-Afrikaanse knoffelwaardeketting het aandag gekry asook inligting rakende in- en uitvoer van knoffel. Die Sentrum van Uitnemendheid het die verwelkomingstoespraak gedoen met "What's cooking in Agriculture" as hooftema.

## Volhoubarepresisieboerdery-kongres

Gewasproduksie in Suid-Afrika is onder druk weens onbetroubare reënval, droogtetoestande en ander gevare wat verband hou met klimaatsverandering. Mededinging in 'n hoogs gesubsidieerde internasionale voedselmark speel ook 'n groot rol. Hierdie beperkings lei tot voedselonsekerheid, en dit is waar presisieboerdery 'n belangrike rol kan speel. Hierdie kongres het kundiges, boere en akademici in die onderskeie velde byeengebring. Die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel het die geleentheid gehad om hieraan deel te neem.

# PANEELBESPREKINGS

## Nasie in Gesprek vra: 'Hoe om die platteland te laat herleef?'

Dr Requier Wait, hoof van ekonomie en handel by Agri SA, was deel van die *Landbouweekblad*-redakteur, Chris Burgess, se paneel. Die paneel het bestaan uit Leona Archary, hoof van landbou by Bigen Africa; Theo Venter, politieke ontleder; Mohammed Bhabha, direkteur van die In Transformation Initiative; en Vusi Khanyile, uitvoerende voorsitter van Thebe Investment Corporation. Hulle het almal hul menings gedeel oor 'Hoe om die platteland te laat herleef'.

Die hoof van die sentrum se mening in hierdie verband was dat, vir die huidige situasie in dorpe om te verander, die impetus van die plaaslike gemeenskappe self moet kom en dat strategieë geformuleer moet word vanaf plaaslike regeringsvlak om volhoubaar te wees.

"Indien jy al ooit gewonder het oor toestande op die platteland, dan is hierdie sessie van Nasie in Gesprek 'n ware openbaring wat nie bloot die ellende en ontkoppeling van gemeenskappe in hierdie gebiede ondervang nie maar ook na oplossings en strategieë kyk wat geïmplementeer kan word om die platteland te laat herleef," het Burgess gesê.

# BEDRYFSKAMER

## Navorsingsopname 2017/18

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel het 'n opname gedoen met die fokus op navorsing binne die verskillende bedryfsorganisasies.

Die resultate van die opname is gebruik om 'n oorsig te bied van die navorsingslandskap tydens Agri SA se bedryfs- en korporatiewe konferensie, wat op 24 en 25 April by die Future Africa-kampus van die Universiteit van Pretoria aangebied is.

Die resultate van hierdie opname toon dat die landbousektor 'n sigbare strukturele skuif in navorsingbesteding ondergaan het. Die opname toon ook dat besteding wegbeweeg het van die Landbounavorsingsraad (LNR) ten gunste van verskeie private instellings, universiteite en ander regeringsagentskappe tot 'n geraamde 75% van landbounavorsingsbesteding. Dit verskil drasties van die tradisionele posisie van die LNR as die neksus van Suid-Afrikaanse landbounavorsing en noop ons om 'n stel dringende vrae te vra.

## 2019 Bedryfs- en Korporatiewe Konferensie: Navorsing vir Ontwikkeling

Samewerking om mededingend te bly en inklusief te ontwikkel: Die vermoë van Agri SA se bedryfs- en korporatiewe lede om spoedig samewerking te koördineer onder mekaar en met die regering, sal die toekoms van Suid-Afrika se landbousektor bepaal.

> **“** ***Samewerking om mededingend te bly en inklusief te ontwikkel: Die vermoë van Agri SA se bedryfs- en korporatiewe lede om spoedig samewerking te koördineer onder mekaar en met die regering, sal die toekoms van Suid-Afrika se landbousektor bepaal.***

Dit was die fundamentele boodskap van Agri SA se jaarlikse bedryfs- en korporatiewe konferensie wat op 24 en 25 April 2019 by die Universiteit van Pretoria se Future Africa-kampus gehou is.

Teen die agtergrond van kapasiteitbeperkings in die openbare navorsingsfeer en die gevolglike privatisering van navorsing, het die konferensie gepoog om die huidige toestand van navorsing in Suid-Afrika uit te lig. Dit is gedoen deur te illustreer hoe die globale uitdagings van klimaatsverandering, tegnologiese onderbrekings en politieke onsekerheid die vele uitdagings beïnvloed wat Suid-Afrikaners in die gesig staar.

Die goue draad wat deur al hierdie samesprekings geloop het, was die besef dat daar 'n drastiese behoefte aan meer gereelde interaksie is, met die fokus op navorsing- en ontwikkelingsaangeleenthede, op só 'n wyse dat vennootskappe gebou kan word. In die huidige omgewing is dit maklik om ontnugter te voel oor bestaande strukture en instellings tot die mate dat daar in silo's gewerk word, wat dan lei tot duplisering. Dit moet vermy word. Die idee is om saam te werk, nie om te dupliseer nie. Hierdie konferensie het 'n platform geskep om daardie silo's af te breek en om Agri SA se rol in terme van navorsing en ontwikkeling uit te kerf.

## World Economic Forum

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel het die geleentheid gehad om deel te wees van die World Economic Forum se opname vir die Globale Mededingendheidsindeksverslag, wat in September 2019 namens die landbousektor geloods sal word.

## INTERNSKAP

Gedurende die verslagjaar het Nel Coetzee, 'n intern geborg deur die Sasol Trust, waardevolle ervaring opgedoen in verskeie aspekte van landbou-ekonomie. Die volgende is 'n opsomming van die werk wat binne Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel onderneem is:

| Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel | Agri SA-bestuur |
|---|---|
| • Suid-Afrikaanse landboudroogte-opname, verslag en aanbieding;<br>• Impak van Moody's se afgradering van buitelandse lenings op die skuld-tot-BBP-verhouding;<br>• Impak van die verandering in die korrupsie-indeks op buitelandse direkte belegging (FDI);<br>• Profilering van die groentebedryf in Suid-Afrika;<br>• Profilering van die lemmetjiebedryf in Suid-Afrika;<br>• Dokumentering van eiendomsbelastingheffings deur munisipaliteite oor Suid-Afrika heen;<br>• Opstel van infrastruktuurverslae (2018 en 2019);<br>• Impak van beurtkrag op landbou in Suid-Afrika;<br>• Sintese van jeugtoetreders tot die landbou;<br>• Allokasie van nasionale staatskoerante; en<br>• Hersiening van vergaderingnotules.<br><br>**Navorsing**<br>• Eskom se internasionale prysvergelykings;<br>• Impak van die privatisering van elektrisiteit;<br>• Oesskattings;<br>• Drywers van belegging in landboubesigheid;<br>• Mega-tendense in die landbou;<br>• Samestelling van Agri HUB's se vertroue-indeks;<br>• Algemene BNP-vooruitsigte; en<br>• Vergelyking Noorweë versus Suid-Afrika.<br><br>**Artikels**<br>• Building economic BRICSs;<br>• Intra trade commodities in Africa;<br>• Commentary on Stats SA 2nd quarter labour survey;<br>• The South African agriculture industry and AfCFTA;<br>• A short perspective on the cost of 2018/19 drought in agriculture; en<br>• Economic review: It's bitter-sweet from July onward. | • Kommentaar op omvattende produsente-ontwikkelingshulp;<br>• Behulpsaam met die daarstelling van 'n finansierings-model vir die Landbou-ontwikkelingsfonds;<br>• Beantwoord *Huisgenoot* se vrae oor die droogte;<br>• Navorsing oor die getal brandstofstasies in Suid-Afrika;<br>• Gantt-kaart – Motsepe-stigting;<br>• Agri Gauteng-ekspo;<br>• Ontleding van/en kommentaar op die status van Agri SA se nuwe webwerf;<br>• Ontwikkeling van AgroHUB.co.za.<br>  ◦ *Ontwikkeling en ontwerp*<br>  ◦ *Deurlopende instandhouding en sekuriteit*<br>  ◦ *Verkeersontleding*<br>  ◦ *Domein-registrasie*<br>  ◦ *Aanbieding en toepassing (App)-ontplooiings*<br>  ◦ *Kaart van Agri SA-affiliasies se bemagtigingsprojekte*<br>• Navorsing oor landboubesighede in Suid-Afrika;<br>• Blokketting vir kommersiële landbou in Suid-Afrika;<br>• Motsepe-stigtingprojek;<br>• Geïntegreerde kommunikasiestelsel;<br>• Nasionale beleid oor omvattende produsente-ontwikkelingshulp;<br>• Motsepe-stigting: Prospektus<br>• Busa (SME-werkgroep);<br>• Belanghebbers se interaksies oor BREXIT;<br>• Landbou-ontwikkelingsfondsraamwerk;<br>• Toekoms van Suid-Afrika (FTI Consulting);<br>• Asuf (Werkstroom 4: Innovering en tegnologie); en<br>• Agri-bestuur en mentorskapkursus – Stellenbosch Universiteit (80%) |

## DANKBETUIGING

'n Spesiale woord van dank word uitgespreek teenoor lede van boerderygemeenskappe, provinsiale affiliasies asook bedryfsorganisasies vir hul bydraes tot die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel.



# SENTRUM VAN UITNEMENDHEID
# **Grond**





*Ernest Pringle*

Ernest Pringle dien as voorsitter en Sandy La Marque as ondervoorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid en word bygestaan deur Annelize Crosby. Tydens die November 2018-vergadering van die Sentrum van Uitnemendheid is Willem de Chavonnes Vrugt as ondervoorsitter verkies. Ernest Pringle is steeds voorsitter en Sandy La Marque en SK Makinana is addisionele lede.

Gedurende die verslagperiode, naamlik Mei 2018 tot Junie 2019, was dié Sentrum van Uitnemendheid betrokke by die volgende aktiwiteite:

## Grondonteiening sonder vergoeding (Artikel 25 van die Grondwet)

Gedurende die jaar onder hersiening is die Sentrum van Uitnemendheid se aktiwiteite oorskadu deur die debat oor onteiening sonder vergoeding. 'n Omvattende skriftelike voorlegging wat Agri SA se goed beredeneerde standpunte oor onteiening sonder vergoeding vervat, is opgestel en is aan die Grondwetlike Hersieningskomitee voorgehou gedurende die openbare verhore in die parlement in September 2018. Agri SA het ook ondersteuning verleen aan affiliasies met die provinsiale verhore wat landwyd plaasgevind het van Junie tot Augustus 2018.

Die parlement het in November 2018, op aanbeveling van die Grondwetlike Hersieningskomitee, gestem ten gunste van 'n wysiging van artikel 25 van die Grondwet, om die moontlikheid van onteiening sonder vergoeding uitdruklik in die Grondwet te vervat. Daarna is 'n ad hoc-komitee aangewys wat met 'n aanbeveling vir bewoording ter wysiging van artikel 25 vorendag moes kom. Die komitee het kundiges geraadpleeg en 'n verslag uitgebring, maar het nie hul werk afgehandel nie. Die verwagting is dat die proses voortgesit sal word deur die nuwe parlement wat ná die verkiesing saamgestel sal word.

Daar was buitengewone mediabelangstelling in die debat oor onteiening sonder vergoeding en daar was 'n groot aantal mediaverklarings, -konferensies, radio- en TV-onderhoude waaraan Agri SA se president, senior personeel, die voorsitter en funksionaris van dié sentrum deelgeneem het.

'n Senior regspan is deurgaans gekonsulteer en daar was 'n paar konsultasies met advokate. 'n Skriftelike regsmening is ook ingewin.

Daar was verskeie een-op-een-gesprekke met invloedryke persone binne die regering en 'n konsultasie met ses van die ANC se top-leiers het op 7 September 2018 by Leriba Lodge plaasgevind.

Agri SA se president, Dan Kriek, is deur president Cyril Ramaphosa genooi om deel te neem aan die werksaamhede van 'n Adviespaneel op Grondhervorming.

> ***Agri SA se president, Dan Kriek, is deur president Cyril Ramaphosa genooi om deel te neem aan die werksaamhede van 'n Adviespaneel op Grondhervorming.***

Annelize Crosby het Agri SA se president ondersteun met die nagaan van dokumente en formulering van insette in hierdie proses. Die adviespaneel het gedurende April 2019 'n verslag uitgebring. Dan Kriek het saam met Nick Serfontein, 'n ander paneellid, 'n alternatiewe verslag uitgebring.

## Grondberaad

In samewerking met *Landbouweekblad* is daar gedurende Augustus 2018 'n grondberaad by Bela-Bela aangebied. Die doel van die beraad was om voorbeelde van gondhervorming en landelike ontwikkeling wat deur landbouers self aangepak en suksesvol geïmplementeer is, bekend te stel. 'n Groot aantal projekte is voorgehou. Senior regeringsamptenare het ook die beraad bygewoon en het as sprekers opgetree. Die beraad was 'n reuse-sukses en het ook goeie mediadekking geniet.

## Huurarbeiders/Bewoners/Besetters

'n Pro-aktiewe benadering is gevolg waar die Sentrum van Uitnemendheid potensiële voorstelle en moontlike oplossings oorweeg het om uitdagings wat op die plaas

ervaar word, aan te spreek. 'n Werkgroep is gevorm en navorsing is gedoen om oor moontlike voorstelle te adviseer. Tegelykertyd is saamgewerk met die Sentrum van Uitnemendheid oor Arbeid en Ontwikkeling om 'n sosiale-eenheidsooreenkoms te bespreek. 'n Gesamentlike werkwinkel is gehou en innoverende benaderings oorweeg. Hierdie aangeleentheid geniet steeds aandag in 'n poging om oplossings te vind.

## WETGEWING

### Grondwaardasieregulasies

Die kantoor van die waardeerder-generaal het in November 2018 finale regulasies uitgevaardig wat poog om duidelikheid te verskaf oor die vertolking van artikel 25(3) van die Grondwet. Artikel 25(3) vereis dat billike en regverdige vergoeding betaal word vir grond wat onteien word. Hierdie konsep van billikheid en regverdigheid was ingevoeg by die Wet op Eiendomwaardasie, wat vereis dat die staat die billike en regverdige waarde van eiendom moet uitbetaal wanneer sodanige eiendom deur die staat verkry word vir grondhervormingsdoeleindes.

Die konsepregulasies stel voor dat die huidige gebruikswaarde van grond, tesame met die markwaarde, aangewend word om by 'n billike en regverdige waarde uit te kom. Agri SA het ernstige beswaar aangeteken teen die konsep-regulasies en veral die aanwending van sogenaamde huidige gebruikswaarde om regverdige en billike vergoeding te bepaal.

Agri SA het betrokke geraak by litigasie – sien die Melmoth-saak hieronder om duidelikheid te verkry oor die gebruik van hierdie formule deur die waardeerder-generaal.

### Restitusie-wysigingswetsontwerp

Agri SA het gedurende Augustus 2018 'n mondelinge voorlegging aan die Portefeuljekomitee op Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling gemaak oor hierdie wetsontwerp, wat die heropening van restitusie-eise beoog. In sy voorlegging het Agri SA gemaan teen die onbedoelde gevolge van die heropening van die eiseproses. Die wetsontwerp was nog nie aanvaar teen einde Maart 2019 nie, wat beteken dat dit verval het en dus opnuut ter tafel gelê sal moet word in die nuwe parlement.

### Onteieningswetsontwerp

Daar is reeds sedert 2008 pogings om 'n nuwe Onteieningswet op die wetboeke te plaas. In die jongste poging is 'n konsep-wetsontwerp gedurende Desember 2018 gepubliseer vir openbare kommentaar. Die wetsontwerp bevat 'n definisie van onteiening wat heeltemal te eng is en bevat ook 'n klousule wat onteiening van grond wat in die openbare belang onteien word, in sekere gevalle teen 'n nul-vergoeding moontlik kan maak. Daar word vyf voorbeelde genoem van kategorieë van grond wat moontlik teen nul-vergoeding onteien kan word, waarvan grond wat deur huurarbeiders gebruik word, een kategorie is.

Agri SA het 'n omvattende skriftelike voorlegging gedoen waarin die organisasie sy teenkanting teen die definisie van onteiening asook teen die voorgestelde onteiening teen nul-vergoeding duidelik uitspel. Die wetsontwerp sal na verwagting ná die verkiesing in Mei 2019 in die nuwe parlement ter tafel gelê word.

## LITIGASIE

### Melmoth-saak

Die saak het 'n lang geskiedenis en verskeie plase in die Melmoth-distrik in KwaZulu-Natal is hierby betrokke. Die staat en die waardeerders wat grondeienaars verteenwoordig, het voorheen ooreengekom op wat hulle beskou as regverdige en billike vergoeding. Die waardeerder-generaal het in 'n latere stadium betrokke geraak en het die grondeienaars slegs 50% van die bedrag waarop die waardeerders ooreengekom het, aangebied. Die staat se posisie was dat grondeienaars verplig is om afstand van hul eiendomme te doen teen die bedrae soos bepaal deur die waardeerder-generaal.

Die minister van landelike ontwikkeling en grondhervorming het beweer dat sy gebonde was aan die waardeerder-generaal se aanbod en het geweier om van die standpunt af te sien. Verder was dit ook die staat se posisie dat die hof geen jurisdiksie oor die bepaling van vergoeding het nie. Agri SA het betrokke geraak en finansiële ondersteuning verleen aan die Melmoth-grondeienaars.

Regter Canca het bevind dat die Wet op Eiendomswaardasie nie die jurisdiksie van die howe in vergoedingsake kan uitsluit nie. Hy het ook bevind dat die wet nie die minister verhoed om ’n groter vergoedingsbedrag as wat die waardeerder-generaal bepaal het toe te staan nie.

> ***Regter Canca het bevind dat die Wet op Eiendomswaardasie nie die jurisdiksie van die howe in vergoedingsake kan uitsluit nie. Hy het ook bevind dat die wet nie die minister verhoed om ’n groter vergoedingsbedrag as wat die waardeerder-generaal bepaal het toe te staan nie.***

Hy het bevind dat die waardasieriglyne, soos voorgeskryf in die regulasies, aanleiding kan gee tot ’n waarde wat aansienlik laer is as regverdige en billike vergoeding ingevolge artikel 25(3) van die Grondwet. Indien eiendomme onteien was, sou artikel 25(3) gegeld het.

Die hof was nie gebonde aan die waardes soos bepaal deur die waardeerder-generaal nie. ’n Kostebevel is gemaak ten gunste van die grondeienaars. Die uitspraak is allerweë deur grondeienaars verwelkom.

> ***Die hof was nie gebonde aan die waardes soos bepaal deur die waardeerder-generaal nie. ’n Kostebevel is gemaak ten gunste van die grondeienaars. Die uitspraak is allerweë deur grondeienaars verwelkom.***

## INTERAKSIE MET AFFILIASIES EN EKSTERNE BELANGHEBBENDES

Daar was gedurende die jaar onder oorsig interaksies met verskeie kundiges en rolspelers. Prokureur Hans-Jurie Moolman het gedurende November 2018 die sentrum-vergadering toegelig oor die skenk van grond en prof Danie Brand van Universiteit van die Vrystaat het gedurende die sentrum-vergadering in Maart 2019 ’n voorlegging gedoen oor onteiening sonder vergoeding. Daar was ook ’n vergadering gedurende Maart 2019 met die Instituut vir Rasseverhoudinge.

Verskeie kongresse en konferensies is toegespreek oor die kwessie van grondhervorming, onder meer die Fertasa-kongres gedurende April 2019. Daar was twee toere deur provinsies waar grondvlaklede ingelig is oor al die beleidsterreine wat Agri SA dek, insluitend grondhervorming – een gedurende Augustus 2018 deur die Noord-Kaap en een in Junie 2019 in KwaZulu-Natal.





SENTRUM VAN UITNEMENDHEID

# Landelike Veiligheid





*Tommie Esterhuyse*

Tommie Esterhuyse is die voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid, ondersteun deur Joe Scholtz as ondervoorsitter en Uys van der Westhuijzen as derde dagbestuurslid. Kobus Visser tree op as funksionaris.

Die ernstige veiligheidsbedreiging wat insluit plaasaanvalle en -moorde, asook algemene misdadigheid wat die landbougemeenskap beleef, maak dit noodsaaklik dat Agri SA en sy provinsiale organisasies deurlopend toegewyde aandag hieraan gee. Dit bly die regering se verantwoordelikheid om alle landsburgers veilig te hou, maar weens die huidige veiligheidsbedreiging speel die boerderygemeenskap 'n groter rol in hul eie en ook die gemeenskap se beveiliging.

Die Sentrum van Uitnemendheid se werksaamhede is dus toegespits op veiligheidsaspekte wat 'n uitwerking het op boerderygemeenskappe se persoonlike veiligheid en op algemene misdadigheid.

Die Sentrum van Uitnemendheid fasiliteer Agri SA se beïnvloeding van beleid, wetgewing en programme wat betrekking het op die veiligheid en sekuriteit van boerderygemeenskappe en die landelike omgewing.

Die werksaamhede van die Sentrum van Uitnemendheid word ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), Korrektiewe Dienste, Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS), wat gereeld vergaderings van die Sentrum van Uitnemendheid bywoon en insette lewer.

## POLISIE-AANGELEENTHEDE

Die Sentrum van Uitnemendheid het verskeie aspekte rakende polisiëring gedurende die verslagtydperk gehanteer, wat die volgende insluit:

### Gesprek met Nasionale Kommissaris van Polisie

Die Nasionale Kommissaris van Polisie en sy senior bestuurspan het die eerste vergadering van die komitee bygewoon. By die geleentheid het hy die polisie se omdraaistrategie met die komitee bespreek en gesê dat landelike veiligheid een van die fokusareas in die strategie is. Dit is die polisie se strewe om teen 2030 'n veilige landelike omgewing te skep, sodat die polisie sy grondwetlike verantwoordelikheid kan nakom. Hy het erkenning aan die boerderygemeenskap gegee vir hul bydrae tot die nasionale ekonomie, asook die rol wat hulle speel in landelike beveiliging deur hulle goed georganiseerde strukture.

Deur verbeterde polisiëring wil die polisie help om 'n veilige landelike gebied te vestig vir ekonomiese ontwikkeling en sodat die boerderygemeenskap kan voortgaan met sy bydrae tot die ekonomie, voedselsekerheid en die bevordering van stabiliteit in die land. Die implementering van 'n effektiewe reservistestelsel, die herlewing van landelike spesialiseenhede en die voorsiening van hulpbronne aan landelike polisiestasies, alles elemente wat die Sentrum van Uitnemendheid deurlopend ondersteun, is deel van die omdraaistrategie.

### Vuurwapenwetgewing

In die media is berig dat die polisie beoog om artikel 13 en 14 van die Wet op die Beheer van Vuurwapens te wysig, wat sal beteken dat selfverdediging onder die artikels nie meer 'n geldige rede sal wees om 'n vuurwapen te besit nie. Volgens inligting wat van die polisie ontvang is, bestaan daar nie 'n amptelike standpunt hieroor nie.

Tydens 'n gesprek met die Nasionale Kommissaris van Polisie is die gebrekkige terugvoer wat lede ervaar met appélaansoeke aan hom uitgewys. Alhoewel die Appélraad onder die direkte toesig van die minister van polisie val, het die polisie onderneem om hierdie probleem onder die aandag van die Appélraad te bring. Probleme in dié verband wat aan die kommissaris uitgewys is, is intussen opgelos.

### Reservistebeleidsraamwerk

Dit bly die Sentrum van Uitnemendheid se standpunt dat 'n goed funksionerende reservistestelsel, ondersteun deur toepaslike opleiding, 'n voorvereiste vir die landbougemeenskap is om daarby betrokke te raak. Klem word in die hersiene Landelike Beveiligingstrategie, wat nog bekend gestel moet word, geplaas op die belangrike rol wat reserviste sal speel om momentum te gee aan die implementering van die strategie. Daar

is belangstelling by boerelede om daaraan deel te neem, maar implementeringsprobleme moet spoedig moontlik uitgeklaar word.

Die polisie het 'n taakspan saamgestel om aanpas- sings aan die huidige konsep te oorweeg. Aspekte soos om die praktiese opleidingstydperk van reserviste op te breek in modules om te voorkom dat lede te lank van die plaas af is tydens opleiding, aandag te gee aan werwinguitdagings en die oudit van bestaande reserviste, moet aandag geniet. In terme van opleiding is die hersiene curriculum goedgekeur en word dit tans as deel van 'n loodsprojek geëvalueer. Toepaslike inligting is aan provinsiale organisasies beskikbaar gestel oor die werwing van reserviste, wat op 1 April 2019 begin het.

## Herindeling van polisieklusters

Die nuwe klusterstrategie is vanaf 1 November 2018 geïmplementeer met die doel om te bepaal of die polisie hulle doelwitte met polisiëring bereik en om implementeringsprobleme as deel van die proses te hanteer. Die strategie het tot 'n vermindering in klusters gelei en die samevoeging daarvan in gebiedstrukture. 'n Nasionale stuurkomitee is besig om die implementering van die strategie te evalueer en die polisie sal versoek word om by 'n vergadering van die Sentrum van Uitnemendheid later in die jaar hulle bevindinge te deel.

## Grondbesettings

Dreigemente oor plaasbesettings bly vir die boerderygemeenskap 'n bron van kommer en die Sentrum van Uitnemendheid sal saam met Agri SA se provinsiale organisasies toesien dat die polisie instruksies oor die hantering van betreding en grondbesettings streng volgens beleid toepas. Om lede by te staan in die vertolking van die beleid en polisie-instruksies, is 'n inligtingsdokument goedgekeur en aan provinsiale organisasies versprei. Die dokument bevat ook riglyne vir lede oor hoe om met plaasbesettings te handel.

> ***Om lede by te staan in die vertolking van die beleid en polisie-instruksies, is 'n inligtingsdokument goedgekeur en aan provinsiale organisasies versprei. Die dokument bevat ook riglyne vir lede oor hoe om met plaasbesettings te handel.***



'n Versoek is aan die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging (Salga) gerig, waarin die organisasie versoek word om te let op die verantwoordelikheid van plaaslike owerhede om betreding- en grondbesettingsgevalle onmiddellik by die polisie te rapporteer. Indien sulke besettings nie vinnig gehanteer word nie, het dit die potensiaal om oor te spoel na aangrensende boerderygebiede, met die gevolglike negatiewe implikasies vir die grondeienaar. 'n Verdere versoek is nou aan Salga gerig om die aangeleentheid met hulle te bespreek.

## LANDELIKE BEVEILIGING

### Landelike Beveiligingstrategie

Gedurende die verslagjaar is die bestaande Landelike Beveiligingstrategie hersien. 'n Werkgroep van die Sentrum van Uitnemendheid het insette van Agri SA se provinsiale organisasies oorweeg en daarna sy kommentaar aan die polisie gefinaliseer. Ná afloop van die Landelike Veiligheidsberaad wat deur die departement van landbou, bosbou en visserye gehou is, is verdere werk aan die strategie gedoen, waarna die polisie se strategiese bestuur die strategie in ooreenstemming gebring het met ander nasionale polisiestrategieë. Benewens die strategiese fokus op plaasaanvalle en veediefstal, is die fokus verbreed om ook plaasinfrastruktuurvernietiging as 'n fokusarea in te sluit. Die Sentrum van Uitnemendheid is tevrede dat die oorgrote meerderheid van die komitee se aanbevelings in die hersiene strategie geakkommodeer is.

Die Nasionale Kommissaris van Polisie het Agri SA genooi om saam met die polisie die hersiene Landelike Beveiligingstrategie te finaliseer en betrokke te wees by die reëlings vir die bekendstelling daarvan. Die verwagting is dat die strategie vroeg in die tweede gedeelte van die jaar in die Noordwes-provinsie bekend gestel gaan word, sodra die minister van polisie 'n datum vir die bekendstelling goedgekeur het.

### Ooreenkoms met AfriForum

Die ooreenkoms met AfriForum maak voorsiening vir die vestiging van kommunikasiekanale, die uitskakeling van duplisering en 'n onderneming om nie mededingende strukture waar plaaslike veiligheidstrukture reeds bestaan, te vestig nie. Dit bly die Sentrum van Uitnemendheid se standpunt dat 'n groter mate van samewerking op grondvlak moet bestaan om landelike veiligheid effektief te hanteer, sonder om bestaande strukture af te breek. 'n Gesprek het gedurende die verslagjaar met AfriForum plaasgevind, waarin aandag gegee is aan die meer effektiewe kommunikasievloei, veral met grondvlakstrukture. Die betrokkenheid van die polisie by misdaadvoorkomingsaksies op plaaslike vlak, is aan AfriForum uitgewys as 'n vereiste vir lede se deelname.

### Plaastoegangsprotokol

Die Landelike Beveiligingstrategie bepaal dat 'n protokol vir toegang tot plase toegepas kan word ter bevordering van landelike veiligheid. Agri SA se protokol in dié verband word wyd aanvaar as 'n geskikte protokol vir die doel. Die komitee het gedurende die verkiesingsjaar die streng en konsekwente toepassing van die plaastoegangsprotokol bevestig en lede versoek om veral gedurende dié tydperk toe te sien dat die protokol toegepas word.

### Misdaadbeslagleggingsrekening

Die Sentrum van Uitnemendheid het die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad (POC-wet) bespreek en hoe dit voorsiening maak vir 'n misdaadbeslagleggingsrekening (Cara - criminal asset recovery account) wat bestuur word deur 'n komitee bestaande uit die departemente van justisie, polisie en finansies. Die fonds is tot die beskikking van wetstoepassingsdepartemente in die staat, waar aansoek gedoen kan word vir befondsing van spesifieke items. Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) het op versoek van die komitee pro-forma-dokumentasie beskikbaar gemaak, waarvolgens die polisie kan aansoek doen vir fondse uit die rekening. Sodanige dokumentasie is na al die provinsiale organisasies versprei vir verdere hantering.

## Tweedehandse Goedere- en Strafregwysigingswet, 2015

Die departement van justisie en die polisie se regsafdeling is versoek om wysigings te oorweeg aan die Strafregwysigingswet, asook die Tweedehandse Goederewet om die nadelige uitwerking van die toename in plaasinfrastruktuurvernietiging te bekamp. Die polisie, wat verantwoordelik is vir die Tweedehandse Goederewet, is versoek om plaasinfrastruktuur soos besproeiingtoerusting en ysterpale onder skedule een van die wet in te sluit. Verder is versoek dat die kansellering van handelaarsregistrasie van skrooteienaars wat hulle herhaaldelik skuldig maak aan oortredings van die wet, ondersoek moet word met die oog daarop dat sulke eienaars nie weer die geleentheid sal kry om 'n skrootwerf te bedryf nie.

Die polisie, in samewerking met die nasionale sekretariaat van polisie, is tans besig om wysigings aan die wet te oorweeg en die Sentrum van Uitnemendheid het 'n skriftelike versoek aan die polisie gerig vir oorweging.

Die versoek aan die departement van justisie vir die verbreding van die toepassing van die Strafregwysigingswet om besproeiingtoerusting in te sluit as essensiële infrastruktuur en voedselproduksie as 'n basiese diens, word tans deur die departement oorweeg. Die verbreding van die toepassing van die wet, indien dit deur die departement goedgekeur word en deur die parlement as 'n wetswysiging aanvaar word, kan lei tot verhoogde strawwe by skuldigbevinding van persone wat hulle aan die misdryf skuldig maak. Die departement het 'n voorlegging voorberei vir oorweging deur die minister vir moontlike wetwysigings.

## Koste van misdaad

Gedurende die verslagtydperk is die koste van misdaad in landbou in 'n opname, wat in samewerking met Unisa gedoen is, afgehandel. 'n Verslag is daarna saamgestel, wat daarop dui dat sewe uit tien kommersiële boere wat aan die opname deelgeneem het, misdaad in die een of ander vorm in 2017 ervaar het. Verder het die opname aangetoon dat nagenoeg 'n derde van kommersiële landbou-eenhede 'n toename in misdaadvoorvalle oor die afgelope drie jaar ervaar het. Die resultate beklemtoon die Sentrum van Uitnemendheid se kommer oor die vlak van misdaad wat deur kommersiële boere ervaar word.



**R5,45 miljard**
Direkte koste

**R2,28 miljard**
Vervangingskoste

TOTALE MISDAADVERWANTE KOSTE
**R7,72 miljard**

Volgens die studie het die totale direkte koste van landbouverwante misdaad R5,45 miljard beloop, met 'n totale vervangingskoste van R2,28 miljard. Die totale landbouverwante koste het R7,7 miljard beloop. Die studie het verder getoon dat die diefstal van lewende hawe bo aan die lys van misdade was, gevolg deur die diefstal van plaasinfrastruktuur, die diefstal van plaasimplemente en -gereedskap, gevolg deur wilddiefstal en roof. Die studie het verder getoon dat ongeveer 40% van kommersiële landbou-eenhede beveiligingtoerusting in 2017 geïnstalleer het teen 'n gemiddelde koste van R115 000 en 'n totale koste van R1,9 miljard.

Die inligting verkry uit die opname is ook gebruik ter motivering van die voorstelle vir wysigings aan die Tweedehandse Goederewet, asook die Strafregwysigingswet.

## Funksionering van Prioriteitskomitees

Op versoek van die Sentrum van Uitnemendheid het die polisie instruksies oor die funksionering van prioriteitskomitees op verskeie vlakke vrygestel. Die instruksie verskaf riglyne aan prioriteitskomitees wat gevolg moet word oor onder meer die voorsitterskap, die inhoud van 'n sakelys en die tipe aspekte wat tydens vergaderings gehanteer moet word. Terugvoer van provinsiale organisasies dui in die algemeen daarop dat prioriteitskomitees goed funksioneer en probleemareas word deurlopend op plaaslike vlak gehanteer.

## Erodering van grondvlakveiligheidstrukture

Tydens die verslagjaar het die Sentrum van Uitnemendheid hom bemoei met die erodering van grondvlakveiligheidstrukture deur organisasies wat in dorpsgebiede betrokke is by die verskaffing van veiligheid- en sekuriteitsdienste. Hierdie organisasies beweeg nou uit om soortgelyke dienste aan landelike gemeenskappe te bied, wat lei tot konflik en die vernietiging van georganiseerde landbou se plaaslike veiligheidstrukture. Hierdie optrede kan skade veroorsaak met die implementering van die Landelike Beveiligingstrategie en optrede deur provinsies bemoeilik wanneer die polisie op daardie vlak uitgesluit word. Die Sentrum van Uitnemendheid het gewaarsku dat daar voortdurend gewaak moet word teen organisasies met 'n politieke mandaat of wat daar gestel is vir 'n persoon se eie gewin.

## Ooreenkoms tussen Agri SA en Fidelity ADT

Agri SA het 'n vennootskap met Fidelity ADT aangegaan om 'n reeks dienste en produkte aan sy lede en die landelike gemeenskap te bied in 'n poging om die hoë vlakke van plaasaanvalle en verwante landboumisdaad aan te spreek. Deur die Fidelity-dienstegroep word 'n magdom ervaring en sekuriteitskennis aan die landelike kliënt beskikbaar gestel deur die lewering van 'n meer geïntegreerde veiligheids- en sekuriteitsdiens. Die sukses van die ooreenkoms berus op die samewerking met provinsiale organisasies, die boerevereniging, plaaswagte en plaaslike veiligheidsmaatskappye.

Verskeie voorleggings is reeds in die Noord-Kaap, Vrystaat en Oos-Kaap gedoen oor hoe die dienste en produkte van Fidelity benut kan word om groter veiligheid te bewerkstellig. Die vennootskap sal daarna strewe om 'n groter bydrae te lewer om 'n veiliger landelike omgewing daar te stel en te reageer op die veiligheidsbehoeftes van die landelike boerderygemeenskap.

## Verkiesingsprotokol

Die Sentrum van Uitnemendheid werk sedert 2006 met die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) saam om ordelike toegang aan die OVK te verleen om plase te besoek vir kieseropleiding en die vestiging van kieslokale. Agri SA het reeds in Desember 2018 'n gesprek met die OVK gevoer rakende 'n verkiesingsprotokol vir die 2019-verkiesing. Die gesprek is opgevolg met 'n brief waarin Agri SA sy standpunt duidelik stel. In die afwesigheid van 'n finale protokol vir 2019, het die Sentrum van Uitnemendheid die volgende standpunte gehandhaaf vir implementering deur lede, naamlik dat lede voorsiening moet maak:

- Om redelike toegang aan die OVK en sy agente te bied tot boerderygebiede om hulle werk te verrig in terme van kieserregistrasie en -opleiding;
- Om kiesers die geleentheid te bied om politieke byeenkomste by publieke plekke by te woon wat deur politieke partye gereël word;
- Om toegang aan die OVK en sy agente te bied om plekke te gebruik as registrasie- en stemlokale, waar toepaslik; en
- Om te verseker dat besoeke aan plase sal plaasvind in terme van die protokol vir toegang tot plase.

## Voorlegging aan portefeuljekomitees

Die Sentrum van Uitnemendheid het gedurende November 2018 die geleentheid gehad om 'n voorlegging te doen aan 'n gesamentlike sitting van die portefeuljekomitees van polisie, asook landbou, bosbou en visserye. Tydens die voorlegging is die portefeuljekomitees ingelig oor die nadelige uitwerking wat plaasaanvalle en ander misdade op die landbougemeenskap het. Die hersiening van die Landelike Beveiligingstrategie is verwelkom en klem is gelê dat 'n goed funksionerende prioriteitskomiteestelsel, asook 'n toeganklike reservistestelsel die fondamente van die strategie is. Agri SA het hom weer eens verbind tot goeie samewerking met die polisie, vir die bevordering van landelike veiligheid.

> *Die hersiening van die Landelike Beveiliging-strategie is verwelkom en klem is gelê dat 'n goed funksionerende prioriteitskomiteestelsel, asook 'n toeganklike reservistestelsel die fondamente van die strategie is.*

### Nasionale Non-Ferrous Crime Combatting-komitee

Die voorsitter en funksionaris van die sentrum verteenwoordig Agri SA in die Non-Ferrous Crime Combatting-komitee. Tydens een van die komitee se vergaderings is 'n voorlegging gedoen rakende die uitwerking van die diefstal en vernietiging van plaasinfrastruktuur op landbou. 'n Versoek is ook gerig vir 'n spesiale ondersoek na die diefstal van selfoontoringbatterye. Die polisie is tans besig met spesiale projekte op grondvlak om die diefstal van selfoontoringbatterye te voorkom.

## KORREKTIEWE DIENSTE

Die minister van korrektiewe dienste beoog 'n hersiening van die huidige paroolstelsel en aanbevelings daaroor is aan die minister deur die departement gedoen. Die terugvoering van die minister oor die hersiening van die paroolstelsel word tans afgewag.

Die kontrakte van die huidige paroolrade het aan die einde van Julie 2018 verval. Nuwe kontrakte is met lede van die paroolrade gesluit, wat op 1 Maart 2019 in werking getree het vir 'n periode van drie jaar. Lede van georganiseerde landbou wat wil deelneem aan 'n paroolraad se verrigtinge, kan by die voorsittende beampte daarvoor aansoek doen. Die polisie word ook nou betrek in paroolrade, met goeie ondersteuning en samewerking wat verkry word.

## NASIONALE VERVOLGINGSGESAG

Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) gaan voort met die opleiding van staatsaanklaers in die hantering van veediefstalsake, maar begrotingbeperkings maak dit moeilik om daarmee vol te hou. Dit bly 'n deurlopende proses, waarmee die NVG sal voortgaan sodra hul begrotingsprobleme uitgesorteer is. Die aanstelling van nuwe staatsaanklaers is ook vertraag weens begrotingbeperkings, veral gesien teen die agtergrond van die toename in staatsaanklaers wat die NVG se diens verlaat.

## VEEDIEFSTAL

Volgens die Nasionale Veediefstaleenheid is die provinsies wat die meeste geraak word deur veediefstal die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en die Vrystaat. Die volgende inligting word met die komitee gedeel rakende veediefstal:

- 30 polisiestasies dra by tot die hoogste voorkoms van veediefstal in die land;
- Daar is 'n toename in die aantal diere wat teruggevind word;
- Die aantal skuldigbevindings neem toe en meer sake is die afgelope jaar gerapporteer as die vorige jaar; en
- Verskeie beskuldigdes is vanjaar reeds tot effektiewe tronkstraf gevonnis, waarvan verskeie tot 15 jaar tronkstraf opgelê is.

Die volgende aspekte is uitgelig:

- Sommige veediefstaleenhede ervaar 'n tekort aan nagsigtoerusting, maar geen versoeke in dié verband is deur die Veediefstalvoorkomingsforum of Nasionale Veediefstaleenheid ontvang nie;
- Die toekenning van analiste om die skakeling tussen sindikate en georganiseerde misdaad in veediefstal te ondersoek, is nodig. Die polisie meld dat hulle in die proses is om so 'n kapasiteit te vestig by die eenheid vir georganiseerde misdaad en dat verskeie projekte geregistreer is om veediefstalsake te ondersoek;

- 'n Uitdaging bestaan by sommige veediefstaleenhede wat 'n tekort aan voertuie en mannekrag ervaar. Dit is egter die veediefstalkoördineerder se verantwoordelikheid om addisionele behoeftes te bepaal en dit volgens die toepaslike kanaal in te dien;
- Daar is verskeie gevalle waar 'n J-543 uitgereik word, maar weer in die hof teruggetrek word. 'n Dossier behoort geopen te word vir herhaalde oortreders sodat hulle vervolg kan word. Die aangeleentheid is tydens 'n vergadering van bevelvoerders bespreek; en
- Die Lesotho-grens bied verskeie veiligheidsuitdagings vir boere en polisiestasies aan die grens. Die stasies behoort oor voldoende kapasiteit te beskik sodat hulle die misdaadsituasie aan die grens effektief kan hanteer. Die behoeftes van polisiestasies word bepaal deur 'n lewensvatbaarheidstudie van die polisie wat onderneem moet word, wat dan die behoefte sal uitwys waarvolgens toekennings gemaak sal word.

Dank is deur die Sentrum van Uitnemendheid uitgespreek teenoor die Veediefstaleenheid vir die werk wat hulle doen.

## WEERMAG-AANGELEENTHEDE

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag is verantwoordelik vir die operasionele gebied wat insluit die internasionale grense en die 10 km-grondgebied van die grens. Die totale internasionale grens is 4 471km en word bedien deur 15 weermagsub-eenhede met 2 754 manskappe wat aan die grensgebied ontplooi is.

## AFSLUITING

Die komitee het onderstaande uittreksel uit die *Sunday Times* van 10 Maart 2019 gebruik om daarop te wys dat indien negatiewe gedrag nie aangespreek word nie, die probleem altyd sal bly voortbestaan;

*"Bad behaviour or a culture of impunity is changed or reversed by a strick application of consequences. The burning of universities, for instance, which insidently started in the Northwest, has not abated, because there has been no consequences. It was a shock when it happened the first time. We can have as many summits and commissions of enquiry, but we'll have wasted our time if nobody is finally call to account. Amid all the verbiage about clean-up campaigns, towards assuredly missing: don't litter. Consequences are what's missing and leadership to enforce them".*

## ERKENNING

Lede van die boerderygemeenskap, provinsiale affiliasies, asook veiligheidsverteenwoordigers, wat op verskeie vlakke bydraes lewer om die veiligheid van landelike gemeenskappe te verseker, verdien erkenning en waardering.

'n Besondere woord van dank aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), Korrektiewe Dienste, en die Instituut vir Sekerheidstudies vir hulle ondersteuning aan die komitee in sy poging om landelike veiligheid te bevorder.



# SENTRUM VAN UITNEMENDHEID
# **Natuurlike Hulpbronne**





*Wayman Kritzinger*

Wayman Kritzinger dien as voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne en word bygestaan deur Willem Symington as ondervoorsitter en Cornie Swart as addisionele lid. Janse Rabie dien as funksionaris.

## WATERSAKE

### Rouwatertariefbedeling

Die departement van water en sanitasie (DWS) se goedgekeurde watertariefbedeling vir 2019/20 is aan affiliasies uitgestuur. Agri SA het 'n belangrike rol gespeel tydens die rouwatertarief-onderhandelings om te verseker dat persentasiestygings (tussen 4,40% en 14,40%) binne die grense soos beding deur Agri SA namens die Suid-Afrikaanse landbousektor val.

### Oordrag van watergebruiksregte

Agri SA het menige versoeke ontvang vir hulp met regsgedinge teen die DWS rondom die hersiene (en na ons mening verkeerde) vertolking van artikel 25 van die Nasionale Waterwet, 36 van 1998 (NWA). Ingevolge sy hersiene posisie, is die DWS van mening dat artikel 25 nie voorsiening maak vir private handel in watergebruiksregte nie. Ná sorgvuldige oorweging het Agri SA se regskomitee twee sake vir ondersteuning geïdentifiseer:

i. Die Wittewater Boerdery-saak (wat handel oor tydelike oordrag van watergebruiksregte) het in die Kaapse Hoërhof geslaag. 'n Afskrif van die uitspraak en mediaverklaring ten opsigte daarvan is aan Agri SA-lede uitgestuur. Die tweede (hoof-) gedeelte van die aansoek sal binne die tweede helfte van 2019 aangehoor word.

ii. Die Doornkraal Besigheidstrust-saak (wat handel oor permanente oordragte van watergebruiksregte asook verklarende verligting in verband met die magte van watergebruiksverenigings) is verwys na die regter-president van die Hoërhof in Pretoria vir verhoor voordat 'n volledige regsbank die saak later in 2019 aanhoor.

### Verifiëring- en validasieproses

Agri SA se Sentrum vir Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne gaan voort om die aangeleentheid van verifiëring en validasie op te volg en druk op die DWS uit te oefen vir die finalisering van daardie proses. Nadat die DWS die afsluitingsverslag vir die proses gefinaliseer het, sal hulle begin om met Agri SA te skakel met die oog op behoorlike opdatering van die status van bestaande wettige watergebruike in Suid-Afrika.

### Onwettige watergebruik

Die onwettige gebruik van water is vir Agri SA 'n rede tot ernstige kommer aangesien dit konflik en ongelykheid onder besproeiers veroorsaak.

Agri SA het voortdurend die posisie gehandhaaf dat hy geensins die onwettige gebruik van water deur sy geaffilieerde lede kan of sal goedkeur, onderskryf of op enige wyse ondersteun nie.

***"Agri SA het voortdurend die posisie gehandhaaf dat hy geensins die onwettige gebruik van water deur sy geaffilieerde lede kan of sal goedkeur, onderskryf of op enige wyse ondersteun nie.***

Agri SA is van mening dat die vestiging van uitstaande opvanggebiedbestuursagentskappe (CMA's) en die verifiëring en validasie van watergebruiksregte noodsaaklik is vir die DWS om teen die onwettige gebruik van water op te tree.

Die beweerde onwettige uitreiking van watergebruikslisensies is ook kommerwekkend. Agri SA het 'n regsmening verkry oor die aangeleentheid in die Noord-Kaap, wat hy verwys het na die minister van water en sanitasie vir verdere ondersoek. Agri SA het die saak ook verwys na die Organisation Undoing Tax Abuse (OUTA) vir verdere aandag en ondersoek.

## Agteruitgang van watergehalte

Agri SA is hoogs bekommerd oor die agteruitgang in die gehalte van Suid-Afrika se waterbronne en die implikasies daarvan vir die landbou. Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne was betrokke by die aanvanklike beraadslaging om ’n geïntegreerde nasionale watergehaltebeleid en -strategie te ontwikkel en sal voortgaan om hieraan en aan ander prosesse deel te neem.

Agri SA was instrumenteel in die versoek wat gerig is vir ’n ondersoek na die DWS se watergehaltemonitering- en bestuursfunksies langs die Vaalrivier. Ten spyte van die parlementêre portefeuljekomitee vir water en sanitasie se teregwysing, was die DWS nie in staat om sy watergehaltemonitering- en bestuursfunksies te vervul nie. Agri SA het ’n beroep gedoen op en sal sy onderskeie bedryfsorganisasie-affiliasies ondersteun in hul pogings om die oorsake en gevolge van verswakkende watergehalte in Suid-Afrika aan te spreek.

Agri SA is van mening dat watergehalte op opvangsgebiedvlak bestuur moet word. Die vestiging van die uitstaande opvangsgebiedbestuursagentskappe deur die DWS word beskou as noodsaaklik ten einde die agteruitgang van Suid-Afrika se waterbronne te bestuur.

## Verhoudings met eksterne belanghebbendes

Agri SA handhaaf ’n goeie werkverhouding met verskeie eksterne belanghebbendes en rolspelers in die watersektor, met inbegrip van die South African Association of Water Users Associations (SAAFWUA), the Strategic Water Partnership Network (SWPN) en die South African National Council on Irrigation and Drainage (SANCID).

In Maart 2019 het Agri SA en SAAFWUA ’n formele memorandum van verstandhouding onderteken om hul bestaande werkverhouding te formaliseer ten einde die landbousektor se posisie ten opsigte van watersake te bevorder.

# OMGEWINGSAKE

## Skaliegasontwikkeling

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne is aan die voorpunt van die betoog teen die voorgestelde vestiging van ’n skaliegasbedryf in Suid-Afrika. Gegewe die gebrek aan inligting oor die beskikbaarheid van water en besonderhede oor hoe besmette grond en water behandel en verwyder sal



word, kan Agri SA nie die voorgestelde vestiging van 'n skaliegasbedryf in Suid-Afrika ondersteun of onderskryf nie.

Agri SA het 'n hersieningsaansoek in Pretoria se Hoërhof gebring teen die waarnemende minister van omgewingsake se besluit om die organisasie se appèl teen die toestaan van omgewingsmagtiging aan Rhino Oil & Gas vir eksplorasiebedrywighede in Noordwes, Vrystaat, KwaZulu-Natal en Oos-Kaap van die hand te wys. Vordering met die hersieningsaansoek sal fyn dopgehou word en Agri SA sal daaroor verslag doen aan sy affiliasies.



## Memorandum van Verstandhouding – Mineraleraad van Suid-Afrika

Agri SA en die Mineraleraad van Suid-Afrika (MinCoSA) is partye tot die Memorandum van Verstandhouding (MoU) wat beoog om onder meer 'n kommunikasie-platform te bied oor aangeleenthede van wedersydse belang. Ingevolge die MoU, het Agri SA en MinCoSA 'n eksterne konsultant aangestel om gebiede waar die landbou- en mynbedryf tesame kan bestaan, te ondersoek en evalueer en is in die proses om 'n oorvleuling-atlas voor te berei wat moontlik deur die departement van minerale hulpbronne gebruik kan word wanneer daar besluit word om mynbedrywighede in sekere hoëpotensiaal-landbougebiede toe te laat.

Agri SA sal voortdurend sy verhouding met georganiseerde mynbou herevalueer. Indien dit sou blyk dat die huidige MoU nie voordelig vir die landbousektor is nie, sal Agri SA sy bestaande verhouding met MinCoSA heroorweeg.

> ***Indien dit sou blyk dat die huidige MoU nie voordelig vir die landbousektor is nie, sal Agri SA sy bestaande verhouding met MinCoSA heroorweeg.***

## Wetsontwerp op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond

Die Konsepwetsontwerp op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond (PDALB) dien tans voor die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkeling-, en Arbeidsraad (Nedlac).

Die doel van die PDALB is om hoëpotensiaal-landbougrond vir landboudoeleindes te behou. Sodanige grond word tans bedreig deur mededingende eise soos dié van die mynbedryf. Bestaande wetgewing bevat nie voldoende regulering in hierdie verband nie.

MinCoSA bly gekant teen landbou-belanghebbendes binne Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa) se posisie oor die toepasbaarheid van die PDALB. Die meningsverskil hou grootliks verband met die magte van die betrokke ministers en die onderskeie regeringsvlakke.

Agri SA moniteer die proses en sal voortgaan om binne Nedlac druk uit te oefen om die PDALB as wetgewing aanvaar te kry.

## Biologiese beheer oor uitheemse en indringerspesies

Agri SA het die Sentrum vir Biologiese Beheer en Rhodes Universiteit se programme vir die daarstelling van biologiese beheermaatreëls ten einde uitheemse en indringerspesies te bestuur, aktief ondersteun. Vroeë aanduidings is dat hierdie inisiatief moontlik die weidingspotensiaal en aanwending van weiveld in Suid-Afrika drasties kan verbeter.

## LandCare

Agri SA was intensief betrokke by die departement van landbou, bosbou en visserye (Daff) se inisiatiewe om die agteruitgang van grond teen te werk.

> *Agri SA was intensief betrokke by die departement van landbou, bosbou en visserye (Daff) se inisiatiewe om die agteruitgang van grond teen te werk.*


Dit sluit in die formulering van 'n omvattende strategie om slangbos-indringing oral in Suid-Afrika aan te spreek en om Daff te help in sy formulering van 'n bewaringslandboubeleid.

## Square Kilometre Array

Agri SA is 'n party tot 'n Memorandum van Verstandhouding (MoU) met die SKA (Square Kilometre Array) -bestuursgesag. Agri SA gaan voort om sy geaffilieerde lede by te staan in onderhandelinge en die soeke na oplossings vir probleme wat voortspruit uit die SKA se aktiwiteite in die Noord-Kaap.



# PROJEK:
# AGRI SECURITAS TRUSTFONDS





*Japie Grobler*

Die Raad van Trustees van die Agri Securitas Trustfonds funksioneer onder voorsitterskap van Japie Grobler en Kobus Visser is die funksionaris.

AGRI SECURITAS

TrustFund | Trustfonds | 6461/01

PROTECTING THE FARMING COMMUNITY
BESKERM DIE BOERDERYGEMEENSKAP

## Inleiding

Die Agri Securitas Trustfonds beywer hom vir 'n veiliger landelike omgewing deur plaaslike beveiligingsprojekte te ondersteun. Verbandhoudende projekte is gerig op voorkomende maatreëls sowel as nasorg.

Die Trustfonds is daarop gerig om finansiële hulp aan boerderygemeenskappe beskikbaar te stel, ten einde die veiligheid van sodanige gemeenskappe te verbeter.

'n Belangrike aspek met die oorweging van die befondsing van projekte is die samewerking wat tussen die plaaslike gemeenskap en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) bestaan. Alle projekte wat ondersteun word, moet ook binne die wetlike raamwerk en institusionele werkwyse bedryf word. Aangesien die Trustfonds nie oor uitvoerende kapasiteit beskik nie, voer hy sy mandaat uit deur middel van ander organisasies, soos byvoorbeeld boereverenigings.

## Ontstaan van die Trustfonds

Die Trustfonds is ná die Spitsberaad oor Plattelandse Veiligheid op 10 Oktober 1998 as 'n inisiatief van Agri SA in die lewe geroep.

Die inisiatief is deur voormalige president Mandela ondersteun en die Trustfonds dien as 'n ideale vennoot in die stryd teen landelike misdaad. Die Trustfonds het oor jare 'n bewese rekord opgebou om plaasgemeenskappe te help beveilig.

> *“Die inisiatief is deur voormalige president Mandela ondersteun en die Trustfonds dien as 'n ideale vennoot in die stryd teen landelike misdaad.*

## Trustakte

Die Trustakte maak voorsiening vir 'n Raad van Trustees wat uit nie meer as 12 lede mag bestaan nie. As 'n algemene riglyn by die aanstelling van trustees word die bestaande professionele werkstatus van kandidate in ag geneem.

Gedurende die verslagjaar is Dan Kriek en Cobus van Zyl benoem as trustees. Die bekragtiging van hul aanstellings as trustees word tans deur die Meester van die Hooggeregshof gefinaliseer. Die huidige Raad van Trustees bestaan uit Japie Grobler (voorsitter), Kiewiet Ferreira, Willie Fourie, John Williams, Marina Muller, Tharia Rossel, Hans van der Merwe, Mosiuoa Lekota en Omri van Zyl.

Die Raad het die Trustakte gewysig om voorsiening te maak vir 'n aangepaste werkwyse en om die Akte te vernuwe. Die gewysigde Akte is by die Meester van die Hooggeregshof ingedien en is deur die Meester van die Hooggeregshof aanvaar.

## Finansiële verslagdoening

Die Trustfonds het 'n ongekwalifiseerde verslag van sy ouditeure ontvang.

Die Raad is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state. Die Ouditkomitee het hom daarvan vergewis dat die Trustfonds as 'n lopende onderneming kan voortgaan. Die Raad is verantwoordelik vir die goedkeuring van die state en het sy waardering teenoor die Ouditkomitee uitgespreek vir die werk wat namens die Trustfonds gedoen word. Die Ouditkomitee bestaan uit Kiewiet Ferreira (voorsitter), Hans van der Merwe en Johannes Möller.

## PROJEKTE DEUR DIE TRUSTFONDS GEFINANSIER

Die Trustfonds was sedert sy ontstaan by die finansiering van verskeie projekte betrokke, wat die volgende insluit: kamera-stelsels, voorsiening van radio-kommunikasiestelsels, oprigting van valhekke, verskaffing

van landelikebeveiligingstoerusting, befondsing van navorsing oor motiewe vir plaasaanvalle, ondersteuning aan veiligheidslessenaars wat deur provinsiale organisasies bedryf word, aankoop van hommeltuie en traumaberading.

Gedurende die verslagtydperk het die Trustfonds die volgende projekte finansieel ondersteun:

## NASIONAAL

**Reformanda Beradingsdienste:** Reformanda Beradingsdienste is vir die afgelope 12 jaar aktief betrokke by die verskaffing van landwye beradingsdienste aan landbougemeenskappe. Individuele beradingsessies vind ook ná afloop van werkwinkels plaas.

Daar word telkemale dank uitgespreek teenoor die Trustfonds vir die finansiële ondersteuning vir die inisiatief wat geneem word om die landbougemeenskap te help om tersaaklike trauma te verwerk. Die sukses van die traumawerkwinkels is daarin geleë dat landbougemeenskappe wat nie naby ondersteunende dienste is om hul emosionele probleme aan te spreek nie, nou van die dienste van Reformanda gebruik kan maak.

**Agri SA se Landelike Veiligheid Sentrum van Uitnemendheid:** Die sentrum se beleidsoptrede is daarop gemik om die veiligheidsposisie van betrokkenes te verbeter en om die veiligheidsituasie van boerderygemeenskappe te bevorder. Hierdie ideaal kan slegs verwesenlik word indien omstandighede, insluitend die veiligheidsomgewing, bevorderlik is vir die daarstelling van 'n winsgewende en veilige landbousektor. Die sentrum fokus op 'n beleidsomgewing waarbinne landelike veiligheid bevorder kan word. Die Trustfonds maak 'n finansiële bydrae tot die funksionering van die werksaamhede van die sentrum.

**Agri SA Transformasie-kommunikasieprojek:** Agri SA het 'n verantwoordelikheid om op die gebied van transformasie sy insette te verbreed. Dit is nie slegs noodsaaklik, uit 'n politieke, ekonomiese en maatskaplike oogpunt nie, maar ook omdat Agri SA se affiliasies – en veral bedryfsorganisasies – betekenisvolle verteenwoordiging van swart boere in hul ledebasisse het. Die Raad het toeligting van Agri SA ontvang oor die werk wat met die Transformasie-hub bereik word, asook die welslae wat behaal word met boerontwikkeling en mentorskapprogramme van bedryfsorganisasies. Die werk sluit ook ten nouste aan by die behoefte van die Raad om die werk wat kommersiële landbou doen as vertoonvenster te gebruik om landelike veiligheid te bevorder.



Die Trustfonds se bydrae tot transformasie-kommunikasie sal dus Agri SA in staat stel om deur die kommunikasiebestuurder die goeie werk wat kommersiële landbou doen ten opsigte van transformasie, verder bekend te stel. Die bydrae van die Trustfonds sou nie moontlik wees sonder die finansiële ondersteuning van Sanlam nie.

## PROVINSIALE PROJEKTE ONDERSTEUN

Die afgelope jaar is die volgende projekte na aanleiding van versoeke deur provinsies finansieel ondersteun:

### VRYSTAAT

In dié provinsie is die volgende projekte finansieel ondersteun:

- **Agri Hertzogville, integriteitskeuringdatabasis:** Fondse is bewillig vir die aanskaffing van die databasis wat gebruik word om op 'n wettige wyse informasie ten opsigte van aansoekers om werk te ontsluit ten opsigte van vorige veroordelings en arrestasies.

- **Vierfontein Boerevereniging, kamerastelsel:** Die gebied het reeds 'n plaasaanval ervaar en veediefstal, en die diefstal van plaasinfrastruktuur en skrootmateriaal is aan die orde van die dag. Die kamerastelsel wat aangeskaf is, sal gebruik word om observasie oor die gebied te doen en relevante inligting wat bekom word, sal met die polisie gedeel word.

- **Bothaville Distrikslandbou-unie, kamera- en kommunikasiestelsel:** Die gebied ervaar 'n toename in algemene misdadigheid en spesifiek op die terrein van vee-, kabel-, sonpaneel-, dieselen voertuigdiefstal. Om die gebied se observasie- en kommunikasievermoë te verbeter, is 'n kamera- en kommunikasiestelsel op die been gebring.

- **Memel Boerevereniging, kamera- en kommunikasiestelsel:** Die gebied is geen uitsondering wat betref misdaad nie en plaasaanvalle, vee- en motordiefstal en huisinbrake is aan die orde van die dag. Die doel met die stelsel is om inligting van verdagte voertuie in te samel, dit met die polisie te deel en die gebied se kommunikasievermoë te verbeter.

### OOS-KAAP

In dié provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- **Aliwal-Noord Landbouvereniging, kamerastelsel:** Veediefstal raak 'n toenemende probleem in die gebied, en huisinbrake en kontakmisdade soos roof gewoon. Die kameras sal gebruik word vir voertuigmonitering en die inligting sal per selfoon volgens 'n selfoontoepassing aan lede versprei word. Die polisie is ook betrokke by die projek en sal toegang tot die inligting hê.

- **Adelaide Landbouvereniging, nagsigtoerusting:** Die gebied ervaar 'n konstante veediefstalprobleem, onwettige jag, wilddiefstal, diefstal van toerusting en betreding. Die inisiatief van die landbouvereniging, wat nou saamwerk met die polisie, het al gelei tot die opsporing en arrestasie van verskeie verdagtes.

- **Graaff-Reinet Wolkwekersvereniging, veiligheidshek:** Boere in die gebied ervaar vee- en wilddiefstal, asook eiendomsverwante misdaad. 'n Verdere uitbreiding in die beveiligingmaatreëls is die oprigting van kameras om voertuigbeweging te monitor, maar ook die oprigting van 'n hek, waardeur elektroniese toegang beheer kan word.

- **Upper-Cathcart Landbouvereniging, radioherleistelsel:** Die grootste misdaad wat in die gebied voorkom, is veediefstal wat hoofsaaklik deur sindikate uitgevoer word. Deur die oprigting van 'n herhaler, sal dit kommunikasie in die gebied verbeter en toegang bied tot effektiewe kommunikasie aan alle lede.

## NOORDWES

In dié provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- **Agri Soetdoring, veiligheidstoerusting:** Die onluste wat in die groter Coligny-distrik voorgekom het, het die plaaslike ekonomie onder geweldige druk geplaas. Besighede is geplunder, geroof, afgebrand en vernietig, wat geweldige finansiële en ekonomiese druk op landbouers en werkers geplaas het. Aansoek is gedoen vir die aankoop van radio's vir plaaswagleiers en koeëlvaste baadjies vir die reaksie- en plaaswagleiers.

- **Agri Delareyville, kommunikasiestelsel:** Behalwe vir gewelddadige voorvalle van openbare onrus en brandstigting wat in die dorp voorkom, word die landbougemeenskap geteister deur veediefstal, gewapende roof, roof by delwerye, diefstal van toerusting, onwettige jag met honde en brandstigting. Die kommunikasiestelsel sal bydra tot meer effektiewe kommunikasie ten tyde van brande, veediefstal en plaasaanvalle.

- **Agri Excelsior, kamerastelsel:** Die grootste probleem in die gebied is veediefstal, wat weekliks voorkom, en betreding. Met die oprigting van die kamerastelsel poog die boerevereniging om voorkomend op te tree.

- **Agri Louwna, kamerastelsel:** Die gebied beleef 'n toename in veediefstal, asook kabel- en transformatordiefstal. Deur die kamerastelsel word beoog om voertuigbeweging te monitor, in 'n poging om misdaad voorkomend te bekamp.

- **Agri Pretoriuskop, kamerastelsel:** Die grootste misdaadprobleem in die gebied is veediefstal en groot hoeveelhede vee word gesteel, veral in die onbewoonde gebied. Met die oprigting van die kameras sal toegangroetes in die gebied gemonitor word en lede per sms in kennis gestel word van verdagte voertuie.

- **Makokskraal Boerevereniging, veiligheidstoerusting:** Veediefstal is aan die orde van die dag, met huisinbrake wat veral op Sondae voorkom, asook plaasmoorde. Die toerusting sal gebruik word in misdaadvoorkomende optrede.

## NOORD-KAAP

In dié provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- **Berg Landbouvereniging, kamerastelsel:** Misdaad in die gebied is aan die toeneem, met die voorkoms van plaasaanvalle en huisinbrake. Veediefstal en die diefstal van voertuie is aan die orde van die dag. Kameras word op strategiese plekke in die gebied geïnstalleer om toegangsmonitering toe te pas.

## LIMPOPO

In dié provinsie is die volgende projekte finansieel ondersteun:

- **Agri Bosveld, kamerastelsel:** Plaasaanvalle en huisinbrake kom voor, met wild- en veediefstal wat 'n algemene probleem is. Om die veiligheidsituasie te verbeter, is kameras opgerig om plaaseienaars vroegtydig bewus te maak van 'n moontlike bedreiging, waardeur die inligting met behulp van die uitgebreide radio-netwerk versprei kan word.

- **Potgietersrus Distrikslandbou-unie, kamerastelsel:** Die distrikslandbou-unie is 'n lid van TLU SA en misdaad in die gebied het dramaties toegeneem, veral diefstalle. Plaasaanvalle kom voor, met 'n dramatiese toename in renosterstropery. Die polisie steun op die gemeenskap se samewerking in misdaadbekamping.

## MPUMALANGA

In dié provinsie is die volgende projek finansieel ondersteun:

- **Delmas Distrikslandbou-unie, kamera- en kommunikasiestelsel:** Die gebied is onderhewig aan algemene diefstal, diefstal van motorvoertuie, gewapende roof en inbrake by residensiële wonings, kwaadwillige saakbeskadiging en veediefstal. Befondsing is bewillig vir die aankoop van kameras om die gebied te monitor, asook radio's vir die plaaswaggroepe.

## Prestige Sportaand

OFM en die onderskeie borge (Senwes en NWK) van die Prestige Sportaand het besluit om nie gedurende die verslagjaar voort te gaan met die aanbied van die funksie nie. Die borge en OFM het besluit om hul borgskap van die funksie direk aan die Trustfonds te bewillig. Die oorhandiging van die tjek het saamgeval met Agri SA se kongres in Oktober 2018.

## FONDSINSAMELINGSGELEENTHEDE

Die volgende fonsinsamelingsinisiatiewe is die afgelope jaar geloods:

- 'n Suksesvolle gholfdag met Senwes en NWK as hoofborge is gedurende Oktober 2018 by Pecanwood-gholfbaan gehou. Die dag het 'n surplus van nagenoeg R153 000 opgelewer.
- Monsanto het tydens Agri SA se 2018-kongres mieliesaad ter waarde van R1 miljoen bewillig aan die Trustfonds. Onderhandelinge met Obaro is tans onderweg om die saad oor te neem.
- Santam Landbou het 'n donasie van R250 000 aan die Trustfonds gemaak.
- Die Wagyu Beestelersgenootskap het tydens 'n gala-geleentheid 'n fondsinsamelingsprojek geloods en die fondse wat tydens die geleentheid ingesamel is, is aan die Trustfonds bewillig.

## BEMARKINGSPLAN

Die Raad het tydens die jaar oorweging geskenk aan 'n bemarkingsplan, waardeur beoog word om die profiel van die Trustfonds as 'n eie onafhanklike entiteit te vestig, asook die versterking van die Trustfonds se inkomste vir aanwending in landelike beveiligingsprojekte. As deel van die strewe om 'n eie identiteit te vestig, is 'n nuwe handelsmerk en slagspreuk ontwikkel. Om die werk van die Trustfonds verder aan die publiek bekend te stel, is 'n advertensie vervaardig wat op Saterdag, 22 September 2018 op Ontbytsake uitgesaai is.

> *“**Om die werk van die Trustfonds verder aan die publiek bekend te stel, is 'n advertensie vervaardig wat op Saterdag, 22 September 2018 op Ontbytsake uitgesaai is.**”*

## DIE TRUSTFONDS SE VENNOTE

Sanlam, Nissan SA, Vodacom en CrisisOnCall is die vennote van die Trustfonds. Hulle maak op 'n deurlopende basis finansiële bydraes tot die fonds. Hierdie strategiese vennootskappe stel die Trustfonds in staat om voort te gaan om 'n pro-aktiewe rol in landelike veiligheid te speel. Die voorsitter van die Trustfonds en medetrustees het besondere waardering vir hierdie maatskappye se meelewing en voortgesette betrokkenheid by die veiligheid van die boerderygemeenskap.

AGRI SECURITAS

TrustFund | Trustfonds | 6461/01

PROTECTING THE FARMING COMMUNITY

BESKERM DIE BOERDERYGEMEENSKAP



# PERSONEEL

**Die Agri SA-personeelkorps staan tans op** 29 permanente werkers.

Juandre du Toit verlaat Agri SA se diens in Februarie 2019, en Jurita van Zyl en Phumi Seopa in Maart 2019. Jeanett Ntimbane word in Junie 2019 permanent as skoonmaker aangestel in Phumi Seopa se plek. Mihlali Xhala word permanent aangestel as projek-assistent in die kantoor van Christo van der Rheede.


Jolanda Andrag word bevorder na die hoof van die kommoditeitskamer vanuit haar vorige rol as sosio-ontwikkelingsamptenaar in die Transformasie-hub.

Agri SA het tussen November 2018 en April 2019 gebruik gemaak van 'n aanlynkursus-produk waar personeel verskeie werkverwante kursusse via die internet kon voltooi. Agri SA se personeel het daarin geslaag om 89 kursusse te voltooi in die sesmaande-tydperk.

Tydens 2018 het beide Pietman Roos en Jahni de Villiers hul LLM-grade voltooi. Gregory Smith en Nel Coetzee het die Agri-bestuur- en Mentorskap- kursus by die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Jolanda Andrag verwerf die graad MA politieke wetenskap.

Deur die finansiële ondersteuning van die Sasol Trust kon Agri SA weer vanjaar vier internskappe skep. Moleboheng Sekonyela en Yolandi van der Merwe sluit in Augustus 2018 onderskeidelik by Menslikehulpbronnebestuur en Finansies, asook by die Natuurlike Hulpbronne Sentrum van Uitnemendheid aan. Mmatebogo Sekhoela sluit in Mei 2019 by die Kommunikasie-afdeling en Korporatiewe kamer aan. Nel Coetzee het reeds 1 Julie 2018 as intern by Ekonomie en Handel aangesluit.






## ONDERSTEUNENDE FUNKSIES

**Jana Robinson:**
1. Dan Kriek
2. Phenias Gumede
3. Pierre Vercueil
4. Agri SA Direksie
5. Omri van Zyl

**Cynthia Mmela**
1. Ontvangs
2. Jahni de Villiers
3. Requier Wait
4. Annelize Crosby
5. Vlugreëlings

**Anneke Roux**
1. Kobus Visser
2. Janse Rabie
3. Annelize Crosby

## AANTAL PERSONEEL

| | |
|---|---|
| **Permanente personeel** | **29** |
| **Interns** | **4** |
| **Kontrakteurs** | **1** |

# IN MEMORIAM

Agri SA bring hulde aan lede wat oor die afgelope jaar heengegaan het en betuig sy innige meegevoel met hulle naasbestaandes.

Agri SA wil spesiaal melding maak van landbouers, hulle gesinslede en plaaswerkers wat die afgelope jaar as gevolg van geweldsmisdade gesterf het. Die organisasie wil die naasbestaandes van sy opregte meegevoel verseker.



## Erepresidente

2018: Mnr J D (Johannes) Möller
2009: Mnr L L (Lourie) Bosman
2005: Mnr J E (Japie) Grobler
2001: Mnr C J (Chris) du Toit
1996: Mnr J J (Boet) Fourie
1991: Mnr J (Nico) Kotzé
1989: Mnr J A (Kobus) Jooste
1985: Mnr J (Jaap) Wilkens
1973: Dr De la Harpe de Villiers
1956: Dr G J (Giepie) Rossouw

## Erevise-Presidente

1980: Mnr A J (Albert) Basson
1972: Mnr J F (Jannie) van Wyk
1966: Mnr J G (Kobus) Grobler

## Eretoekennings by wyse van oorkondes

2018: Mnr C B (Carl) Opperman
Mnr H J (Henk) Vermeulen
Regter A (Antonie) Gildenhuys
Mnr T (Thinus) Ferreira
Mnr (Borrie) Erasmus
Mnr S J (Wiehahn) Victor
Mnr F (Francois) van der Merwe
Dr T (Theo) de Jager
Mr J D (Johannes) Möller

2017: Mnr G (Gideon) Anderson
Mnr C (Charl) Senekal
Dr J H (Jan) Visser
Mnr J S (Johan) Pienaar
Mnr N M P (Nic) Opperman
Me H E (Elize) van der Westhuizen

2016: Mnr L S (Louw) Steytler
Mnr S F (Simon) Streicher
Mnr S (Salam) Abram

2015: Mnr C W P (Cor) Jansen van Vuuren
Mnr H B (Hennie) Laas
Mnr J H (Harry) Prinsloo
Prof M (Mohammad) Karaan
Mnr J F (Hans) van der Merwe

2014: Mnr P P J (Johan) van Rensburg
Mnr C K (Neels) Ferreira
Me L (Lillibeth) Moolman
Dr L (Leon) van Rooyen
Me N (Ntombi) Msimang – Postuum

2013: Mnr L (Louw) Steytler
Mnr J A (Kosie) Loubser
Mnr A P (André) Botha
Mnr R K (Robert) Barnsley

2012: Mnr W J (Wessel) van der Merwe
Mnr A (Andries ) Beyers
Mnr J A (Koos) Pienaar

2011: Mnr C (Stoffel) Lombard
Mnr C J (Cerneels) Pietersen

2009: Mnr J E (Edward) Vorster
Mnr A C (Christof) Cloete

2008: Mnr H F (Koos) van Zyl
Mnr P J (Philé) van Zyl
Mnr J (Koot) Claassen
Sanlam
Vodacom

2007: Mnr P W (Pieter) Möller
Mnr W (Willie) Auret – Postuum

2006: Mnr H J (Bully) Botma
Dr J G (John) Williams
Mnr M W (Walter) Ntuli
Mnr P C P (Pieter) Meyer
Mnr A F (Riaan) van Wyk
Dr N (Neil) Theron - Postuum

2005: Mnr H J (Bully) Botma
Mnr I J (Izak) van der Merwe
Mnr W (Wilco) Beukes
Mnr J L (Jan) van der Walt
Barloworld Motor

2004: Mnr W A (Willie) Fourie
Mnr J J (Kiewiet) Ferreira
Vrystaat Landbou (Eeufeesjaar)
T&E FinOps

2003: Mnr H (Bokkie) van der Merwe
Mnr B P (Pieter) Erasmus
Mutual & Federal
Smartcom
Total SA
Land Bank
ABSA
Omnia

2002: Mnr J E (Japie) Grobler
Mnr C B (Bertie) van Zyl
Nissan SA

2001: Mnr G J (Giel) van Zyl

1998: Mnr C G (Charles) van Veijeren
Mnr C J (Cerneels) Claassen
Suid-Afrikaanse Droëvrugtekoöperasie (SAD)

1997: Transvaalse Landbou-unie (Eeufees)

1996: Mnr F J (Fanie) Hugo
Dr A I (Kraai) van Niekerk

1995: Mnr P H (Piet) Swart
Mnr G S (Gert) Bosch

1991: Mnr A B (Andries) van der Merwe
Dr A S (Japie) Jacobs
Natalse Landbou-unie (Eeufees)

1990: Mnr J E (Francis) Krone

1988: Mnr J J M J (Jan) van Vuuren
Mnr T D de K (Theunis) Pienaar
Dr A J (André) du Toit

1987: Mnr H J S (Hendrik) Schoeman

1985: Mnr D C (Donald) Sinclair
Mnr F P R (Frans) van Wijk
Mnr L C R (Louis) Bührman
Mnr C J P (Chris) Cilliers

## Eretoekennings by wyse van goue lapelwapen

2018: Dr T (Theo) de Jager
Mnr F (Francois) van der Merwe

2017: Mnr C (Charl) Senekal
Dr J H (Jan) Visser
Mnr J S (Johan) Pienaar
Mnr N M P (Nic) Opperman
Me H E (Elize) van der Westhuizen

2016: Mnr L S (Louw) Steytler
Mnr S F (Simon) Streicher
Mnr S (Salam) Abram

2015: Prof M (Mohammad) Karaan
Mnr J F (Hans) van der Merwe

2014: Mnr P P J (Johan) van Rensburg
Mnr S J (Wiehahn) Victor
Dr L (Leon) van Rooyen
Mnr C J (Chris) du Toit
Mnr J J (Boet) Fourie

2013: Mnr L (Louw) Steytler
Mnr J A (Kosie) Loubser
Mnr A P (André) Botha
Mnr R K (Robert) Barnsley

2012: Mnr J D (Johannes) Möller
Mnr I (Isak) van der Merwe
Mnr C K (Neels) Ferreira
Mnr J E (Japie) Grobler
Mnr L L (Lourie) Bosman
Mnr W J (Wessel) van der Merwe
Mnr A (Andries) Beyers
Mnr J A (Koos) Pienaar

**Binne die struktuur van Agri SA berus die hoogste gesag by die kongres wat gedurende die verslagjaar soos volg saamgestel is:**

## AMPSDRAERS

President
Adjunk-presidente
Voorsitter van Agri SA se Algemene Sakekamer
Voorsitter van Agri SA se Bedryfskamer
Voorsitter van Agri SA se Korporatiewekamer

## AGRI SA ALGEMENE SAKEKAMER (67)

| | |
|---|---|
| Vrystaat Landbou | 13 |
| Agri Wes-Kaap | 12 |
| Agri Noord-Kaap | 11 |
| Agri Oos-Kaap | 10 |
| Kwanalu | 8 |
| Agri Noordwes | 7 |
| Mpumalanga Landbou | 3 |
| Agri Gauteng | 1 |
| Agri Limpopo | 2 |

## KORPORATIEWE KAMER (14)

| | |
|---|---|
| ABInBev | 2 |
| BATSA | 2 |
| GWK | 1 |
| Laeveld Agrochem | 1 |
| Nedbank | 2 |
| Obaro | 1 |
| Pro Agri Forum | 1 |
| RSA | 1 |
| Santam | 1 |
| Woolworths | 2 |

## AGRI SA BEDRYFSKAMER (51)

**Akkerbou**

| | |
|---|---|
| Graan Suid-Afrika | 13 |
| Suid-Afrikaanse Suikervereniging | 4 |
| Tabakinstituut van Suider-Afrika | 2 |
| Droëbone Produsente Organisasie | 1 |
| Katoen Suid-Afrika | 1 |
| Forestry South Africa Medium Grower's Group | 1 |

**Diereproduksie**

| | |
|---|---|
| Melkprodusente-organisasie | 3 |
| Rooivleis Produsente Organisasie | 3 |
| Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid-Afrika | 2 |
| SA Varkvleisprodusente-organisasie | 2 |
| Wildbedryf SA | 2 |
| Suid-Afrikaanse Sybokhaarkwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Volstruisbesigheidskamer | 1 |
| Akwakultuur SA | 1 |

**Tuinbou**

| | |
|---|---|
| Suid-Afrikaanse Vrugtebedryf | 2 |
| Vinpro | 3 |
| Suid-Afrikaanse Tafeldruifindustrie | 2 |
| Tamatieprodusente-organisasie | 2 |
| Suid-Afrikaanse Knoffelkwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Kwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Subtropiese Kwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Piesangkwekersvereniging | 1 |
| Suid-Afrikaanse Rooibosraad | 1 |

Agri SA het verteenwoordiging in talle amptelike strukture en strukture van die private sektor.

| AMPTELIKE STRUKTURE | VERTEENWOORDIGER(S) |
|---|---|
| **Presidensiële Advieskomitee** | Dan Kriek |
| **AgriSEB-handvesraad**<br>- SEB Adviesraad | Christo van der Rheede<br>Jahni de Villiers |
| **AgriSETA** | Neil Hamman<br>Christo van der Rheede |
| **Departement in die Presidensie**<br>- Prestasiemonitering en evaluasie - Werkgroep oor Landelike-ontwikkeling (Uitkoms 6) | Omri van Zyl |
| **Departement van landbou, bosbou en visserye (Daff)**<br>- National Agriculture Disaster Risk Management Committee (NADRMCO)<br>- Nasionale Droogte-taakspan<br>- Fire Working Group<br>- Forum vir Hoof-uitvoerende Beamptes in die Landbou-sektor (CEO Forum)<br>- Landbouhandelsforum (LHF)<br>- Nasionale Landbounavorsingsforum (NARF)<br>- Nasionale Dieregesondheidsforum<br>- Nasionale Landbou-onderwys en Opleidingforum<br>- Minister se Diensleweringforum<br>- Agri Phakisa<br>- Natural Resources Inventories and Assessment Working Group | Willem Symington<br>Willem Symington<br>Willem Symington<br>Omri van Zyl<br>Martina Benadé<br>Niël Joubert<br>Dr Kathy Hurly<br>Martina Benadé<br>Christo van der Rheede<br>Christo van der Rheede<br>Christo van der Rheede<br>Janse Rabie<br>Gregeory Smith |
| **Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac)**<br>- Arbeidsmarkkamer<br>- Ontwikkelingskamer<br>- Handel-en-Nywerheidskamer | Jahni de Villiers<br>Jahni de Villiers<br>Dr Requier Wait |
| **Nasionale Prioriteitskomitee oor Landelike Beveiliging (JOINTS)** | Kobus Visser |
| **Departement van water en sanitasie**<br>- Water Sektor Leierskap Groep | Janse Rabie<br>Gregory Smith |
| **Waternavorsingskommissie (WNK)** | Janse Rabie<br>Gregory Smith |
| **Nasionale Minimumloon Kommissie** | Jahni de Villiers |
| **National Non-Ferrous Metals Crime Combating Committee (NFMCCC)** | Tommie Esterhuyse<br>Kobus Visser |

| PRIVATE STRUKTURE | VERTEENWOORDIGERS |
|---|---|
| **Besigheideenheid Suid-Afrika (Busa)**<br>- Ekonomiese- en Handelsbeleidkomitee<br>- Maatskaplike Beleidskomitee en Subsektor Onderwys en Opleidingskomitee<br>- Omgewingsake-werkgroep<br>- Handel, Vervoer en Logistieke subkomitee<br>- Energie Subkomitee | <br>Dr Requier Wait<br>Jahni de Villiers<br><br>Janse Rabie<br>Dr Requier Wait<br>Dr Requier Wait |
| **Landbousektorvoorsorgfonds** | Boeta du Toit<br>Pietman Roos |
| **Agri-sector Unity Forum (Asuf)** | Phenias Gumede |
| **Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel & Nywerheid (SACCI)**<br>- Koperdiefstal-werkgroep | <br>Kobus Visser |
| **Nasionale Veediefstalforum** | Sarel Pretorius |
| **Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee vir Besproeiing en Dreinering (SANCID)** | Janse Rabie<br>Gregory Smith |
| **Environmental Lawyers Association** | Janse Rabie |
| **Strategic Water Partners Network Forum (SWPN)** | Janse Rabie<br>Gregory Smith |

| INTERNASIONALE STRUKTURE | VERTEENWOORDIGERS |
|---|---|
| **Suid-Afrikaanse-tak van die Internasionale Kamer van Koophandel & Nywerheid** | Omri van Zyl |
| **Suider-Afrikaanse Konfederasie van Landbou-unies (SACAU)** | Phenias Gumede |
| **World Farmers' Organisation (WFO)**<br><br>- Koöperasie-werkgroep | Dan Kriek<br>Omri van Zyl<br>Omri van Zyl |

## Staat van finansiële posisie op 30 April 2019

| | Aantekening | 2018/2019 | 2017/2018 |
|---|---|---|---|
| **Ekwiteit en Aanspreeklikhede** | | | |
| KAPITAAL EN RESERWES | 1 | 215,840,385 | 216,406,613 |
| | | **215,840,385** | **216,406,613** |
| **Aanwending van Kapitaal** | | | |
| NIE - BEDRYFSBATES | 2 | 45,977,903 | 45,787,392 |
| BELEGGINGS EN LENINGS | 3 | 170,931,413 | 168,158,658 |
| NETTO BEDRYFSBATES | | (1,068,931) | 2,460,563 |
| Bedryfsbates | 4 | 9,439,294 | 10,020,385 |
| Bedryfslaste | 5 | (10,508,225) | (7,559,822) |
| | | **215,840,385** | **216,406,613** |

### Aantekeninge tot die Staat van Finansiële Posisie op 30 April 2019

| | 2018/2019 | 2017/2018 |
|---|---|---|
| **1 Kapitaal en Reserwes** | 215,840,385 | 216,406,613 |
| Reserwes | 33,771,264 | 33,729,580 |
| Opgehoopte inkomste | 182,069,121 | 182,677,033 |
| **2 Nie - Bedryfsbates** | 45,977,903 | 45,787,392 |
| Vaste eiendom | 44,880,900 | 44,870,900 |
| Motorvoertuie | 64,078 | 64,078 |
| Meubels en toebehore | 674,973 | 515,277 |
| Kantoortoerusting | 65,604 | 62,862 |
| Rekenaartoerusting | 111,291 | 162,121 |
| Elektroniese toerusting | 170,797 | 101,894 |
| Handelsmerk | 10,260 | 10,260 |
| **3 Beleggings en Lenings** | 170,931,413 | 168,158,658 |
| Sanlam Aandele | 147,339 | 149,650 |
| SA Reserwebank Aandele | 8,000 | 9,990 |
| Sanlam Belegging | 170,776,074 | 167 999 018 |
| **4 Bedryfsbates** | 9,439,294 | 10,020,385 |
| Debiteure en ander ontvangstes | 3,274,103 | 4,317,486 |
| Kontant- en kontant-ekwivalente | 6,156,791 | 5,688,899 |
| Voorraad | 8,400 | 14,000 |
| **5 Bedryfslaste** | 10,508,225 | 7,559,822 |
| Krediteure en ander betalings | 2,086,164 | 3,117,741 |
| Voorsienings | 1,485,116 | 1,555,112 |
| Ander laste | 6,936,945 | 2,886,969 |

## Agri SA Uitgebreide Inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 April 2019

| | 2018/2019 | 2017/2018 |
|---|---|---|
| **AGRI SA-ADMINISTRASIE** | | |
| Inkomste | 18,291,734 | 16,610,587 |
| Min: Uitgawes | (31,833,159) | (32,870,179) |
| **Bedryfsurplus / (tekort)** | **(13,541,425)** | **(16,259,592)** |
| Plus: Rente en dividende | 9,607,650 | 7,693,649 |
| * Gerealiseerde en ongerealiseerde inkomste | 2,002,615 | 4,437,623 |
| **Uitgebreide surplus / (tekort)** | **(1,931,160)** | **(4,128,320)** |
| **AGRI-TYDSKRIF** | | |
| Inkomste | 2,898,022 | 5,012,331 |
| Min: Uitgawes | (3,443,092) | (4,627,043) |
| Bedryfsurplus / (tekort) | **(545,070)** | **385,288** |
| **INKWAZI-GEBOU** | | |
| Inkomste | 5,222,279 | 5,129,567 |
| Min: Uitgawes | (3,353,961) | (4,144,150) |
| Bedryfsurplus / (tekort) | **1,868,318** | **985,417** |
| Herwaardasie van gebou | - | 3,768,630 |
| **Netto surplus / (tekort)** | **1,868,318** | **4,754,047** |
| **Surplus / (Tekort)** | **(607,912)** | **1,011,015** |
| Finansiële bate-regstellings vir verkoop | **-** | (5,283,654) |
| **Totale uitgebreide surplus / (tekort)** | **(607,912)** | **(4,272,639)** |

## Nota:

* Die rekeningkundige beleid het in 2018/2019 verander deur gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese in 'n enkellyn-item in die Inkomstestaat te toon. Die vorige jaar se syfers is nie aangepas nie.

## Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig op 30 April 2019

| | 2018/2019 | 2017/2018 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | |
| Kontant ontvang van klante | 12,256,345 | 26,747,453 |
| Kontant betaal aan verskaffers en werknemers | (22,603,183) | (41,185,147) |
| Kontant gebruik vir bedryfsaktiwiteite | (10,346,838) | (14,437,694) |
| Rente en dividende-inkomste | 9,703,361 | 7,760,474 |
| **Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(643,477)** | **(6,677,220)** |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | |
| Aankoop van eiendom, masjinerie en toerusting | (292,965) | - |
| Verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | 1,398 | 2,099 |
| Aankoop van beleggingseiendom | (10,000) | |
| Beweging van finansiële bates | (2,772,755) | 4,308,609 |
| Herwaardasie van beleggingseiendom | - | 3,768,630 |
| **Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | **(3,074,322)** | **8,079,338** |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | |
| Terugbetaling van ander finansiële laste | 135,715 | - |
| Beweging in ander laste | 4,049,976 | (2,774,488) |
| **Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite** | **4,185,691** | **2,774,488** |
| Totale kontantbeweging vir die jaar | **467,892** | **4,176,606** |
| Kontant aan die begin van die jaar | 5,688,899 | 1,512,293 |
| **Totale kontant aan die einde van die jaar** | **6,156,791** | **5,688,899** |


AGRI SA KONGRES 2019
10 & 11 Oktober 2019
AGRI SA
Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse
LANDBOU-OMGEWING
in die era van die
4DE INDUSTRIËLE REVOLUSIE
PLEK
Maslow Time Square, Pretoria
BORG GELEENTHEDE
aloise@agrisa.co.za


Dis ’n nuwe dag op die plaas.
Nes jy, was ons reeds op voor sonopkoms.
BAYER
Dis harde werk.
Jy staan vroeg op, werk laat en jy is konstant besig om nuwe maniere te soek om die meeste uit elke hektaar te kry. Jy is nie alleen nie. Die mense by Bayer is daar saam met jou, besig om aan beter maniere te werk om te groei.
Science for a better life
Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa
Twitter: @bayer4cropssa
Bayer (Edms.) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07
Wrenchweg 27, Isando, Suid-Afrika, 1601.
Posbus 143, Isando, 1600. Tel: +27 11 921 5002
www.cropscience.bayer.co.za /// www.bayer.co.za
uppe marketing A20924/A


CORTEVA™ AGRISCIENCE IS A BRAND-NEW AGRICULTURE COMPANY WITH OVER 200 YEARS OF EXPERIENCE.
Built on the rich heritage of Dow Agrosciences, DuPont Crop Protection, Pioneer Hibred and PANNAR, we deliver innovative, farmer-first solutions to maximise every hectare. Enabling farmers to get the most out of every season.
We invest with the farmer in mind: building a future for generations to come.
KEEP GROWING.
CORTEVA™ agriscience
TM, ®, SM Trademarks and service marks of Dow AgroSciences, DuPont or Pioneer, and their affiliated companies or their respective owners.
www.corteva.com



## GWK Trading

Ons kry vir elke produk 'n mark. Nasionaal en internasionaal.



## GWK Farm Foods

Almal wil weet waar hul kos vandaan kom.
Ons produkte het hul oorsprong op die plaas.



## GWK Agri

Alles wat jy nodig het op die plaas om van
jou boerdery 'n besigheid te maak.

**Ons mense voed mense**

Die ware toekoms van landbou is nie in die groei van plante en diere nie; dit is om ons boere se besighede te groei. Ons ondersteun elke besluit oor elke aspek van boerdery, hetsy dit op die plaas, tydens die verhandeling van produkte of die kos op jou bord is.

**Skakel ons by 053 298 8200**

**gwk.co.za**

GWK
innoveer landbou

KINGJAMES 34356A

# VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.




Die moderne boer staar talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering.
**Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.**
**Santam. Regte, egte versekering.**

santam landbou

Santam is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).